*(g)* ooreenstemming van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk met die ontwikkelingsplanne en strategieë van ander geraakte munisipaliteite en ander staatsorgane verseker soos beoog in artikel 24(1) van die Munisipale Stelselswet;

*(h)* die integrering van ander sektorplanne in die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk fasiliteer; en

*(i)* indien die Raad 'n interregeringsloodskomitee instel—

(i) die Raad bystaan met die instelling van die interregeringsloodskomitee en die nakoming van tydsraamwerke; en

(ii) die vloei van inligting tussen die projekkomitee en die interregeringsloodskomitee verseker.

(2) Die lede van die interregeringsloodskomitee moet—

*(a)* die volgende aan die interregeringsloodskomitee verskaf of lewer:

(i) tegniese kennis en kundigheid;

(ii) insette oor uitstaande inligting wat benodig word om die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saam te stel of 'n wysiging daarvan op te stel;

(iii) inligting oor begrotingstoewysings;

(iv) inligting oor en die ligging van enige huidige of beplande projekte wat 'n impak op die munisipale gebied het; en

(v) skriftelike kommentaar ingevolge artikel 6; en

*(b)* skriftelike kommentaar ingevolge artikel 6 aan die Direkteur verskaf.

**Plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerke**

**9.** (1) Die munisipaliteit kan 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk vir 'n bepaalde geografiese gebied in 'n gedeelte van die munisipale gebied aanneem.

(2) Die doel van 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk is om, vir 'n bepaalde geografiese gebied—

*(a)* uitvoerige riglyne vir ruimtelike beplanning te verskaf;

*(b)* meer besonderhede te verskaf ten opsigte van 'n voorstel waarvoor daar in die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk voorsiening gemaak word;

*(c)* in bepaalde grondgebruikbehoeftes te voorsien;

*(d)* uitvoerige beleid en aanbevole ontwikkelingsparameters vir grondgebruikbeplanning te verskaf;

(e) provide detailed priorities in relation to land use planning and, in so far as they are linked to land use planning, biodiversity and environmental issues; and

(f) guide decision-making on land use applications.

**Compilation, adoption, amendment or review of local spatial development frameworks**

**10.** (1) If the municipality compiles, amends or reviews a local spatial development framework, it must adopt a process plan, including the public participation processes to be followed for the compilation, amendment, review or adoption of a local spatial development framework.

(2) The municipality must, within 21 days of adopting a local spatial development framework or an amendment of a local spatial development framework, publish a notice of the decision in the media and the *Provincial Gazette*.

**Status of local spatial development frameworks**

**11.** (1) A local spatial development framework or an amendment thereof comes into operation on the date of publication of the notice contemplated in section 10(2).

(2) A local spatial development framework guides and informs decisions made by the municipality relating to land development, but it does not confer or take away rights.

**Structure plans**

**12.** (1) If the municipality intends to convert a structure plan to a local spatial development framework, the municipality must comply with sections 9 to 11 and must—

(a) review that structure plan and make it consistent with the purpose of a local spatial development framework contemplated in section 9(2); and

(b) incorporate the provisions of the structure plan that are consistent with that purpose in the local spatial development framework.

(2) The municipality must, in terms of section 16(4) of the Land Use Planning Act, withdraw the relevant structure plan by notice in the *Provincial Gazette* when it adopts a local spatial development framework contemplated in subsection (1).

## CHAPTER III

## DEVELOPMENT MANAGEMENT SCHEME, USE ZONES, LAND USES AND ZONINGS

**Application of scheme**

**13.** The Development Management Scheme applies to the entire Swartland municipal area and forms an integral part of this By-Law.

**Purpose of scheme**

**14.** The purpose of the Development Management Scheme includes—

(a) giving effect to the municipal spatial development framework;

(b) making provision for orderly development and the welfare of the community; and

(c) the regulation of use rights and control of the use of land;

(d) the facilitation of the implementation of policies and principles set out in relevant spatial development frameworks and binding policies and principles set out in and in terms of national and provincial legislation;

(e) facilitation of efficient, economic and sustainable use of land;

(f) protection of areas with an environment which could be substantially adversely affected by development;

(g) other purposes prescribed by national or provincial legislation; and

(e) uitvoerige prioriteite met betrekking tot grondgebruikbeplanning en, vir sover dit by grondgebruikbeplanning inskakel, biodiversiteit en omgewingskwessies te verskaf; en

(f) besluitneming oor grondgebruikaansoeke te lei.

**Samestelling, aanneming, wysiging of hersiening van plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerke**

**10.** (1) Indien die munisipaliteit 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk saamstel, wysig of hersien, moet hy 'n prosesplan aanneem, met inbegrip van die prosesse vir openbare deelname wat gevolg staan te word vir die samestelling, wysiging, hersiening of aanneming van 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk.

(2) Die munisipaliteit moet binne 21 dae vanaf die aanneming van 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of die wysiging van 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk 'n kennisgewing van die besluit in die media en die *Provinsiale Koerant* publiseer.

**Status van plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerke**

**11.** (1) 'n Plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of 'n wysiging daarvan tree in werking op die datum van publikasie van die kennisgewing beoog in artikel 10(2).

(2) 'n Plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk lei en lê ten grondslag aan besluite wat deur die munisipaliteit geneem word in verband met grondontwikkeling, maar dit verleen nie regte of neem regte weg nie.

**Struktuurplanne**

**12.** (1) Indien die munisipaliteit van voorneme is om 'n struktuurplan in 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk te omskep, moet die munisipaliteit aan artikels 9 tot 11 voldoen en—

(a) daardie struktuurplan hersien en dit bestaanbaar maak met die doel van 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk beoog in artikel 9(2); en

(b) die bepalings van die struktuurplan wat met daardie doel bestaanbaar is by die plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk insluit.

(2) Die munisipaliteit moet ingevolge artikel 16(4) van die Wet op Grondgebruikbeplanning die tersaaklike struktuurplan deur middel van kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* onttrek, wanneer hy 'n plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerk beoog in subartikel (1) aanneem.

## HOOFSTUK III

## ONTWIKKELINGSBESTUUR SKEMA, GEBRUIKSONES, GEBRUIKE EN SONERINGS

**Toepassing van skema**

**13.** Die soneringskema is op die hele Swartland munisipale gebied van toepassing en vorm 'n integrale deel van hierdie verordening.

**Doel van skema**

**14.** Die doel van die soneringskema sluit in—

(a) om uitvoering te gee aan die munisipaliteit se raamwerk vir ruimtelike ontwikkeling;

(b) om voorsiening te maak vir ordelike ontwikkeling en die welsyn van die gemeenskap;

(c) die regulering van gebruiksregte en beheer oor grondgebruik;

(d) fasilitering van die implementering van beleide en beginsels soos uiteengesit in toepaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerke en bindende beleide en beginsels uiteengesit en ingevolge nasionale en provinsiale wetgewing;

(e) fasilitering van effektiewe, ekonomiese en volhoubare gebruik van grond;

(f) beskerming van gebiede met 'n omgewing wat wesenlik nadelig beïnvloed kan word deur ontwikkeling;

(g) ander doeleindes deur nasionale of provinsiale wetgewing voorgeskryf; en

*(h)* determination of use rights and development parameters, with due consideration of the principles referred to in Chapter VI of the Land Use Planning Act.

**Components of the scheme**

**15.** The Development Management Scheme consists of the following components:

*(a)* this By-Law;

*(b)* the zoning map; and

*(c)* the register.

**Use zones**

**16.** (1) The municipal area is divided in the use zones referred to in column 1 of Table A set out in Schedule 2.

(2) The purpose of each use zone is set out in column 1 of Table A.

(3) The description of the primary and consent uses applicable to each use zone is set out in Table B.

(4) The location, boundaries and extent of each use zone is depicted on the zoning map.

(5) The primary and consent uses applicable to each use zone are subject to the development parameters specified for that use zone as set out in Schedule 2.

**Zoning map**

**17.** (1) The zoning map depicts—

*(a)* the zoning of land in accordance with the use zone in which the land is located; and

*(b)* overlay zones, if applicable to the land.

(2) The municipality must update the Development Management Scheme map within a reasonable time after use rights have been granted or have lapsed.

(3) The municipality may keep the zoning map in an electronic format.

(4) The municipality may provide an extract of the zoning map to members of the public on payment of a fee determined by the municipality in terms of the municipality's tariff policy.

**Preparation and approval of new zoning map**

**18.** (1) The municipality must give notice of a draft zoning map.

(2) The notice must be published in newspapers with general circulation in the area concerned in at least two of the official languages of the Province most widely spoken in the municipal area and must—

*(a)* invite persons interested in, or affected by, the draft zoning map to submit written comments within a period of not less than 30 days from the date on which the notice was given;

*(b)* state the name and contact details of the person to whom the comments must be addressed and where the draft zoning map can be obtained; and

*(c)* state that any person who is unable to write may, during the municipality's office hours, attend at any address stated in the notice where a named staff member of the municipality will assist that person to transcribe that person's comments.

(3) A zoning map may be approved by the municipality with or without amendments.

(4) A zoning map takes effect when notice of its approval is published in the *Provincial Gazette* or on a future date as may be determined in the notice.

(5) Subsequent amendments to the map to reflect additional use rights granted or use rights that have lapsed are not published in the *Provincial Gazette*.

*(h)* om gebruiksregte en ontwikkelingsparameters te bepaal, met die nodige inagneming van die beginsels waarna in Hoofstuk VI van die Wet op Grondgebruiksbeplanning verwys word.

**Komponente van die skema**

**15.** Die soneringskema bestaan uit die volgende komponente:

*(a)* hierdie verordening;

*(b)* die soneringskaart; en

*(c)* die register.

**Gebruiksones**

**16.** (1) Die munisipale gebied word verdeel in die gebruiksones waarna in kolom 1 van Tabel A, soos uiteengesit in Skedule 2, verwys word.

(2) Die doel van elke gebruiksone word in kolom 1 van Tabel A uiteengesit.

(3) Die beskrywing van die primêre en vergunningsgebruik wat op elke sone van toepassing is, word in Tabel B uiteengesit.

(4) Die ligging, grense en omvang van elke gebruiksone word op die soneringskaart aangedui.

(5) Die primêre en vergunningsgebruik wat op elke gebruiksone van toepassing is, is onderworpe aan die ontwikkelingsparameters wat vir daardie gebruiksone gespesifiseer word, soos uiteengesit in Skedule 2.

**Soneringskaart**

**17.** (1) Die soneringkaart beeld die volgende uit—

*(a)* die sonering van grond in ooreenstemming met die gebruiksone waarbinne die grond geleë is; en

*(b)* oorlegsones, indien van toepassing op die grond.

(2) Die munisipaliteit moet die soneringskaart bywerk binne 'n redelike tyd nadat gebruiksregte toegestaan is of verstryk het.

(3) Die munisipaliteit mag die soneringskaart in 'n elektroniese formaat hou.

(4) Die munisipaliteit mag 'n uittreksel van die soneringskaart aan lede van die publiek verskaf na betaling van 'n fooi wat ingevolge die munisipaliteit se tariefbeleid deur die munisipaliteit bepaal is.

**Voorbereiding en goedkeuring van nuwe soneringskaart**

**18.** (1) Die munisipaliteit moet kennis gee van 'n konsepsoneringskaart.

(2) Die kennisgewing moet in minstens twee van die amptelike tale van die Provinsie wat die algemeenste gebruik word, in koerante met 'n algemene sirkulasie in die betrokke gebied gepubliseer word en moet—

*(a)* persone wat in die soneringskaart belangstel of wat daardeur geraak word, uitnooi om skriftelike kommentaar in te dien binne 'n tydperk van nie minder as 30 dae van die datum waarop kennis gegee is nie;

*(b)* die naam en kontakbesonderhede verstrek van die persoon aan wie die kommentaar gerig moet word en waar die konsepsoneringskaart verkry kan word; en

*(c)* vermeld dat enige persoon wat nie kan skryf nie gedurende kantoorure na 'n adres vermeld in die kennisgewing kan kom waar 'n werknemer van die munisipaliteit daardie persoon sal bystaan om sy of haar kommentaar op skrif te stel.

(3) 'n Soneringskaart kan met of sonder wysigings deur die munisipaliteit goedgekeur word.

(4) 'n Soneringskaart tree in werking wanneer kennisgewing van die goedkeuring daarvan in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer word of op 'n datum in die toekoms soos wat in die kennisgewing bepaal word.

(5) Latere wysigings tot die kaart om addisionele gebruiksregte wat toegestaan is of gebruiksregte wat verstryk het te weerspieël, word nie in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer nie.

**Rectification of errors on the zoning map**

**19.** (1) If the zoning of a land unit is incorrectly indicated on the zoning map or wrongly converted from a zoning map of a former zoning scheme, the owner of an affected land unit may apply to the municipality to correct the error.

(2) An owner contemplated in subsection (1) must apply to the municipality in the form determined by the municipality and must—

*(a)* submit written proof of the lawful land use rights; and

*(b)* indicate the suitable zoning which should be allocated.

(3) The onus of proving that the zoning is incorrectly indicated on the zoning map is on the owner.

(4) The owner is exempted from paying application fees and from liability for the costs of public participation.

(5) If the municipality approves the application, the municipality must amend the zoning map.

(6) The municipality may refuse an application to correct the zoning map if the owner fails to submit written proof of the lawful use rights.

(7) The municipality may correct a zoning map if it finds an error on the map after—

*(a)* notifying the owner in writing of its intention to correct the wrong conversion or error;

*(b)* inviting the owner to make representations within a specified period in respect of the proposed correction of the errors on the zoning map; and

*(c)* considering any representations received from the owner.

(8) If the municipality corrects the zoning map, it may only amend the map to show the correct zoning of the property.

**Die regstel van foute op die soneringskaart**

**19.** (1) Indien die sonering van 'n grondeenheid verkeerd op die soneringskaart aangedui word of verkeerd vanaf 'n soneringskaart van 'n vorige soneringskema omgeskakel word, kan die eienaar van 'n grondeenheid wat geraak word by die munisipaliteit 'n aansoek indien om die fout reg te stel.

(2) 'n Eienaar soos beoog in subartikel (1) moet by die munisipaliteit aansoek doen in die vorm wat deur die munisipaliteit bepaal word en moet—

*(a)* skriftelike bewys indien van die wettige grondgebruiksregte; en

*(b)* die gepaste sonering wat toegeken moet word, aandui.

(3) Die onus om te bewys dat die sonering verkeerd aangedui word op die soneringskaart berus by die eienaar.

(4) Die eienaar word vrygestel van die betaling van aansoekgelde en van aanspreeklikheid vir die kostes van openbare deelname.

(5) Indien die munisipaliteit die aansoek goedkeur, moet die munisipaliteit die soneringskaart wysig.

(6) Die munisipaliteit mag 'n aansoek om die soneringskaart reg te stel weier indien die eienaar versuim om skriftelike bewys van die wettige gebruiksregte in te dien.

(7) Die munisipaliteit mag 'n soneringskaart korrigeer indien 'n fout op die kaart gevind word nadat—

*(a)* daar skriftelik aan die eienaar kennis gegee is van die voorneme om die verkeerde omskakeling of fout reg te stel;

*(b)* die eienaar genooi is om binne 'n gespesifiseerde tydperk vertoë te rig ten opsigte van die voorgestelde korrigering van die foute op die soneringskaart; en

*(c)* enige vertoë wat van die eienaar ontvang is, oorweeg is.

(8) Indien die munisipaliteit die soneringskaart korrigeer, mag die kaart slegs gewysig word om die korrekte sonering van die eiendom aan te dui.

**Development Management Register**

**20.** The municipality—

*(a)* must record all departures, consent uses or other permissions granted and non-conforming uses in the register;

*(b)* may keep the register from the date of commencement of the Development Management Scheme in an electronic format; and

*(c)* must make the register available to members of the public for viewing.

**Ontwikkelingsbestuur Register**

**20.** Die munisipaliteit—

*(a)* moet alle afwykings, vergunningsgebruike of ander toestemmings wat toegestaan word en nie-konformerende gebruike in die register opteken;

*(b)* kan die register in 'n elektroniese formaat hou vanaf die aanvangsdatum van die soneringskema; en

*(c)* moet die register vir besigtiging aan lede van die publiek beskikbaar stel.

**Status of the zoning map and exemption of the Municipality from liability for an error**

**21.** (1) The zoning map is the municipality's record of the zoning of each land unit.

(2) A zoning recorded in the zoning map is presumed to be the correct zoning unless proved otherwise.

(3) A use right ceases to exist on the day it lapses in terms of this By-Law or a previous zoning scheme even if the zoning map still records the use right as existing.

(4) The municipality is exempt from liability for any damage which may be caused by—

*(a)* an error in the zoning map; or

*(b)* an erroneous representation by the municipality about a use right or the zoning of a land unit.

**Status van soneringskaart en vrystelling van Munisipaliteit van aanspreeklikheid vir 'n fout**

**21.** (1) Die soneringskaart is die munisipaliteit se rekord van die sonering van elke grondeenheid.

(2) 'n Sonering wat in die soneringskaart aangedui word, word geag korrek te wees tensy die teendeel bewys word.

(3) 'n Gebruiksreg hou op voortbestaan op die dag waarop dit ingevolge hierdie verordening of 'n vorige soneringskema verval, ongeag of die soneringskaart steeds die reg as bestaande aandui.

(4) Die munisipaliteit is vrygestel van aanspreeklikheid vir skade wat veroorsaak mag word deur—

*(a)* 'n fout in die soneringskaart; of

*(b)* 'n foutiewe voorstelling deur die munisipaliteit met betrekking tot 'n gebruiksreg of die sonering van 'n grondeenheid.

**Zoning versus ownership**

**22.** (1) Notations on the zoning map are intended to indicate zonings and not land ownership.

(2) Land of which the ownership vests in a public authority may only be included in the authority zone if it is utilised for a purpose for which no other zone set out in Schedule 2 is appropriate.

**Sonering versus eienaarskap**

**22.** (1) Notasies op die soneringskaart is bedoel om sonerings, en nie grondeienaarskap nie, aan te dui.

(2) Grond waarvan die eienaarskap in 'n openbare owerheid vestig, mag slegs by die owerheidsone ingesluit word indien dit gebruik word vir 'n doel waarvoor geen ander sone wat in Skedule 2 uiteengesit word, geskik is nie.

(3) If any other zone in Schedule 2 is appropriate, the land must be zoned for that purpose, whether or not it is owned by a public authority.

## CHAPTER IV

## DEVELOPMENT MANAGEMENT

**Determination of zoning**

**23.** (1) The owner or his or her agent may apply in terms of section 25(2) to the municipality for the determination of a zoning for land referred to in section 34(1), (2) or (3) of the Land Use Planning Act.

(2) When the municipality considers an application in terms of subsection (1), it must have regard to the following:

*(a)* the lawful utilisation of the land, or the purpose for which it could be lawfully utilised immediately before the commencement of the Land Use Planning Act if it can be determined;

*(b)* the zoning, if any, that is most compatible with that utilisation or purpose and any applicable title deed condition;

*(c)* any departure or consent use that may be required in conjunction with that zoning;

*(d)* in the case of land that was vacant immediately before the commencement of the Land Use Planning Act, the utilisation that is permitted in terms of the title deed conditions or, where more than one land use is so permitted, one of such land uses determined by the municipality; and

*(e)* where the lawful utilisation of the land and the purpose for which it could be lawfully utilised immediately before the commencement of the Land Use Planning Act cannot be determined, the zoning that is the most desirable and compatible with any applicable title deed condition, together with any departure or consent use that may be required.

(3) If subsection (2)(e) is applicable, the municipality must rezone the land concerned in terms of section 25(2)(a).

(4) A land use that commenced unlawfully, whether before or after the commencement of this By-Law, may not be considered to be lawful.

**Non-conforming uses**

**24.** (1) A non-conforming use does not constitute an offence in terms of this By-Law.

(2) A non-conforming use may continue if it remains otherwise lawful, subject to the following:

*(a)* if the non-conforming use is ceased for any reason for a period of more than twenty-four consecutive months, any subsequent utilisation of the property must comply with this By-Law and the Development Management Scheme, with or without departures;

*(b)* an appropriate application contemplated in section 25(2) must be made for the alteration or extension of buildings or structures in respect of the non-conforming use;

*(c)* the owner bears the onus of proving that the non-conforming use right exists; and

*(d)* the use right is limited to the area of the building or land in respect of which the proven use right exists.

(3) Subject to subsection (2)*(a)* and *(b)*, if an existing building that constitutes a non-conforming use is destroyed or damaged to the extent that it is necessary to demolish a substantial part of the building, the municipality may grant permission for the reconstruction of such building subject to conditions.

**Land development requiring approval and other approvals**

**25.** (1) No person may commence, continue, or cause the commencement or continuation of, land development, other than the subdivision or consolidation of land referred to in section 34, without the approval of the municipality in terms of subsection (2).

(2) The owner or his or her agent may apply to the municipality in

(3) Indien enige ander sone in Skedule 2 gepas is, moet die grond vir daardie doel gesoneer word ongeag of dit deur ’n openbare owerheid besit word of nie.

## HOOFSTUK IV

## ONTWIKKELINGSBESTUUR

**Bepaling van sonering**

**23.** (1) Die eienaar of sy of haar agent kan ingevolge artikel 25(2) by die munisipaliteit aansoek doen vir die bepaling van ’n sonering vir grond bedoel in artikel 34(1), (2) of (3) van die Wet op Grondgebruikbeplanning.

(2) Wanneer die munisipaliteit ’n aansoek ingevolge subartikel (1) oorweeg, moet hy die volgende in ag neem:

*(a)* die wettige aanwending van die grond, of die doel waarvoor dit wettiglik aangewend kon word onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wet op Grondgebruikbeplanning, indien dit vasgestel kan word;

*(b)* die sonering, indien enige, wat die versoenbaarste is met daardie aanwending of doel en enige toepaslike titelvoorwaarde;

*(c)* enige afwyking of vergunningsgebruik wat saam met daardie sonering benodig kan word;

*(d)* in die geval van grond wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wet op Grondgebruikbeplanning onbeboud is, die aanwending wat toegelaat word ingevolge die titelvoorwaardes of, waar meer as een grondgebruik aldus toegelaat word, een van sodanige grondgebruike bepaal deur die munisipaliteit; en

*(e)* waar die wettige aanwending van die grond en die doel waarvoor dit onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wet op Grondgebruikbeplanning wettiglik aangewend kon word, nie vasgestel kan word nie, die sonering wat, tesame met enige afwyking of vergunningsgebruik wat benodig kan word, die wenslikste en versoenbaarste is met enige toepaslike titelvoorwaarde.

(3) Indien subartikel (2)(e) van toepassing is, moet die munisipaliteit die betrokke grond ingevolge artikel 25(2)(a) hersoneer.

(4) ’n Grondgebruik wat onwettiglik begin het, hetsy voor of na die inwerkingtreding van hierdie Verordening, mag nie geag word wettig te wees nie.

**Afwykende gebruike**

**24.** (1) ’n Afwykende gebruik vorm nie ingevolge hierdie verordening ’n misdryf nie.

(2) ’n Afwykende gebruik kan voortduur solank dit andersins wettig bly, behoudens die volgende:

*(a)* indien die afwykende gebruik om enige rede vir ’n tydperk van meer as vier-en-twintig opeenvolgende maande gestaak word, moet enige daaropvolgende aanwending van die eiendom aan hierdie Verordening en die soneringskema voldoen, met of sonder afwykings;

*(b)* ’n toepaslike aansoek beoog in artikel 25(2) moet gedoen word vir die verbouing of uitbreiding van geboue of strukture ten opsigte van die afwykende gebruik;

*(c)* die bewyslas van die bestaan van die afwykende gebruiksreg rus op die eienaar; en

*(d)* die gebruiksreg is beperk tot die gebied van die gebou of grond ten opsigte waarvan die bewese gebruiksreg bestaan.

(3) Behoudens subartikel (2)*(a)* en *(b)*, indien ’n bestaande gebou wat ’n afwykende gebruik uitmaak, vernietig of beskadig word in die mate dat dit nodig is om ’n wesenlike gedeelte van die gebou te sloop, kan die munisipaliteit behoudens voorwaardes toestemming vir die herbou van sodanige gebou verleen.

**Grondontwikkeling wat goedkeuring benodig en ander goedkeurings**

**25.** (1) Geen persoon mag sonder die goedkeuring van die munisipaliteit ingevolge subartikel (2) grondontwikkeling begin, voortsit of die begin of voortsetting van grondontwikkeling veroorsaak nie, behalwe vir die onderverdeling of konsolidering van grond bedoel in artikel 34.

terms of this Chapter for the following in relation to the development of the land concerned:

*(a)* a rezoning of land;

*(b)* a permanent departure from the development parameters of the Development Management Scheme;

*(c)* a departure granted on a temporary basis to utilise land for a purpose not permitted in terms of the primary rights of the zoning applicable to the land;

*(d)* a subdivision of land that is not exempted in terms of section 34, including the registration of a servitude or lease agreement;

*(e)* a consolidation of land that is not exempted in terms of section 34;

*(f)* a removal, suspension or amendment of restrictive conditions in respect of a land unit;

*(g)* a permission required in terms of the Development Management Scheme;

*(h)* an amendment, deletion or imposition of conditions in respect of an existing approval;

*(i)* an extension of the validity period of an approval;

*(j)* an approval of an overlay zone as contemplated in the Development Management Scheme;

*(k)* an amendment or cancellation of an approved subdivision plan or part thereof, including a general plan or diagram ;

*(l)* a permission required in terms of a condition of approval;

*(m)* a determination of a zoning;

*(n)* a closure of a public place or part thereof;

*(o)* a consent use contemplated in the Development Management Scheme;

*(p)* to disestablish an owner's association;

*(q)* to rectify a failure by a home owner's association to meet its obligations in respect of the control over or maintenance of services;

*(r)* a permission required for the reconstruction of an existing building that constitutes a non-conforming use that is destroyed or damaged to the extent that it is necessary to demolish a substantial part of the building.

(3) If section 53 of the Land Use Planning Act is applicable to the land development, the owner or agent must also apply for approval of the land development in terms of that Act.

(4) When an applicant or owner exercises a use right granted in terms of an approval, he or she must comply with the conditions of the approval and the applicable provisions of the Development Management Scheme.

(5) The municipality may, subject to subsection (7), on its own initiative rezone land of which it is not the owner for a purpose contemplated in sections 23(3) and 27(1)

(6) The municipality may, subject to subsection (7), on its own initiative conduct land development or an activity contemplated in subsections (2)(b),(c),(f) to *(j)* and *(l)* to *(r)*, in respect of land which is not owned by the municipality.

(7) When the municipality acts in terms of subsection (2), (5) or (6)

*(a)* the municipality is regarded for purposes of this Chapter and Chapter IV as an applicant and must comply with this Chapter and Chapter IV, including the publication and notice requirements; and

*(b)* the decision must be made by the authorised official or the Tribunal in terms of this Chapter and Chapter VI.

(2) Die eienaar of sy of haar agent moet ingevolge hierdie Hoofstuk by die munisipaliteit aansoek doen om die volgende met betrekking tot die ontwikkeling van die betrokke grond:

*(a)* 'n hersonering van grond;

*(b)* 'n permanente afwyking van die ontwikkelingsparameters van die soneringskema;

*(c)* 'n afwyking verleen op 'n tydelike grondslag om grond vir 'n doel aan te wend wat nie toegelaat word ingevolge die primêre regte van die sonering van toepassing op die grond nie;

*(d)* 'n onderverdeling van grond wat nie ingevolge artikel 34 vrygestel is nie, met inbegrip van die registrasie van 'n serwituut of huurooreenkoms;

*(e)* 'n konsolidering van grond wat nie ingevolge artikel 34 vrygestel is nie;

*(f)* 'n opheffing, opskorting of wysiging van beperkende voorwaardes ten opsigte van 'n grondeenheid;

*(g)* 'n toestemming wat ingevolge die soneringskema benodig word;

*(h)* 'n wysiging, skrapping of oplegging van voorwaardes ten opsigte van 'n bestaande goedkeuring;

*(i)* 'n verlenging van die geldigheidstydperk van 'n goedkeuring;

*(j)* 'n goedkeuring van 'n oorlegsone soos beoog in die soneringskema;

*(k)* 'n wysiging of kansellering van 'n goedgekeurde onderverdelingsplan of 'n gedeelte daarvan, met inbegrip van 'n algemene plan of diagram;

*(l)* 'n toestemming wat ingevolge 'n voorwaarde van goedkeuring vereis word;

*(m)* 'n bepaling van 'n sonering;

*(n)* 'n sluiting van 'n openbare plek of 'n gedeelte daarvan;

*(o)* 'n vergunningsgebruik beoog in die soneringskema;

*(p)* om 'n eienaarsvereniging te ontbind;

*(q)* om 'n versuim van 'n huiseienaarsvereniging om sy verpligtinge ten opsigte van beheer oor of instandhouding van dienste na te kom, reg te stel;

*(r)* 'n toestemming wat vereis word vir die herbou van 'n bestaande gebou wat 'n afwykende gebruik uitmaak en in so 'n mate vernietig of beskadig is dat dit nodig is om 'n aansienlike gedeelte van die gebou te sloop.

(3) Indien artikel 53 van die Wet op Grondgebruikbeplanning op die grondontwikkeling van toepassing is, moet die eienaar of agent ook om goedkeuring van die grondontwikkeling ingevolge daardie Wet aansoek doen.

(4) Wanneer 'n aansoeker of eienaar 'n gebruiksregs wat ingevolge 'n goedkeuring verleen is uitoefen, moet hy of sy aan die voorwaardes van die goedkeuring en die toepaslike bepalings van die soneringskema voldoen.

(5) Die munisipaliteit mag, behoudens subartikel (7) uit eie beweging grond waarvan hy nie die eienaar is nie hersoneer vir 'n doel beoog in subartikel 23(3) en 27(1).

(6) Die munisipaliteit mag, behoudens subartikel (7) uit eie beweging grondontwikkeling of 'n aktiwiteit beoog in subartikel (2)(b), (c), (f) tot (j) en (l) tot (r) onderneem ten opsigte van grond wat nie deur die munisipaliteit besit word nie.

(7) Wanneer die munisipaliteit ingevolge subartikel (2), (5) of (6) optree—

*(a)* word die munisipaliteit vir die doel van hierdie Hoofstuk en Hoofstuk IV as 'n aansoeker beskou en moet die munisipaliteit aan hierdie Hoofstuk en Hoofstuk IV voldoen, met inbegrip van die publikasie- en kennisgewingsvereistes; en

*(b)* moet die besluit oor die aansoek deur die gemagtigde amptenaar of die Tribunaal geneem word ingevolge hierdie Hoofstuk en HoofstukVI.

**Continuation of application after change of ownership**

**26.** If land that is the subject of an application is transferred to a new owner, the new owner may continue with the application as the successor in title to the previous owner and the new owner is regarded as the applicant for the purposes of this By-Law.

**Rezoning of land**

**27.** (1) The municipality may, on its own initiative, rezone land of which it is not the owner to—

*(a)* provide a public service or to provide a public recreational space; or

*(b)* substitute a zoning scheme or part thereof for a Development Management Scheme in terms of which the land is not zoned in accordance with the utilisation thereof or existing use rights.

(2) An applicant, who wishes land to be rezoned, must apply to the municipality in terms of section 25(2).

(3) When the municipality creates an overlay zone for land it must comply with sections 12 and 13 of the Municipal Systems Act.

(4) Zoning may be made applicable to a land unit or part thereof and zoning need not follow cadastral boundaries.

(5) Subject to subsection (6), a rezoning approval contemplated in subsection (2) lapses after the applicable period calculated from the date that the approval comes into operation if, within that period—

*(a)* the zoning is not utilised in accordance with the approval; or

*(b)* the following requirements have not been met:

(i) the approval by the municipality of a building plan envisaged for the utilisation of the approved use right; and

(ii) commencement of the construction of the building contemplated in subparagraph (i).

(6) An approval of a rezoning to subdivisional area contemplated in subsection 30(2) lapses after the applicable period calculated from the date that the approval comes into operation if, within that period—

*(a)* a subdivision application is not submitted; or

*(b)* the conditions of approval are not complied with.

(7) If a subdivision application is submitted in respect of land that is zoned as subdivisional area, the zoning of subdivisional area lapses on the later date of the following dates:

*(a)* the date on which the subdivision is approved; or

*(b)* the date after the applicable period contemplated in subsection (6) including any extended period approved in terms of section 77.

(8) The approval of a rezoning to subdivisional area must include conditions that make provision for at least—

*(a)* density requirements;

*(b)* main land uses and the extent thereof; and

*(c)* a detailed phasing plan or a framework including—

(i) main transport routes;

(ii) main land uses;

(iii) bulk infrastructure;

(iv) requirements of organs of state;

(v) public open space requirements; and

(vi) physical development constraints.

(9) If a rezoning approval lapses, the zoning applicable to the land before the approval of the rezoning applies or, where no zoning existed before the approval of the rezoning, the municipality must determine a zoning in terms of section 23.

**Voortsetting van aansoek na verandering van eienaarskap**

**26.** Indien grond wat die onderwerp van 'n aansoek is na 'n nuwe eienaar oorgedra word, kan die nuwe eienaar met die aansoek voortgaan as die regsopvolger van die vorige eienaar en word die nuwe eienaar vir die doeleindes van hierdie Verordening as die aansoeker geag.

**Hersonering van grond**

**27.** (1) Die munisipaliteit kan uit eie beweging grond waarvan hy nie die eienaar is nie hersoneer ten einde—

*(a)* 'n openbare diens of 'n openbare ontspanningsruimte te verskaf; of

*(b)* 'n soneringskema of 'n gedeelte daarvan te vervang deur 'n soneringskema ingevolge waarvan die grond nie ooreenkomstig die aanwending daarvan of bestaande gebruiksregte gesoneer is nie.

(2) 'n Aansoeker wat die hersonering van grond verlang, moet 'n aansoek by die munisipaliteit ingevolge artikel 25(2) indien.

(3) Wanneer die munisipaliteit 'n oorlegsone vir grond skep, moet dit aan artikels 12 en 13 van die Munisipale Stelselswet voldoen.

(4) Sonering kan op 'n grondeenheid of 'n gedeelte daarvan van toepassing gemaak word en sonering hoef nie kadastrale grense te volg nie.

(5) Behoudens subartikel (6) verval 'n hersoneringsgoedkeuring beoog in subartikel (2) na die toepaslike tydperk bereken vanaf die datum waarop die goedkeuring in werking tree indien, binne daardie tydperk—

*(a)* die sonering nie ooreenkomstig die goedkeuring aangewend word nie; of

*(b)* daar nie aan die volgende vereistes voldoen is nie:

(i) die goedkeuring deur die munisipaliteit van 'n bouplan beoog vir die aanwending van die goedgekeurde gebruiksreg; en

(ii) die begin van bouwerk aan die gebou beoog in subparagraaf (i).

(6) 'n Goedkeuring van 'n hersonering na onderverdelingsgebied beoog in subartikel 30(2) verval na die toepaslike tydperk bereken vanaf die datum waarop die goedkeuring in werking tree indien, binne daardie tydperk—

*(a)* 'n onderverdelingsaansoek nie ingedien is nie; of

*(b)* daar nie aan die voorwaardes van goedkeuring voldoen word nie.

(7) Indien 'n onderverdelingsaansoek ingedien word ten opsigte van grond wat as onderverdelingsgebied gesoneer is, verval die sonering van onderverdelingsgebied op die latere datum van die volgende datums:

*(a)* die datum waarop die onderverdeling goedgekeur word; of

*(b)* die datum na die toepaslike tydperk beoog in subartikel (6), met inbegrip van enige verlengde tydperk wat ingevolge artikel 77 goedgekeur is.

(8) Die goedkeuring van 'n hersonering na onderverdelingsgebied moet voorwaardes insluit wat vir minstens die volgende voorsiening maak:

*(a)* digtheidsvereistes;

*(b)* hoofgrondgebruike en die omvang daarvan; en

*(c)* 'n uitvoerige faseringsplan of raamwerk wat die volgende insluit:

(i) hoofvervoerroetes;

(ii) hoofgrondgebruike;

(iii) grootmaatinfrastruktuur;

(iv) vereistes van staatsorgane;

(v) vereistes ten opsigte van openbare oop ruimtes; en

(vi) fisiese ontwikkelingsbeperkings.

(9) Indien 'n hersoneringsgoedkeuring verval, is die sonering wat op die grond van toepassing was voor die goedkeuring van die hersonering van toepassing of, waar geen sonering voor die goedkeuring van die hersonering bestaan het nie, moet die munisipaliteit 'n sonering ingevolge artikel 23 bepaal.

**Departures**

**28.** (1) An applicant may apply to the municipality in terms of section 25(2)

*(a)* for a departure from the development parameters of a zoning or an overlay zone; or

*(b)* to utilise land on a temporary basis for a purpose not permitted in terms of the primary rights of the zoning applicable to the land for a period not exceeding five years.

(2) A departure contemplated in subsection (1)*(a)* lapses after the applicable period from the date that the approval comes into operation if, within that period—

*(a)* the departure is not utilised in accordance with the approval; or

*(b)* the following requirements have not been met:

(i) the approval by the municipality of a building plan envisaged for the utilisation of the approved departure; and

(ii) commencement of the construction of the building contemplated in subparagraph (i).

(3) The municipality may approve a departure contemplated in subsection (1)*(b)* except for a right to utilise land for a purpose granted on a temporary basis for a specific occasion or event, for a period shorter than five years but, if a shorter period is approved, the period together with any extension approved in accordance with section 77 may not exceed five years;

(4) A temporary departure contemplated in subsection (1)*(b)* may not be approved more than once in respect of a particular use on a specific land unit.

(5) A temporary departure contemplated in subsection (1)*(b)* may include an improvement of land only if—

*(a)* the improvement is temporary in nature; and

*(b)* the land can, without further construction or demolition, revert to its previous lawful use upon the expiry of the use right.

**Consent uses**

**29.** (1) An applicant may apply to the municipality in terms of section 25(2) for a consent use contemplated in the Development Management Scheme.

(2) If the development parameters for the consent use that is being applied for are not defined in the Development Management Scheme, the municipality must determine the development parameters that apply to the consent use in terms of conditions of approval imposed in terms of section 76.

(3) A consent use may be approved permanently or for a period specified in the conditions of approval imposed in terms of section 76.

(4) A consent use approved for a specified period must not have the effect of preventing the property from being utilised in the future for the primary uses permitted in terms of the zoning of the land.

(5) A consent use contemplated in subsection (1) lapses after the applicable period from the date that the approval comes into operation if, within that period—

*(a)* the consent use is not utilised in accordance with the approval; or

*(b)* the following requirements have not been met:

(i) the approval by the municipality of a building plan envisaged for the utilisation of the approved consent use; and

(ii) commencement of the construction of the building contemplated in subparagraph (i).

**Subdivision**

**30.** (1) No person may subdivide land without the approval of the municipality in terms of section 25(2) unless the subdivision is exempted in terms of section 34.

**Afwykings**

**28.** (1) ’n Aansoeker mag ingevolge artikel 25(2) by die munisipaliteit aansoek doen—

*(a)* om ’n afwyking van die ontwikkelingsparameters van ’n sonering of ’n oorlegsone; of

*(b)* om grond op ’n tydelike grondslag vir ’n tydperk van hoogstens vyf jaar aan te wend vir ’n doel wat nie toegelaat word ingevolge die primêre regte van die sonering wat op die grond van toepassing is nie.

(2) ’n Afwyking beoog in subartikel (1)*(a)* verval na die toepaslike tydperk vanaf die datum waarop die goedkeuring in werking tree indien, binne daardie tydperk—

*(a)* die afwyking nie ooreenkomstig die goedkeuring aangewend word nie; of

*(b)* daar nie aan die volgende vereistes voldoen is nie:

(i) die goedkeuring deur die munisipaliteit van ’n bouplan beoog vir die aanwending van die goedgekeurde afwyking; en

(ii) die begin van bouwerk aan die gebou beoog in subparagraaf (i).

(3) Die munisipaliteit mag ’n afwyking beoog in subartikel (1)*(b)* goedkeur, buiten ’n reg om grond te gebruik vir ’n doel wat op ’n tydelike basis vir ’n spesifieke geleentheid of gebeurtenis verleen is, vir ’n tydperk korter as vyf jaar maar, indien ’n korter tydperk goedgekeur word, mag die tydperk tesame met enige verlengings goedgekeur ooreenkomstig artikel 77 nie vyf jaar oorskry nie.

(4) ’n Tydelike afwyking beoog in subartikel (1)*(b)* mag nie meer as een keer ten opsigte van ’n sekere gebruik op ’n bepaalde grondeenheid goedgekeur word nie.

(5) ’n Tydelike afwyking beoog in subartikel (1)*(b)* kan ’n verbetering van grond insluit slegs indien—

*(a)* die verbetering tydelik van aard is; en

*(b)* die grond by verstryking van die gebruiksreg, sonder verdere bouwerk of sloping, na die vorige wettige gebruik kan terugkeer.

**Vergunningsgebruike**

**29.** (1) ’n Aansoeker mag ingevolge artikel 25(2) by die munisipaliteit aansoek doen om ’n vergunningsgebruik beoog in die soneringskema.

(2) Indien die ontwikkelingsparameters vir die vergunningsgebruik waarvoor daar aansoek gedoen word nie in die soneringskema omskryf word nie, moet die munisipaliteit die ontwikkelingsparameters van toepassing op die vergunningsgebruik bepaal ingevolge die voorwaardes van goedkeuring wat ingevolge artikel 76 opgelê word.

(3) ’n Vergunningsgebruik kan permanent goedgekeur word of vir ’n tydperk vermeld in die voorwaardes van goedkeuring wat ingevolge artikel 76 opgelê word.

(4) ’n Vergunningsgebruik wat vir ’n vermelde tydperk goedgekeur word, moet nie die uitwerking hê dat dit die toekomstige aanwending van die eiendom vir die primêre gebruike wat ingevolge die sonering van die grond toegelaat word, verhinder nie.

(5) ’n Vergunningsgebruik beoog in subartikel (1) verval na die toepaslike tydperk vanaf die datum waarop die goedkeuring in werking tree indien, binne daardie tydperk—

*(a)* die vergunningsgebruik nie volgens die goedkeuring aangewend word nie; of

*(b)* daar nie aan die volgende vereistes voldoen is nie:

(i) die goedkeuring deur die munisipaliteit van ’n bouplan beoog vir die aanwending van die goedgekeurde gebruiksreg; en

(ii) die begin van bouwerk aan ’n gebou beoog in subparagraaf (i).

**Onderverdeling**

**30.** (1) Geen persoon mag grond onderverdeel sonder die goedkeuring van die munisipaliteit ingevolge artikel 25(2) nie tensy die onderverdeling ingevolge artikel 34 vrygestel is.

(2) No application for subdivision involving a change of zoning may be considered by the municipality unless the land concerned is zoned as a subdivisional area.

(3) An applicant may submit a subdivision application simultaneously with an application for rezoning.

(4) The municipality must impose appropriate conditions in terms of section 76 relating to engineering services for an approval of a subdivision.

(5) If the municipality approves a subdivision, the applicant must submit a general plan or diagram to the Surveyor-General for approval, including proof to the satisfaction of the Surveyor-General of—

*(a)* the municipality's decision to approve the subdivision;

*(b)* the conditions of approval imposed in terms of section 76; and

*(c)* the approved subdivision plan.

(6) The municipality must issue a certificate to the applicant or any other person on his or her written request to confirm that all the conditions of approval contemplated in section 31(1)*(c)* have been met, if the applicant has submitted the proof contemplated in that section.

(7) If the municipality issues a certificate referred to in subsection (6) in error, the owner is not absolved from complying with the obligations imposed in terms of the conditions.

(2) Geen aansoek om onderverdeling waarby 'n verandering van sonering betrokke is, mag deur die munisipaliteit oorweeg word nie, tensy die betrokke grond as 'n onderverdelingsgebied gesoneer is.

(3) 'n Aansoeker kan 'n onderverdelingsaansoek gelyktydig met 'n aansoek om hersonering indien.

(4)Die munisipaliteit moet vir 'n goedkeuring van 'n onderverdeling gepaste voorwaardes met betrekking tot ingenieursdienste ingevolge artikel 76 oplê.

(5) Indien die munisipaliteit 'n onderverdeling goedkeur, moet die aansoeker 'n algemene plan of diagram by die Landmeter-generaal vir goedkeuring indien, met inbegrip van bewys tot die bevrediging van die Landmeter-generaal van—

*(a)* die munisipaliteit se besluit om die onderverdeling goed te keur;

*(b)* die voorwaardes van goedkeuring wat ingevolge artikel 76 opgelê is; en

*(c)* die goedgekeurde onderverdelingsplan.

(6) Die munisipaliteit moet aan die aansoeker of enige ander persoon op sy of haar skriftelike versoek 'n sertifikaat uitreik om te bevestig dat daar aan alle voorwaardes van goedkeuring beoog in subartikel 31(1)*(c)* voldoen is indien die aansoeker die bewys beoog in daardie artikel ingedien het.

(7) Indien die munisipaliteit 'n sertifikaat bedoel in subartikel (6) foutiewelik uitreik, word die eienaar nie daarvan onthef om aan die verpligtinge te voldoen wat ingevolge die voorwaardes opgelê is nie.

**Confirmation of subdivision**

**31.** (1) A subdivision or part thereof is confirmed and cannot lapse when the following requirements are met within the period contemplated in section 32(1):

*(a)* approval by the Surveyor-General of the general plan or diagram contemplated in section 30(5);

*(b)* completion of the installation of engineering services in accordance with the conditions contemplated in section 30(4) and other applicable legislation;

*(c)* proof to the satisfaction of the municipality that all the conditions of the approved subdivision that must be complied with before compliance with paragraph *(d)* have been met in respect of the area shown on the general plan or diagram; and

*(d)* registration of the transfer of ownership, a certificate of consolidated title or certificate of registered title in terms of the Deeds Registries Act of the land unit shown on the diagram or of at least one new land unit shown on the general plan.

(2) Upon confirmation of a subdivision or part thereof in terms of subsection (1), zonings indicated on an approved subdivision plan are confirmed and cannot lapse.

(i) na daardie persoon se besigheids- of woonadres en adres vir munisipale rekening waar die adres vir die rekening verskil van die besigheids- of woonadres; of

(ii) in die geval van 'n regspersoon, na sy geregistreerde adres of vernaamste besigheidsplek en die adres vir munisipale rekening, waar die adres vir die rekening verskil van die besigheids- of woonadres;

*(c)* deur middel van databoodskappe beoog in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet 25 van 2002), deur 'n afskrif van die kennisgewing aan die persoon te stuur, indien die persoon 'n e-posadres of ander elektroniese adres het; of

*(d)* waar 'n adres onbekend is ondanks redelike ondersoek, deur dit eenmalig in die *Provinsiale Koerant* en eenmalig in 'n plaaslike koerant in omloop in die gebied van daardie persoon se laaste bekende besigheids- of woonadres te publiseer.

(2) Die datum van verwittiging ten opsigte van 'n kennisgewing wat ingevolge hierdie verordening aan 'n persoon beteken of gegee is—

*(a)* indien dit per gesertifiseerde of geregistreerde pos beteken is, is die datum van registrasie van die kennisgewing; en

*(b)* if it was delivered to that person personally, is the date of delivery to that person;

*(c)* if it was left at that person's place of residence, work or business in the Republic with a person apparently over the age of sixteen years, is the date on which it was left with that person;

*(d)* if it was displayed in a conspicuous place on the property or premises to which it pertains, is the date that it is posted on that place; or

*(e)* when it was e-mailed or sent to an electronic address, is the date that it was received by that person as contemplated in the Electronic Communications and Transactions Act, 2002.

(3) The municipality may determine specific methods of service and notification in respect of applications and appeals including—

*(a)* conformation specifications relating to matters such as size, scale, colour, hard copy, number of copies, electronic format and file format;

*(b)* the manner of submission to and communication with the municipality;

*(c)* the method by which a person may be notified;

*(d)* other information requirements; and

*(e)* other procedural requirements.

**Procedures for applications**

**46.** (1) An applicant must comply with the procedures in this Chapter and, where applicable, the specific procedures provided for in Chapter IV of this By-Law.

(2) An applicant may apply simultaneously for different types of applications for land development in terms of section 25(2).

**Pre-application consultation**

**47.** (1) The municipality may require an owner who intends to submit an application or his or her agent to meet with the authorised employee and, where applicable, with employees of other relevant organs of state for a pre-application consultation before he or she submits an application to the municipality in order to determine the information and documents that must be submitted with the application.

(2) The municipality may issue guidelines regarding—

*(a)* applications that require a pre-application consultation;

*(b)* the nature of the information and documents that must be submitted with an application;

*(c)* the attendance of employees from the municipality or other organs of state at a pre-application consultation; and

*(d)* the procedures at a pre-application consultation.

(3) The municipality must keep minutes of the proceedings of a pre-application consultation.

**Information required**

**48.** (1) Subject to subsection (2), an application must be accompanied by the following information and documents where applicable—

*(a)* an application form provided by the municipality, completed and signed by the applicant;

*(b)* if the applicant is an agent, a power of attorney authorising the applicant to make the application on behalf of the owner;

*(c)* if the owner of the land is a company, closed corporation, trust, body corporate or owners' association, proof that the person is authorised to make an application on behalf of the company, closed corporation, trust, body corporate or owners' association;

*(d)* proof of registered ownership or any other relevant right held in the land concerned;

*(e)* if a mortgage bond is registered in respect of the land concerned, the relevant bondholder's consent;

*(b)* indien dit persoonlik aan daardie persoon afgelewer is, is die datum van aflewering aan daardie persoon;

*(c)* indien dit by daardie persoon se besigheids-, werks- of woonadres in die Republiek gelaat is by 'n persoon oënskynlik ouer as 16 jaar, is die datum waarop dit by daardie persoon gelaat is;

*(d)* indien dit vertoon is op 'n opsigtelike plek op die eiendom of perseel waarop dit betrekking het, is die datum waarop dit op daardie plek aangebring is; of

*(e)* wanneer dit per e-pos of na 'n elektroniese adres gestuur is, is die datum waarop dit deur daardie persoon ontvang is soos beoog in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002.

(3) Die munisipaliteit kan ten opsigte van aansoeke en appèlle spesifieke metodes van betekening en kennisgewing bepaal, met inbegrip van—

*(a)* inligtingspesifikasies wat verband hou met aangeleenthede soos grootte, skaal, kleur, hardekopie, getal afskrifte, elektroniese formaat en lêerformaat;

*(b)* die wyse van indiening by en kommunikasie met die munisipaliteit;

*(c)* die metode waarvolgens 'n persoon in kennis gestel kan word;

*(d)* ander inligtingsvereistes; en

*(e)* ander prosedurele vereistes.

**Prosedures vir aansoeke**

**46.** (1) 'n Aansoeker moet aan die prosedures in hierdie Hoofstuk voldoen en, waar van toepassing, aan die spesifieke prosedures bepaal in Hoofstuk IV van hierdie Verordening.

(2) 'n Aansoeker kan gelyktydig om verskillende soorte aansoeke om grondontwikkeling ingevolge artikel 25(2) aansoek doen.

**Konsultasie voor aansoek**

**47.** (1) Die munisipaliteit kan van 'n eienaar wat van voorneme is om 'n aansoek in te dien of sy of haar agent vereis om met die gemagtigde werknemer en, waar van toepassing, met ander tersaaklike staatsorgane te vergader vir 'n konsultasie voor aansoek voordat hy of sy 'n aansoek indien by die munisipaliteit ten einde vas te stel welke inligting en dokumente saam met die aansoek ingedien moet word.

(2) Die munisipaliteit kan riglyne uitreik rakende—

*(a)* aansoeke wat 'n konsultasie voor aansoek benodig;

*(b)* die aard van die inligting en dokumente wat saam met 'n aansoek ingedien moet word;

*(c)* die bywoning deur werknemers van die munisipaliteit of ander staatsorgane van 'n konsultasie voor aansoek; en

*(d)* die prosedures by 'n konsultasie voor aansoek.

(3) Die munisipaliteit moet notule hou van die verrigtinge van 'n konsultasie voor aansoek.

**Vereiste inligting**

**48.** (1) Behoudens subartikel (2) moet 'n aansoek van die volgende inligting en dokumente vergesel gaan, waar van toepassing:

*(a)* 'n aansoekvorm verskaf deur die munisipaliteit, voltooi en onderteken deur die aansoeker;

*(b)* indien die aansoeker 'n agent is, 'n volmag wat die aansoeker magtig om die aansoek namens die eienaar te doen;

*(c)* indien die eienaar van die grond 'n maatskappy, beslote korporasie, trust, regspersoon of eienaarsvereniging is, bewys dat die persoon gemagtig is om namens die maatskappy, beslote korporasie, trust, korporatiewe liggaam of 'n eienaarsvereniging 'n aansoek in te dien;

*(d)* bewys van geregistreerde eienaarskap of enige ander tersaaklike reg in die betrokke grond gehou;

*(e)* indien 'n verband ten opsigte van die tersaaklike grond geregistreer is, die toestemming van die tersaaklike verbandhouer;

*(f)* a written motivation for the application based on the relevant criteria referred to in section 75;

*(g)* a copy of the Surveyor-General's diagram of the property concerned or, if it does not exist, an extract from the relevant general plan;

*(h)* a locality plan and site development plan, if required, or a plan showing the proposed land development in its cadastral context;

*(i)* in the case of an application for the subdivision of land, copies of the subdivision plan showing the following:

(i) the location of the proposed land units;

(ii) the proposed zonings in respect of the proposed land units;

(iii) all existing structures on the property and abutting properties;

(iv) the proposed public places and the land needed for public purposes;

(v) the existing access points;

(vi) all servitudes;

(vii) contours with at least a one-meter interval or such other interval as may be approved by the municipality;

(viii) the street furniture;

(ix) the lamp, electricity and telephone posts;

(x) the electricity transformers and mini-substations;

(xi) the storm-water channels and catch pits;

(xii) the sewerage lines and connection points;

(xiii) any significant natural features; and

(xiv) all distances and areas to scale;

*(j)* proof of an agreement or permission if the proposed land development requires a servitude over land or access to a provincial or national road;

*(k)* any other documents or information that the municipality may require;

*(l)* proof of payment of application fees;

*(m)* a copy of the title deed of the land concerned;

*(n)* a conveyancer's certificate indicating that the application is not restricted by any condition contained in the title deed pertaining to the land concerned or a copy of all historical title deeds; and

*(o)* where applicable, the minutes of a pre-application consultation in respect of the application.

(2) The municipality may at a pre-application consultation add or remove any information or documents contemplated in subsection (1) for a particular application.

(3) The municipality may issue guidelines regarding the submission of information, documents or procedural requirements.

**Application fees**

**49.** (1) An applicant must pay the application fees determined by the municipality before applying in terms of this By-Law.

(2) Application fees paid to the municipality are non-refundable and proof of payment of the application fees must accompany an application.

**Grounds for refusing to accept application**

**50.** The municipality may, in terms of section 51(3), refuse to accept an application if—

*(a)* there is no proof of payment of the applicable fees; or

*(b)* the application is not in the form or does not contain the information or documents referred to in section 48.

*(f)* 'n skriftelike motivering vir die aansoek gegrond op die toepaslike vereistes bedoel in artikel 75;

*(g)* 'n afskrif van die Landmeter-generaal se diagram van die betrokke eiendom of, indien dit nie bestaan nie, 'n uittreksel uit die tersaaklike algemene plan;

*(h)* 'n liggingsplan en 'n terreinontwikkelingsplan, indien nodig, of 'n plan wat die voorgestelde grondontwikkeling in sy kadastrale konteks aantoon;

*(i)* in die geval van 'n aansoek om die onderverdeling van grond, afskrifte van die onderverdelingsplan wat die volgende aantoon:

(i) die ligging van die voorgestelde grondeenhede;

(ii) die voorgestelde sonerings ten opsigte van die voorgestelde grondeenhede;

(iii) alle bestaande strukture op die eiendom en aangrensende eiendomme;

(iv) die voorgestelde openbare plekke en die grond wat vir openbare doeleindes benodig word;

(v) die bestaande toegangspunte;

(vi) alle serwitute;

(vii) kontoere met minstens 'n een-meter-tussenruimte of sodanige ander tussenruimte soos die munisipaliteit kan goedkeur;

(viii) die straatmeubels;

(ix) die lamp-, elektrisiteits- en telefoonpale;

(x) die elektrisiteitstransformators en minisubstasies;

(xi) die stormwaterkanale en -dreine;

(xii) die rioolpyplyne en -aansluitings;

(xiii) enige betekenisvolle natuurverskynsels; en

(xiv) alle afstande en gebiede op skaal;

*(j)* bewys van 'n ooreenkoms of toestemming indien die voorgestelde grondontwikkeling 'n serwituut oor grond of toegang tot 'n provinsiale of nasionale pad benodig;

*(k)* enige ander dokumente of inligting wat die munisipaliteit kan vereis;

*(l)* bewys van betaling van aansoekgelde;

*(m)* 'n afskrif van die titelakte van die betrokke grond;

*(n)* 'n transportbesorgersertifikaat wat aandui dat die aansoek nie deur enige voorwaarde vervat in die titelakte ten opsigte van die tersaaklike grond beperk word nie of 'n afskrif van alle historiese titelaktes; en

*(o)* waar van toepassing, die notule van 'n konsultasie voor aansoek ten opsigte van die aansoek.

(2) Die munisipaliteit mag vir 'n bepaalde aansoek enige inligting of dokumente beoog in subartikel (1) by 'n konsultasie voor aansoek byvoeg of verwyder.

(3) Die munisipaliteit mag riglyne rakende die indiening van inligting, dokumente of prosedurele vereistes uitreik.

**Aansoekgelde**

**49.** (1) 'n Aansoeker moet die aansoekgelde wat deur die munisipaliteit bepaal word, betaal voordat hy of sy 'n aansoek ingevolge hierdie verordening indien.

(2) Aansoekgelde betaal aan die munisipaliteit is nie terugbetaalbaar nie en 'n aansoek moet vergesel gaan van bewys van betaling van die aansoekgelde.

**Gronde vir weiering om aansoek te aanvaar**

**50.** Die munisipaliteit mag, behoudens artikel 51(3), weier om 'n aansoek te aanvaar indien—

*(a)* daar geen bewys van betaling van die toepaslike gelde is nie; of

*(b)* die aansoek nie in die vorm is of nie die inligting of dokumente bevat waarna in artikel 48 verwys word nie.

**Receipt of application and commencement of application process**

**51.** (1) The municipality must—

*(a)* record the receipt of an application, in writing or by affixing a stamp on the application, on the day of receipt;

*(b)* verify whether the application complies with section 48; and

*(c)* notify the applicant in writing within fourteen days of receipt of the application—

(i) that the application is complete and complies with section 48 and that the application process commences; or

(ii) of any information, documents or fees referred to in section 48 that are outstanding and that the applicant must provide to the municipality within 14 days of the date of notification.

(2) The municipality must within fourteen days of receipt of the outstanding information, documents or fees referred to in subsection (1)*(c)*(ii) notify the applicant in writing that the application is complete and that the application process commences.

(3) The municipality may refuse to consider the application if the applicant fails to provide the information or documents or pay the fees within the period contemplated in subsection (1)*(c)*(ii).

(4) The municipality must notify the applicant in writing of a refusal to consider an application under subsection (3) and must close the application.

(5) An applicant has no right of appeal to the appeal authority in respect of a decision contemplated in subsection (3) to refuse to consider an application.

(6) If an applicant wishes to continue with an application that the municipality refused to consider under subsection (3), the applicant must apply again and pay the applicable application fees.

(7) The municipality must cause notice of the application to be given within 21 days from the date on which the application process commences as contemplated in subsection (1)*(c)*(i) or (2).

**Provision of additional information or documents**

**52.** (1) The municipality must, within 30 days of receipt of an application that complies with section 48, notify the applicant in writing of any information or documents it requires in addition to the requirements contemplated in section 48.

(2) The applicant must provide the municipality with the additional information or documents contemplated in subsection (1) within 30 days of the date of notification or within the further period agreed to between the applicant and the municipality.

(3) If the applicant fails to provide the additional information or documents within the period contemplated in subsection (2), the municipality must consider the application without the information or documents and notify the applicant accordingly.

(4) The municipality must, within 21 days of receipt of the additional information or documents, if the applicant provided all the required information or documents, acknowledge receipt thereof and notify the applicant in writing that the application process proceeds or that further information, documents or fees are required as a result of the information or documents received.

(5) If the municipality notified the applicant that further information or documents are required as contemplated in subsection (4), subsections (2) and (3) apply to the further submission of information or documents.

**Withdrawal of application or power of attorney**

**53.** (1) An applicant may, at any time before the municipality decides on an application submitted by the applicant, withdraw the application by giving written notice of the withdrawal to the municipality.

(2) The owner must in writing inform the municipality if he or she has withdrawn the power of attorney given to his or her former agent and confirm whether he or she will personally proceed with the application.

**Ontvangs van aansoek en begin van aansoekproses**

**51.** (1) Die munisipaliteit moet—

*(a)* ontvangs van 'n aansoek op die dag van ontvangs aanteken, skriftelik of deur 'n stempel op die aansoek aan te bring;

*(b)* nagaan of die aansoek aan artikel 48 voldoen; en

*(c)* die aansoeker binne veertien dae vanaf ontvangs van die aansoek skriftelik in kennis stel—

(i) dat die aansoek volledig is en aan artikel 48 voldoen en dat die aansoekproses begin; of

(ii) van enige inligting, dokumente of gelde bedoel in artikel 48 wat uitstaande is en wat die aansoeker aan die munisipaliteit moet verskaf binne 14 dae vanaf die datum van kennisgewing.

(2) Die munisipaliteit moet binne veertien dae van ontvangs van die uitstaande inligting, dokumente of gelde bedoel in subartikel (1)*(c)*(ii) die aansoeker skriftelik in kennis stel dat die aansoek volledig is en dat die aansoekproses begin.

(3) Die munisipaliteit kan weier om die aansoek te oorweeg indien die aansoeker versuim om binne die tydperk beoog in subartikel (1)*(c)*(ii) die inligting of dokumente te verskaf of die gelde te betaal.

(4) Die munisipaliteit moet die aansoeker in kennis stel van 'n weiering kragtens subartikel (3) om 'n aansoek te oorweeg en moet die aansoek sluit.

(5) 'n Aansoeker het geen reg van appèl na die appèlgesag ten opsigte van 'n besluit beoog in subartikel (3) om te weier om 'n aansoek te oorweeg nie.

(6) Indien 'n aansoeker met 'n aansoek wil voortgaan wat die munisipaliteit kragtens subartikel (3) geweier het om te oorweeg, moet die aansoeker weer aansoek doen en die toepaslike gelde betaal.

(7) Die munisipaliteit moet binne 21 dae vanaf die datum waarop die aansoekproses soos beoog in subartikel (1)*(c)*(i) of (2) begin, kennis van die aansoek laat gee.

**Verskaffing van bykomende inligting of dokumente**

**52.** (1) Die munisipaliteit moet binne 30 dae van ontvangs van 'n aansoek wat aan artikel 48 voldoen die aansoeker skriftelik in kennis stel van enige inligting of dokumente wat hy benewens die vereistes beoog in artikel 48 benodig.

(2) Die aansoeker moet binne 30 dae vanaf die datum van kennisgewing of binne die verdere tydperk waaroor die aansoeker en die munisipaliteit ooreengekom het, die munisipaliteit voorsien van die bykomende inligting of dokumente beoog in subartikel (1).

(3) Indien die aansoeker versuim om die bykomende inligting of dokumente binne die tydperk beoog in subartikel (2) te verskaf, moet die munisipaliteit sonder die inligting of dokumente die aansoek oorweeg en die aansoeker dienooreenkomstig in kennis stel.

(4) Die munisipaliteit moet binne 21 dae vanaf ontvangs van die bykomende inligting of dokumente, indien die aansoeker alle vereiste inligting of dokumente verskaf het, ontvangs daarvan erken en die aansoeker skriftelik in kennis stel dat die aansoekproses voortgaan of dat verdere inligting, dokumente of gelde vereis word as gevolg van die inligting of dokumente ontvang.

(5) Indien die munisipaliteit die aansoeker in kennis gestel het dat verdere inligting of dokumente soos beoog in subartikel (4) benodig word, is subartikels (2) en (3) van toepassing op die verdere indiening van inligting of dokumente.

**Terugtrekking van aansoek of volmag**

**53.** (1) 'n Aansoeker kan te eniger tyd voordat die munisipaliteit 'n besluit neem oor 'n aansoek ingedien deur die aansoeker die aansoek terugtrek deur skriftelike kennis van die terugtrekking aan die munisipaliteit te gee.

(2) Die eienaar moet die munisipaliteit skriftelik in kennis stel indien hy of sy die volmag gegee aan sy of haar voormalige agent teruggetrek het en bevestig of hy of sy persoonlik sal voortgaan met die aansoek.

**Public notice in accordance with other laws and integrated procedures**

**54.** (1) The municipality may, on written request and motivation by an applicant, before notice is given of an application in terms of section 55 or 56, determine that—

*(a)* a public notice procedure carried out in terms of another law in respect of the application constitutes public notice for the purpose of an application made in terms of this By-Law; or

*(b)* public notice of the application given in terms of this By-Law may be published in accordance with the requirements for public notice applicable to a related application in terms of another law.

(2) If the municipality determines that an application may be published as contemplated in subsection (1)*(b)*, an agreement must be entered into between the municipality and the relevant organs of state to facilitate the simultaneous publication of notices.

**Publication of notices**

**55.** (1) Subject to section 54, the municipality must, in accordance with subsection (2), cause public notice to be given of the following applications:

*(a)* an application for a rezoning;

*(b)* the subdivision of land larger than five hectares inside the outer limit of urban expansion as reflected in the municipal spatial development framework;

*(c)* the subdivision of land larger than one hectare outside the outer limit of urban expansion as reflected in the municipal spatial development framework;

*(d)* if the municipality has no approved municipal spatial development framework, the subdivision of land larger than five hectares inside the physical edge, including existing urban land use approvals, of the existing urban area;

*(e)* if the municipality has no approved municipal spatial development framework, the subdivision of land larger than one hectare outside the physical edge, including existing urban land use approvals, of the existing urban area;

*(f)* the closure of a public place;

*(g)* an application in respect of a restrictive condition; and

*(h)* other applications that will materially affect the public interest or the interests of the community if approved.

(2) Public notice of an application referred to in subsection (1) must be given by—

*(a)* publishing a notice with the contents contemplated in section 57 in newspapers with a general circulation in the area concerned in at least two of the official languages of the Province most spoken in the area concerned;

*(b)* if there is no newspaper with a general circulation in the area, posting a notice with the contents contemplated in section 57, for at least the duration of the notice period, on the land concerned and on any other notice board, as may be determined by the municipality; and

*(c)* publishing a notice with the contents contemplated in section 57 on the municipality's website.

(3) The municipality may require the applicant to attend to the publication as contemplated in subsection (2) of the public notice of an application.

(4) An applicant who publishes a notice in terms of this section must within the period determined by the municipality of publication of the notice provide the municipality with proof, as determined by the municipality that the notice was published in accordance with this section.

**Serving of notices**

**56.** (1) The municipality must cause a notice with the contents contemplated in section 57 to be served of at least the following applications:

**Openbare kennisgewing ooreenkomstig ander wette en geïntegreerde prosedures**

**54.** (1) Die munisipaliteit kan voordat kennis van 'n aansoek ingevolge artikel 55 of 56 gegee word op skriftelike versoek en by motivering deur 'n aansoeker bepaal dat—

*(a)* 'n prosedure vir openbare kennisgewing wat ingevolge 'n ander wet ten opsigte van die aansoek uitgevoer word openbare kennisgewing uitmaak vir die doel van 'n aansoek wat ingevolge hierdie Verordening gemaak word; of

*(b)* openbare kennisgewing wat ingevolge hierdie Verordening van die aansoek gegee word, gepubliseer kan word ooreenkomstig die vereistes vir openbare kennisgewing van toepassing op 'n verwante aansoek ingevolge 'n ander wet.

(2) Indien die munisipaliteit bepaal dat 'n aansoek soos beoog in subartikel (1)*(b)* gepubliseer kan word, moet 'n ooreenkoms aangegaan word tussen die munisipaliteit en die tersaaklike staatsorgane om die gelyktydige publisering van kennisgewings te fasiliteer.

**Publisering van kennisgewings**

**55.** (1) Behoudens artikel 54 moet die munisipaliteit ooreenkomstig subartikel (2) openbare kennisgewing laat gee van die volgende aansoeke:

*(a)* 'n aansoek om 'n hersonering;

*(b)* die onderverdeling van grond groter as vyf hektaar binne die buitenste grens van stedelike uitbreiding soos weergegee in die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;

*(c)* die onderverdeling van grond groter as een hektaar buite die buitenste grens van stedelike uitbreiding soos weergegee in die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;

*(d)* indien die munisipaliteit geen goedgekeurde munisipale ontwikkelingsraamwerk het nie, die onderverdeling van grond groter as vyf hektaar binne die fisiese rand, met inbegrip van bestaande goedkeurings van stedelike grondgebruik, van die bestaande stedelike gebied;

*(e)* indien die munisipaliteit geen goedgekeurde munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk het nie, die onderverdeling van grond groter as een hektaar buite die fisiese rand, met inbegrip van bestaande goedkeurings van stedelike grondgebruik, van die bestaande stedelike gebied;

*(f)* die sluiting van 'n openbare plek;

*(g)* 'n aansoek ten opsigte van 'n beperkende voorwaarde;

*(h)* ander aansoeke wat, indien goedgekeur, die openbare belang of die belange van die gemeenskap wesenlik sal raak.

(2) Openbare kennisgewing van 'n aansoek bedoel in subartikel (1) moet gegee word deur—

*(a)* 'n kennisgewing met die inhoud beoog in artikel 57 in koerante in algemene omloop in die betrokke gebied te publiseer, in minstens twee van die amptelike tale van die Provinsie wat die meeste in die betrokke gebied gepraat word;

*(b)* indien daar geen koerant in algemene omloop in die gebied is nie, 'n kennisgewing met die inhoud beoog in artikel 57 vir minstens die duur van die kennisgewingstydperk op die betrokke grond te plaas en op enige ander kennisgewingbord, soos die munisipaliteit kan bepaal; en

*(c)* 'n kennisgewing met die inhoud beoog in artikel 57 te publiseer op die munisipaliteit se webtuiste.

(3) Die munisipaliteit kan van die aansoeker vereis om die publisering soos beoog in subartikel (2) van die openbare kennisgewing van 'n aansoek te behartig.

(4) 'n Aansoeker wat 'n kennisgewing ingevolge hierdie artikel publiseer, moet binne die tydperk bepaal deur die munisipaliteit vanaf publikasie van die kennisgewing bewys aan die munisipaliteit verskaf, soos bepaal deur die munisipaliteit, dat die kennisgewing ooreenkomstig hierdie artikel gepubliseer is.

**Betekening van kennisgewings**

**56.** (1) Die munisipaliteit moet 'n kennisgewing met die inhoud beoog in artikel 57 laat beteken van minstens die volgende aansoeke:

*(a)* an application referred to in section 55(1);

*(b)* a determination of a zoning contemplated in section 23;

*(c)* an application for subdivision, amendment or cancellation of a subdivision plan contemplated in section 25(2)*(d)* and *(k)* respectively;

*(d)* an application for consolidation contemplated in section 25(2)*(e)*;

*(e)* the amendment, deletion or imposition of a condition contemplated in section 25(2)*(h)*.

(2) A notice contemplated in subsection (1) must be served—

*(a)* in accordance with section 45;

*(b)* in at least two of the official languages of the Province most spoken in the area concerned;

*(c)* on each person whose rights or legitimate expectations will be affected by the approval of the application; and

*(d)* on every owner of land adjoining the land concerned.

(3) The municipality may require the serving of a notice as contemplated in this section for any other application made in terms of this By-Law and that is not listed in subsection (1).

(4) The municipality may require the applicant to attend to the serving of a notice as contemplated in subsection (2).

(5) An applicant who serves a notice in terms of this section must within the period determined by the municipality from the service of that notice provide the municipality with proof, as determined by the municipality, of the service of the notice in accordance with subsection (2).

(6) The municipality may require the applicant to make the application available for inspection by members of the public at a public place determined by the municipality.

**Contents of notice**

**57.** When notice of an application must be published or served in terms of this By-Law, the notice must—

*(a)* provide the name and contact details of the applicant and the owner;

*(b)* identify the land or land unit to which the application relates by giving the property description and the physical address;

*(c)* state the intent and purpose of the application;

*(d)* state that a copy of the application and supporting documentation will be available for viewing during the hours and at the place mentioned in the notice;

*(e)* state the name and contact details of the person to whom comments must be addressed;

*(f)* invite members of the public to submit written comments, together with the reasons therefor, in respect of the application;

*(g)* state in what manner comments may be submitted;

*(h)* state the date by which the comments must be submitted, which date may not be less than 30 days from the date on which the notice was given; and

*(i)* state that any person who cannot write may during office hours come to an address stated in the notice where a named staff member of the municipality will assist those persons by transcribing their comments.

**Other methods of public notice**

**58.** (1) The municipality may, cause public notice to be given by one or more of the methods referred to in subsection (2)—

*(a)* to ensure additional public notice of applications listed in sections 55(1) if the municipality considers notice in accordance with sections 55 or 56 to be ineffective or expects that the notice would be ineffective; or

*(b)* to give public notice of any other application in terms of this By-Law.

*(a)* 'n aansoek bedoel in artikel 55(1);

*(b)* 'n bepaling van 'n sonering beoog in artikel 23;

*(c)* 'n aansoek om onderverdeling, wysiging of kansellasie van 'n onderverdelingsplan beoog in onderskeidelik artikel 25(2)*(d)* en *(k)*;

*(d)* 'n aansoek om konsolidering beoog in artikel 25(2)*(e)*;

*(e)* die wysiging, skrapping of oplegging van 'n voorwaarde beoog in artikel 25(2)*(h)*.

(2) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1) moet beteken word—

*(a)* ooreenkomstig artikel 45;

*(b)* in minstens twee van die amptelike tale van die Provinsie wat die meeste in die betrokke gebied gepraat word;

*(c)* op elke persoon wie se regte of regmatige verwagtinge geraak sal word deur die goedkeuring van die aansoek; en

*(d)* op elke eienaar van grond wat aan die betrokke grond grens.

(3) Die munisipaliteit kan die betekening van 'n kennisgewing soos beoog in hierdie artikel vereis vir enige ander aansoek wat ingevolge hierdie Verordening gedoen word en nie in subartikel (1) gelys word nie.

(4) Die munisipaliteit kan van die aansoeker vereis om die betekening van 'n kennisgewing soos beoog in subartikel (2) te behartig.

(5) 'n Aansoeker wat 'n kennisgewing ingevolge hierdie artikel beteken, moet binne die tydperk bepaal deur die munisipaliteit vanaf die betekening van daardie kennisgewing bewys aan die munisipaliteit verskaf, soos bepaal deur die munisipaliteit, van die betekening van die kennisgewing ooreenkomstig subartikel (2).

(6) Die munisipaliteit kan van die aansoeker verwag om die aansoek ter insae beskikbaar te stel aan die publiek by 'n openbare plek bepaal deur die munisipaliteit.

**Inhoud van kennisgewing**

**57.** Wanneer 'n kennisgewing van 'n aansoek ingevolge hierdie Verordening gepubliseer of beteken moet word, moet die kennisgewing—

*(a)* die naam en kontakbesonderhede van die aansoeker en die eienaar verskaf;

*(b)* die grond of grondeenheid waarmee die aansoek verband hou, identifiseer deur die eiendomsbeskrywing en die fisiese adres te vermeld;

*(c)* die oogmerk en doel van die aansoek vermeld;

*(d)* vermeld dat 'n afskrif van die aansoek en stawende dokumentasie op die tye en by die plek vermeld in die kennisgewing ter insae beskikbaar sal wees;

*(e)* die naam en kontakbesonderhede vermeld van die persoon aan wie kommentaar gerig moet word;

*(f)* lede van die publiek uitnooi om skriftelike kommentaar, tesame met die redes daarvoor, ten opsigte van die aansoek in te dien;

*(g)* vermeld op welke wyse kommentaar ingedien kan word;

*(h)* die datum vermeld waarteen die kommentaar ingedien moet wees, welke datum nie minder as 30 dae mag wees vanaf die datum waarop die kennis gegee is nie; en

*(i)* vermeld dat enige persoon wat nie kan skryf nie gedurende kantoorure na 'n adres vermeld in die kennisgewing kan kom waar 'n genoemde werknemer van die munisipaliteit daardie persone sal bystaan deur hul kommentaar op skrif te stel.

**Ander metodes van openbare kennisgewing**

**58.** (1) Die munisipaliteit mag openbare kennisgewing deur een of meer van die metodes bedoel in subartikel (2) laat gee—

*(a)* ten einde bykomende openbare kennisgewing van aansoeke gelys in artikel 55(1) te verseker indien die munisipaliteit kennisgewing ooreenkomstig artikels 55 of 56 ondoeltreffend beskou of verwag dat die kennisgewing ondoeltreffend sal wees; of

*(b)* ten einde openbare kennisgewing van enige ander aansoek ingevolge hierdie Verordening te gee.

(2) Public notice contemplated in subsection (1) may be given by—

*(a)* displaying a notice contemplated in section 57 of a size of at least 60 centimetres by 42 centimetres on the frontage of the erf concerned or at any other conspicuous and easily accessible place on the erf, provided that—

(i) the notice is displayed for a minimum of 30 days during any period that the public may comment on the application; and

(ii) the applicant, within 30 days from the last day of display of the notice, submits to the municipality—

*(aa)* an affidavit confirming the maintenance of the notice for the prescribed period; and

*(bb)* at least two photos of the notice, one from close up and one from across the street;

*(b)* convening a meeting for the purpose of informing affected members of the public of the application;

*(c)* broadcasting information regarding the application on a local radio station in a specified language;

*(d)* holding an open day or public meeting to notify and inform affected members of the public of the application;

*(e)* publishing the application on the municipality's website for the duration of the period within which the public may comment on the application; or

*(f)* obtaining letters of consent or objection to the application, provided that the letters are accompanied by acceptable evidence that the person signing the letter has been provided with correct and adequate information about the application.

(3) Additional public notice can be given simultaneously with notice given in accordance with sections 55 or 56 or thereafter.

(4) The municipality may require the applicant to attend to the publication of a notice as contemplated in subsection (2).

(5) An applicant who gives notice in terms of this section must within the period determined by the municipality of giving notice provide the municipality with proof, as determined by the municipality that notice has been given in accordance with subsection (2).

**Requirements for petitions**

**59.** (1) Comments in respect of an application submitted by the public in the form of a petition must clearly state—

*(a)* the contact details of the authorised representative of the signatories of the petition;

*(b)* the full name and physical address of each signatory; and

*(c)* the comments and reasons therefor.

(2) Notice to the person contemplated in subsection (1)*(a)* constitutes notice to all the signatories to the petition.

**Requirements for the submission of comments**

**60.** (1) A person may respond to a notice contemplated in sections 54, 55, 56 or 58 by commenting in writing in accordance with this section.

(2) Any comment made as a result of a notice process must be in writing and addressed to the person mentioned in the notice and must be submitted within the period stated in the notice and in the manner set out in this section.

(3) The comments must state the following:

*(a)* the name of the person concerned;

*(b)* the address or contact details at which the person or body concerned will receive notice or service of documents;

*(c)* the interest of the person in the application; and

*(d)* the reason for the comments.

(4) The reasons for any comment must be set out in sufficient detail in order to—

(2) Openbare kennisgewing beoog in subartikel (1) kan gegee word deur—

*(a)* 'n kennisgewing beoog in artikel 57 met 'n grootte van minstens 60 sentimeter by 42 sentimeter aan die voorkant van die betrokke erf of op enige ander opsigtelike en maklik bereikbare plek op die erf te vertoon, mits—

(i) die kennisgewing vir 'n minimum van 30 dae vertoon word gedurende enige tydperk wat die publiek kommentaar op die aansoek kan lewer; en

(ii) die aansoeker binne 30 dae vanaf die laaste dag van die vertoon van die kennisgewing die volgende indien by die munisipaliteit:

*(aa)* 'n beëdigde verklaring wat die instandhouding van die kennisgewing vir die voorgeskrewe tydperk bevestig; en

*(bb)* minstens twee foto's van die kennisgewing, een van naby en een van oorkant die straat;

*(b)* 'n vergadering byeen te roep vir die doel om geraakte lede van die publiek van die aansoek in kennis te stel;

*(c)* die inligting rakende die aansoek in 'n bepaalde taal op 'n plaaslike radiostasie uit te saai;

*(d)* 'n ope dag of openbare vergadering te hou om geraakte lede van die publiek van die aansoek in kennis te stel;

*(e)* die aansoek op die munisipaliteit se webtuiste te publiseer vir die duur van die tydperk waarbinne die publiek kommentaar op die aansoek kan lewer; of

*(f)* briewe van instemming of beswaar ten opsigte van die aansoek te bekom, mits die briewe vergesel word van aanvaarbare bewys dat korrekte en voldoende inligting oor die aansoek verskaf is aan die persoon wat die brief onderteken.

(3) Bykomende openbare kennisgewing kan gelyktydig met 'n kennisgewing ooreenkomstig artikels 55 of 56 gegee word of daarna.

(4) Die munisipaliteit kan van die aansoeker vereis om die publisering van 'n kennisgewing soos beoog in subartikel (2) te behartig.

(5) 'n Aansoeker wat ingevolge hierdie artikel kennis gee, moet binne die tydperk bepaal deur die munisipaliteit vandat kennis gegee is aan die munisipaliteit bewys lewer, soos bepaal deur die munisipaliteit, dat kennis ooreenkomstig subartikel (2) gegee is.

**Vereistes vir petisies**

**59.** (1) Kommentaar ten opsigte van 'n aansoek wat deur die publiek in die vorm van 'n petisie ingedien word, moet die volgende duidelik vermeld:

*(a)* die kontakbesonderhede van die gemagtigde verteenwoordiger van die ondertekenaars van die petisie;

*(b)* die volledige naam en fisiese adres van elke ondertekenaar; en

*(c)* die kommentaar en redes daarvoor.

(2) Kennis aan die persoon beoog in subartikel (1)*(a)* maak kennis aan al die ondertekenaars van 'n petisie uit.

**Vereistes vir indiening van kommentaar**

**60.** (1) 'n Persoon mag ooreenkomstig hierdie artikel skriftelik antwoord op 'n kennisgewing beoog in artikels 54, 55, 56 of 58.

(2) Enige kommentaar gelewer as gevolg van 'n kennisgewingsproses moet op skrif wees en gerig word aan die persoon vermeld in die kennisgewing en moet binne die tydperk vermeld in die kennisgewing en op die wyse uiteengesit in hierdie artikel ingedien word.

(3) Die kommentaar moet die volgende vermeld:

*(a)* die naam van die betrokke persoon;

*(b)* die adres of kontakbesonderhede waar die betrokke persoon of liggaam kennisgewing of die betekening van dokumente sal ontvang;

*(c)* die persoon se belang by die aansoek; en

*(d)* die redes vir die kommentaar.

(4) Die redes vir enige kommentaar moet in genoeg besonderhede uiteengesit word ten einde—

*(a)* indicate the facts and circumstances that explain the comments;

*(b)* where relevant demonstrate the undesirable effect, the application will have if approved;

*(c)* where relevant demonstrate any aspect of the application that is not considered consistent with applicable policy; and

*(d)* enable the applicant to respond to the comments.

(5) The municipality may refuse to accept comments submitted after the closing date.

**Intergovernmental participation process**

**61.** (1) Subject to section 45, of the Land Use Planning Act and section 54 of this By-Law, the municipality must, simultaneously with the notification to the applicant that an application is complete as contemplated in section 51(1)*(c)*(i) or (2) cause notice of the application together with a copy of the application to be given to every municipal department and organ of state that has an interest in the application and request their comment on the application.

(2) An organ of state must comment on an application within 60 days of-—

*(a)* the date of notification of a request for comment on the application; or

*(b)* receiving all the information necessary to comment if the application is not complete and a request for additional information is made within 14 days of the date of notification of the request for comment.

(3) If an organ of state fails to comment within the period referred to in subsection (2), the municipality must notify the organ of state's accounting officer or accounting authority contemplated in the Public Finance Management Act, 1999 (Act 1 of 1999), of the failure.

**Amendments before approval**

**62.** (1) An applicant may amend his or her application at any time before the approval of the application—

*(a)* at the applicant's own initiative;

*(b)* as a result of a comment submitted during the notice process; or

*(c)* at the request of the municipality.

(2) If an amendment to an application is material, the municipality must give notice of the amendment of an application to all municipal departments and other organs of state and service providers who commented on the application and request them to submit comments on the amended application within 21 days of the date of notification.

(3) If an amendment to an application is material, the municipality may require that further notice of the application be published or served in terms of section 54, 55, 56 or 58.

**Further public notice**

**63.** (1) The municipality may require that notice of an application be given again if more than 18 months have elapsed since the first public notice of the application and if the municipality has not considered the application.

(2) The municipality may, at any stage during the processing of the application if new information comes to its attention that is material to the consideration of the application, require—

*(a)* notice of an application to be given or served again in terms of section 54, 55, 56 or 58; and

*(b)* an application to be re-sent to municipal departments, and where applicable, other organs of state or service providers for comment.

*(a)* die feite en omstandighede aan te dui wat die kommentaar verduidelik;

*(b)* waar ter sake, die ongewenste uitwerking wat die aansoek sal hê indien dit goedgekeur word, uit te lê;

*(c)* waar ter sake, enige aspek van die aansoek uit te lê wat nie bestaanbaar met die toepaslike beleid geag word nie; en

*(d)* die aansoeker in staat te stel om op die kommentaar te antwoord.

(5) Die munisipaliteit mag weier om na die sluitingsdatum kommentaar te aanvaar.

**Interregeringsdeelnameproses**

**61.** (1) Behoudens artikel 45 van die Wet op Grondgebruiksbeplanning en artikel 54 van hierdie verordening moet 'n munisipaliteit gelyktydig met die kennisgewing aan die aansoeker dat die aansoek volledig is soos beoog in artikel 51(1)*(c)*(i) of (2), kennis van die aansoek tesame met 'n afskrif van die aansoek laat gee aan elke munisipale departement en staatsorgaan wat 'n belang het by die aansoek en hul kommentaar op die aansoek versoek.

(2) 'n Staatsorgaan moet op 'n aansoek kommentaar lewer binne 60 dae vanaf—

*(a)* die datum van kennisgewing van 'n versoek om kommentaar te lewer op die aansoek; of

*(b)* ontvangs van al die inligting wat nodig is om kommentaar te lewer indien die aansoek nie volledig is nie en 'n versoek om addisionele inligting gerig word binne 14 dae na die datum van kennisgewing van die versoek om kommentaar.

(3) Indien 'n staatsorgaan versuim om binne die tydperk na verwys in subartikel (2) kommentaar te lewer, moet die munisipaliteit die staatsorgaan se rekenpligtige beampte of rekenpligtige owerheid beoog in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999) in kennis stel van die versuim.

**Wysigings voor goedkeuring**

62 (1) 'n Aansoeker mag sy of haar aansoek te eniger tyd voor die goedkeuring van die aansoek wysig—

*(a)* op die aansoeker se eie inisiatief;

*(b)* as gevolg van kommentaar wat gedurende die kennisgewingstydperk ingedien is; of

*(c)* op versoek van die munisipaliteit.

(2) Indien 'n wysiging van 'n aansoek wesenlik is, moet die munisipaliteit kennis van die wysiging van 'n aansoek gee aan alle munisipale departemente en ander staatsorgane en diensverskaffers wat op die aansoek kommentaar gelewer het en hulle versoek om binne 21 dae vanaf die datum van kennisgewing kommentaar op die gewysigde aansoek te lewer.

(3) Indien 'n wysiging aan 'n aansoek wesenlik is, kan die munisipaliteit vereis dat verdere kennis van die aansoek ingevolge artikel 54, 55, 56 of 58 gepubliseer of beteken word.

**Verdere openbare kennisgewing**

**63.** (1) Die munisipaliteit mag vereis dat kennis van 'n aansoek weer gegee word indien meer as 18 maande sedert die eerste openbare kennisgewing van die aansoek verloop het en indien die munisipaliteit nie die aansoek oorweeg het nie.

(2) Die munisipaliteit kan in enige stadium gedurende die prosessering van die aansoek indien nuwe inligting onder sy aandag kom wat wesenlik by die oorweging van die aansoek is, vereis dat—

*(a)* kennis van 'n aansoek opnuut ingevolge artikel 54, 55, 56 of 58 gegee of beteken word; en

*(b)* 'n aansoek weer aan munisipale departemente, en waar van toepassing, ander staatsorgane of diensverskaffers vir kommentaar gestuur word.

**Liability for cost of notice**

**64.** The applicant is liable for the costs of publishing and serving of all notices notice of an application in terms of this By-Law.

**Right of applicant to reply**

**65.** (1) Copies of all comments and other information submitted to the municipality must be given to the applicant within 14 days after the closing date for public comment together with a notice informing the applicant of his or her rights in terms of this section.

(2) The applicant may, within 30 days from the date on which he or she received the comments, submit a written reply thereto to the municipality.

(3) The applicant may, before the expiry of the period of 30 days referred to in subsection (2), apply to the municipality for an extension of the period to submit a written reply, to an additional period not exceeding 14 days.

(4) If the applicant does not submit a reply within the period of 30 days or within an additional period contemplated in subsection (3) if granted, the applicant is considered to have no comment.

(5) The municipality may in writing request additional information or documents from the applicant as a result of the comments received, and the applicant must supply the information or documents within 30 days of notification of the written request or the further period agreed upon between the applicant and the municipality.

(6) If the applicant fails to provide the additional information or documents within the period contemplated in subsection (5), the municipality must consider the application without the information or documents and notify the applicant accordingly.

**Written assessment of application**

**66.** (1) An authorised employee must in writing in accordance with section 75 assess an application and make a recommendation to the decision-maker regarding the approval or refusal of the application.

(2) An assessment of an application must include a motivation for the recommendation and, where applicable, the proposed conditions of approval.

**Decision-making period**

**67.** (1) When an authorised employee decides in respect of an application as contemplated in section 79(1) and no integrated process in terms of another law is being followed, the authorised employee must decide on the application within 60 days, reckoned from—

*(a)* the last day for the submission of comments as contemplated in section 60(2) if no comments were submitted;

*(b)* the last day for the submission of the applicant's reply to comments submitted as contemplated in section 65(2) or (3); or

*(c)* the last day for the submission of additional information as contemplated in section 65(5).

(2) If no integrated process in terms of another law is being followed, as contemplated in subsection (1), the Tribunal must decide on the application within 120 days, calculated from the applicable date contemplated in subsection (1)*(a)* to *(c)*.

(3) The authorised employee or Tribunal, as the case may be, may extend the period contemplated in subsection (1)*(a)* to *(c)* in exceptional circumstances including the following:

*(a)* if an interested person has submitted a petition for intervener status;

*(b)* in the case of the Tribunal, if an oral hearing is to be held.

**Failure to act within timeframe**

**68.** Subject to sections 51(5), an applicant may lodge an appeal with the appeal authority if the authorised employee or the Tribunal fails to decide on an application within the period referred to in section 67(1) or (2).

**Aanspreeklikheid vir koste van kennisgewing**

**64.** Die aansoeker is aanspreeklik vir die koste van die gee en betekening van alle kennisgewings van 'n aansoek ingevolge hierdie verordening.

**Reg van aansoeker om te antwoord**

**65.** (1)Afskrifte van alle kommentaar en ander inligting wat by die munisipaliteit ingedien is, moet binne 14 dae vanaf die sluitingsdatum vir openbare kommentaar aan die aansoeker gegee word tesame met 'n kennisgewing wat die aansoeker van sy of haar regte ingevolge hierdie artikel in kennis stel.

(2) Die aansoeker kan binne 30 dae vanaf die datum waarop hy of sy die kommentaar ontvang het, 'n skriftelike antwoord daarop by die munisipaliteit indien.

(3) Die aansoeker kan voor die verstryking van die tydperk van 30 dae bedoel in subartikel (2) by die munisipaliteit aansoek doen om 'n verlenging van die tydperk om skriftelik te antwoord tot 'n bykomende tydperk van hoogstens 14 dae.

(4) Indien die aansoeker nie binne die tydperk van 30 dae of binne 'n bykomende tydperk beoog in subartikel (3), indien toegestaan, 'n antwoord indien nie word die aansoeker geag geen kommentaar te hê nie.

(5) Die munisipaliteit mag bykomende inligting of dokumente skriftelik van die aansoeker versoek as gevolg van die kommentaar ontvang, en die aansoeker moet die inligting of dokumente binne 30 dae vanaf die kennisgewing van die skriftelike versoek of die verdere tydperk waaroor die aansoeker en die munisipaliteit ooreen kan kom, verskaf.

(6) Indien die aansoeker versuim om die bykomende inligting of dokumente binne die tydperk beoog in subartikel (5) te verskaf, moet die munisipaliteit die aansoek sonder die inligting of dokumente oorweeg en die aansoeker dienooreenkomstig inlig.

**Skriftelike evaluering van aansoek**

**66.** (1) 'n Gemagtigde werknemer moet 'n aansoek ooreenkomstig artikel 75 skriftelik evalueer en 'n aanbeveling aan die besluitnemer maak rakende die goedkeuring of weiering van die aansoek.

(2) 'n Evaluering van 'n aansoek moet 'n motivering vir die aanbeveling en, waar van toepassing, die voorgestelde voorwaardes van goedkeuring insluit.

**Besluitnemingstydperk**

**67.** (1)Wanneer 'n gemagtigde werknemer 'n besluit neem ten opsigte van 'n aansoek soos beoog in artikel 79(1) en geen geïntegreerde proses ingevolge 'n ander wet gevolg word nie moet die gemagtigde werknemer binne 60 dae oor die aansoek besluit, gereken vanaf—

*(a)* die laaste dag vir die indiening van kommentaar soos beoog in artikel 60(2) indien geen kommentaar ingedien is nie;

*(b)* die laaste dag vir die indiening van die aansoeker se antwoord op kommentaar soos beoog in artikel 65(2) of (3); of

*(c)* die laaste dag vir die indiening van bykomende inligting soos beoog in artikel 65(5).

(2) Indien geen geïntegreerde proses ingevolge 'n ander wet gevolg word nie, soos beoog in subartikel (1), moet die Tribunaal binne 120 dae, bereken vanaf die toepaslike datum beoog in subartikel (1)(a) tot *(c)*, oor die aansoek besluit.

(3) Die gemagtigde werknemer of Tribunaal, na gelang van die geval, kan die tydperk beoog in subartikel (1) of (2) verleng in uitsonderlike omstandighede, met inbegrip van die volgende:

*(a)* indien 'n belanghebbende persoon 'n petisie vir toetrederstatus ingedien het;

*(b)* in die geval van die Tribunaal, indien 'n mondelinge verhoor gehou sal word.

**Versuim om binne tydraamwerk te handel**

**68.** Behoudens artikel 51(5) kan 'n aansoeker appèl by die appèlgesag aanteken indien die gemagtigde werknemer of die Tribunaal versuim om binne die tydperk bedoel in artikel 67(1) of (2) oor 'n aansoek te besluit.

**Powers to conduct routine inspections**

**69.** (1) An authorised employee or member of the Tribunal may, in accordance with the requirements of this section, enter land or a building to conduct an inspection for the purpose of obtaining information to assess an application in terms of this By-Law and to prepare a written assessment contemplated in section 66.

(2) When conducting an inspection, the authorised employee or member of the Tribunal may—

*(a)* request that any record, document or item that is relevant to the purpose of the investigation be produced to assist in the inspection;

*(b)* make copies of or take extracts from any document produced by virtue of paragraph *(a)* that is related to the inspection;

*(c)* on providing a receipt, remove a record, document or other item that is related to the inspection; or

*(d)* inspect any building or structure and make enquiries regarding that building or structure.

(3) No person may interfere with a person referred to in subsection (1) who is conducting an inspection as contemplated in subsection (1).

(4) The authorised employee or member of the Tribunal must, on request, produce identification showing that he or she is authorised to conduct the inspection.

(5) An inspection under subsection (1) must take place at a reasonable time after reasonable notice has been given to the owner, occupier or person in lawful control of the land or building and with the written consent of the owner, occupier or person in lawful control of the land or building.

**Decisions on applications**

**70.** An employee authorised by virtue of section 79(1), or the Tribunal, by virtue of section 79(2), as the case may be, may in respect of an application contemplated in section 25(2)—

*(a)* approve, in whole or in part, or refuse that application;

*(b)* upon the approval of that application, impose conditions in terms of section 76;

*(c)* conduct any necessary inspection to assess an application in terms of section 69;

*(d)* in the case of the Tribunal, appoint a technical adviser to advise or assist in the performance of the Tribunal's functions in terms of this By-Law.

**Notification and coming into operation of decision**

**71.** (1) The municipality must, within 21 days of its decision, in writing notify the applicant and any person whose rights are affected by the decision of the decision, the reasons for the decision and their right to appeal, if applicable.

(2) A notice contemplated in subsection (1) must inform an applicant when an approval comes into operation.

(3) If the owner has appointed an agent, the owner must take steps to ensure that the agent notifies him or her of the decision of the municipality.

(4) An approval comes into operation only after the expiry of the period contemplated in section 89(2) within which an appeal must be lodged if no appeal has been lodged.

(5) Subject to subsection (6), the operation of the approval of an application that is the subject of an appeal is suspended pending the decision of the appeal authority on the appeal.

(6) If an appeal is lodged only against conditions imposed in terms of section 76, the Tribunal or the authorised employee who imposed the conditions may determine that the approval of the application is not suspended.

**Duties of agent**

**72.** (1) An agent must ensure that he or she has the contact details of the owner on whose behalf he or she is authorised to act.

**Bevoegdhede om roetine-ondersoeke uit te voer**

**69.** (1) 'n Gemagtigde werknemer of lid van die Tribunaal kan ooreenkomstig die vereistes van hierdie artikel grond of 'n gebou betree om 'n ondersoek uit te voer vir die doel om inligting te bekom om 'n aansoek ingevolge hierdie Verordening te evalueer en 'n skriftelike evaluering beoog in artikel 66 voor te berei.

(2) Wanneer 'n ondersoek uitgevoer word, kan die gemagtigde werknemer of lid van die Tribunaal—

*(a)* versoek dat enige rekord, dokument of item wat betrekking het op die doel van die ondersoek verskaf word om met die ondersoek te help;

*(b)* afskrifte maak van of uittreksels neem uit enige dokument verskaf uit hoofde van paragraaf *(a)* wat met die ondersoek verband hou;

*(c)* by verskaffing van 'n kwitansie, 'n rekord, dokument of ander item wat met die ondersoek verband hou, verwyder; of

*(d)* enige gebou of struktuur ondersoek en navrae doen rakende daardie gebou of struktuur.

(3) Geen persoon mag inmeng wanneer 'n persoon bedoel in subartikel (1) besig is om 'n ondersoek soos beoog in subartikel (1) uit te voer nie.

(4) Die gemagtigde werknemer of lid van die Tribunaal moet, op versoek, identifikasie verskaf wat aantoon dat hy of sy gemagtig is om die ondersoek uit te voer.

(5) 'n Ondersoek kragtens subartikel (1) moet op 'n redelike tyd plaasvind nadat redelike kennis gegee is aan die eienaar, bewoner of persoon wat die grond of gebou wettig beheer en met die skriftelike toestemming van die eienaar, bewoner of persoon wat die grond of gebou wettig beheer.

**Besluite oor aansoek**

**70.** 'n Werknemer gemagtig uit hoofde van artikel 79(1), of die Tribunaal, ingevolge artikel 79(2), na gelang van die geval, kan ten opsigte van 'n aansoek beoog in artikel 25(2)—

*(a)* daardie aansoek goedkeur, in die geheel of gedeeltelik, of weier;

*(b)* by die goedkeuring van daardie aansoek voorwaardes ingevolge artikel 76 oplê;

*(c)* enige nodige ondersoek uitvoer om 'n aansoek ingevolge artikel 69 te evalueer;

*(d)* in die geval van die Tribunaal, 'n tegniese raadgewer aanstel om raad te gee of bystand te verleen met die verrigting van die Tribunaal se werksaamhede ingevolge hierdie Verordening.

**Kennisgewing en inwerkingtreding van besluit**

**71.** (1) Die munisipaliteit moet binne 21 dae vanaf sy besluit die aansoeker en enige persoon wie se regte deur die besluit geraak word van die besluit, die redes vir die besluit en hul reg tot appèl, indien van toepassing, skriftelik in kennis stel.

(2) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (1) moet 'n aansoeker in kennis stel wanneer 'n goedkeuring in werking tree.

(3) Indien die eienaar 'n agent aangestel het, moet die eienaar stappe doen om toe te sien dat die agent hom of haar van die besluit van die munisipaliteit in kennis stel.

(4) 'n Goedkeuring tree in werking slegs ná die verstryking van die appèltydperk beoog in artikel 89(2), indien geen appèl aangeteken is nie.

(5) Behoudens subartikel (6) is die werking van die goedkeuring van 'n aansoek wat die onderwerp van 'n appèl is, opgeskort hangende die besluit van die appèlgesag oor die appèl.

(6) Indien 'n appèl aangeteken is slegs teen voorwaardes wat ingevolge artikel 76 opgelê is, kan die Tribunaal of die gemagtigde werknemer wat die voorwaardes opgelê het, bepaal dat die goedkeuring van die aansoek nie opgeskort is nie.

**Pligte van agent**

**72.** (1) 'n Agent moet toesien dat hy of sy die kontakbesonderhede van die eienaar het namens wie hy of sy gemagtig is om op te tree.

(2) An agent may not provide information or make a statement in support of an application which information or statement he or she knows or believes to be misleading, false or inaccurate.

**Errors and omissions**

**73.** (1) The municipality may at any time correct an error in the wording of its decision if the correction does not change the decision or result in an alteration, insertion, suspension or deletion of a condition of approval.

(2) The municipality may, on its own initiative or on application by the applicant or interested party, upon good cause shown, condone an error in a procedure, if the condonation does not have a material adverse effect on, or unreasonably prejudice, any party.

**Exemptions to facilitate expedited procedures**

**74.** (1) The municipality may in writing and subject to section 60 of the Land Use Planning Act—

*(a)* exempt a development from compliance with a provision of this By-Law to reduce the financial or administrative burden of—

(i) integrated application processes contemplated in section 54;

(ii) the provision of housing with the assistance of a state subsidy; or

(iii) incremental upgrading of existing settlements;

*(b)* in an emergency authorise that a development may depart from any of the provisions of this By-Law.

(2) If the Provincial Minister grants an exemption or authorisation to deviate from a provision of the Land Use Planning Act to the municipality in terms of section 60 of the Land Use Planning Act, the municipality is exempted from or authorised to deviate from any provision in this By-Law that corresponds to the provision of the Land Use Planning Act in respect of which an exemption was granted or deviation was authorised.

## CHAPTER VI

## CRITERIA FOR DECISION-MAKING

**General criteria for consideration of applications**

**75.** When the municipality considers an application, it must have regard to the following:

*(a)* the application submitted in terms of this By-Law;

*(b)* the procedure followed in processing the application;

*(c)* the desirability of the proposed utilisation of land and any guidelines issued by the Provincial Minister regarding the desirability of proposed land uses;

*(d)* the comments in response to the notice of the application, including comments received from organs of state, municipal departments and the Provincial Minister in terms of section 45 of the Land Use Planning Act;

*(e)* the response by the applicant, if any, to the comments referred to in paragraph *(d)*;

*(f)* investigations carried out in terms of other laws that are relevant to the consideration of the application;

*(g)* a written assessment by a registered planner appointed by the municipality in respect of an application for—

(i) a rezoning;

(ii) a subdivision of more than 20 cadastral units;

(iii) a removal, suspension or amendment of a restrictive condition if it relates to a change of land use;

(iv) an amendment, deletion or imposition of additional conditions in respect of an existing use right;

(v) an approval of an overlay zone contemplated in the Development Management Scheme;

(2) 'n Agent mag nie ter ondersteuning van 'n aansoek inligting verskaf of 'n verklaring maak welke inligting of stelling hy of sy weet of van mening is dat dit misleidend, onwaar of onakkuraat is nie.

**Foute en weglatings**

**73.** (1) Die munisipaliteit mag te eniger tyd 'n fout in die bewoording van sy besluit regstel indien die regstelling nie die besluit verander of 'n verandering, invoeging, opskorting of skrapping van 'n voorwaarde van goedkeuring tot gevolg het nie.

(2) Die munisipaliteit mag, uit eie beweging of by aansoek deur die aansoeker of belanghebbende party, by aanvoering van goeie gronde, 'n fout in 'n prosedure oorsien, indien die oorsiening nie 'n wesenlike nadelige uitwerking het op enige party nie of enige party onredelik benadeel nie.

**Vrystellings om bespoedigde prosedures te fasiliteer**

**74.** (1) Die munisipaliteit mag skriftelik en behoudens artikel 60 van die Wet op Grondgebruikbeplanning—

*(a)* 'n ontwikkeling vrystel van voldoening aan 'n bepaling van hierdie Verordening ten einde die finansiële of administratiewe las van die volgende te verminder:

(i) geïntegreerde aansoekprosesse beoog in artikel 54;

(ii) die verskaffing van behuising met behulp van 'n staatsubsidie; of

(iii) stapsgewyse opgradering van bestaande nedersettings;

*(b)* in 'n noodsituasie magtiging verleen dat 'n ontwikkeling van enige van die bepalings van hierdie verordening kan afwyk.

(2) Indien die Provinsiale Minister ingevolge artikel 60 van die Wet op Grondgebruikbeplanning 'n vrystelling of magtiging om af te wyk van 'n bepaling van die Wet op Grondgebruikbeplanning verleen, is die munisipaliteit vrygestel, of is hy gemagtig om af te wyk, van enige bepaling in hierdie Verordening wat ooreenstem met die bepaling van die Wet op Grondgebruikbeplanning ten opsigte waarvan 'n vrystelling verleen of 'n afwyking gemagtig is.

## HOOFSTUK VI

## MAATSTAWWE VIR BESLUITNEMING

**Algemene maatstawwe vir oorweging van aansoeke**

**75.** Wanneer die munisipaliteit 'n aansoek oorweeg, moet hy die volgende in ag neem:

*(a)* die aansoek ingedien ingevolge hierdie verordening;

*(b)* die prosedure wat gevolg is om die aansoek te prosesseer;

*(c)* die wenslikheid van die voorgestelde aanwending van grond en enige riglyne uitgereik deur die Provinsiale Minister rakende die wenslikheid van voorgestelde grondgebruike;

*(d)* die kommentaar in antwoord op die kennisgewing van die aansoek, met inbegrip van kommentaar ontvang van staatsorgane, munisipale departemente en die Provinsiale Minister ingevolge artikel 45 van die Wet op Grondgebruikbeplanning;

*(e)* die antwoord deur die aansoeker, indien enige, op die kommentaar bedoel in paragraaf *(d)*;

*(f)* ondersoeke wat ingevolge ander wette uitgevoer word en tersaaklik tot die oorweging van die aansoek is;

*(g)* 'n skriftelike evaluering deur 'n geregistreerde beplanner deur die munisipaliteit aangestel ten opsigte van 'n aansoek om—

(i) 'n hersonering;

(ii) 'n onderverdeling van meer as 20 kadastrale eenhede;

(iii) 'n opheffing, opskorting of wysiging van 'n beperkende voorwaarde indien dit met 'n verandering van grondgebruik verband hou;

(iv) 'n wysiging, skrapping of oplegging van bykomende voorwaardes ten opsigte van 'n bestaande gebruiksreg;

(v) 'n goedkeuring van 'n oorlegsone beoog in die soneringskema;

(vi) a phasing, amendment or cancellation of a subdivision plan or part thereof;

(vii) a closure of a public place or part thereof;

*(h)* the impact of the proposed land development on municipal engineering services;

*(i)* the integrated development plan, including the municipal spatial development framework;

*(j)* the integrated development plan of the district municipality, including its and spatial development framework where applicable;

*(k)* the applicable local spatial development frameworks adopted by the municipality;

*(l)* the applicable structure plans;

*(m)* the applicable policies of the municipality that guide decision-making;

*(n)* the provincial spatial development framework;

*(o)* where applicable, a regional spatial development framework contemplated in section 18 of the Spatial Planning and Land Use Management Act and provincial regional spatial development framework;

*(p)* the policies, principles and the planning and development norms and criteria set by the national and provincial government;

*(q)* the matters referred to in section 42 of the Spatial Planning and Land Use Management Act;

*(r)* the principles referred to in Chapter Vl of the Land Use Planning Act; and

*(s)* the applicable provisions of the Development Management Scheme; and

*(t)* any restrictive condition applicable to the land concerned.

**Conditions of approval**

**76.** (1) The municipality may approve an application subject to reasonable conditions that arise from the approval of the proposed utilisation of land.

(2) Conditions imposed in accordance with subsection (1) may include conditions relating to—

*(a)* the provision of engineering services and infrastructure;

*(b)* requirements relating to engineering services as contemplated in section 92 and 93;

*(c)* the cession of land or the payment of money;

*(d)* settlement restructuring;

*(e)* agricultural or heritage resource conservation;

*(f)* biodiversity conservation and management;

*(g)* the provision of housing with the assistance of a state subsidy, social facilities or social infrastructure;

*(h)* energy efficiency;

*(i)* requirements aimed at addressing climate change;

*(j)* the establishment of an owners' association in respect of the approval of a subdivision;

*(k)* the provision of land needed by other organs of state;

*(l)* the endorsement of the Deeds Registries Act in respect of public places where the ownership thereof vests in the municipality;

*(m)* the provision of land needed for public places or the payment of money in lieu of the provision of land for that purpose;

*(n)* the extent of land to be ceded to the municipality for the purpose of a public open space or road as determined in accordance with a policy adopted by the municipality;

*(o)* the registration of public places in the name of the municipality;

*(p)* the transfer of ownership to the municipality of land needed for other public purposes;

*(q)* the implementation of a subdivision in phases;

(vi) 'n fasering, wysiging of kansellasie van 'n onderverdelingsplan of 'n gedeelte daarvan;

(vii) 'n sluiting van 'n openbare plek of 'n gedeelte daarvan;

*(h)* die impak van die voorgestelde grondontwikkeling op munisipale ingenieursdienste;

*(i)* die geïntegreerde ontwikkelingsplan, met inbegrip van die munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;

*(j)* die geïntegreerde ontwikkelingsplan van die distriksmunisipaliteit, met inbegrip van die ruimtelike ontwikkelingsraamwerk , waar van toepassing;

*(k)* die toepaslike plaaslike ruimtelike ontwikkelingsraamwerke aangeneem deur die munisipaliteit;

*(l)* die toepaslike struktuurplanne;

*(m)* die toepaslike beleide van die munisipaliteit wat besluitneming lei;

*(n)* die provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;

*(o)* waar van toepassing, 'n streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk beoog in artikel 18 van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur en provinsiale streeks- ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;

*(p)* die beleide, beginsels en die norme en maatstawwe vir beplanning en ontwikkeling wat deur die nasionale en provinsiale regering gestel word;

*(q)* die aangeleenthede bedoel in artikel 42 van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur;

*(r)* die beginsels bedoel in Hoofstuk VI van die Wet op Grondgebruikbeplanning;

*(s)* die toepaslike bepalings van die soneringskema; en

*(t)* enige beperkende voorwaarde wat op die betrokke grond van toepassing is.

**Voorwaardes van goedkeuring**

**76.** (1) Die munisipaliteit mag 'n aansoek goedkeur behoudens redelike voorwaardes wat uit die goedkeuring van die voorgestelde aanwending van grond voortspruit.

(2) Voorwaardes wat ooreenkomstig subartikel (1) opgelê word, kan voorwaardes insluit in verband met—

*(a)* die verskaffing van ingenieursdienste en infrastruktuur;

*(b)* vereistes rakende ingenieursdienste soos beoog in artikels 92 en 93;

*(c)* die oordrag van grond of die betaling van geld;

*(d)* die herstrukturering van nedersettings;

*(e)* die bewaring van landbou- of erfenishulpbronne;

*(f)* die bewaring en bestuur van biodiversiteit;

*(g)* die verskaffing van behuising met behulp van 'n staatsubsidie, maatskaplike fasiliteite of maatskaplike infrastruktuur;

*(h)* energiedoelmatigheid;

*(i)* vereistes om aandag te gee aan klimaatsverandering;

*(j)* die instelling van 'n eienaarsvereniging ten opsigte van die goedkeuring van 'n onderverdeling;

*(k)* die verskaffing van grond benodig deur ander staatsorgane;

*(l)* die endossering van die Registrasie van Aktes Wet ten opsigte van openbare plekke waar die eienaarskap daarvan in die munisipaliteit vestig;

*(m)* die verskaffing van grond benodig vir openbare plekke of die betaling van geld in plaas van die verskaffing van grond vir daardie doel;

*(n)* die omvang van grond wat aan die munisipaliteit oorgedra staan te word vir die doel van 'n openbare oop ruimte of pad soos bepaal ooreenkomstig 'n beleid aangeneem deur die munisipaliteit;

*(o)* die registrasie van openbare plekke in die naam van die munisipaliteit;

*(r)* requirements of other organs of state;

*(s)* the submission of a construction management plan to manage the impact of the construction of a new building on the surrounding properties or on the environment;

*(t)* agreements to be entered into in respect of certain conditions;

*(u)* the phasing of a development, including lapsing clauses relating to such phasing;

*(v)* the delimitation of development parameters or land uses that are set for a particular zoning;

*(w)* the setting of a validity period and any extensions thereto;

*(x)* the setting of a period within which a particular condition must be met;

*(y)* any other development requirements for a temporary departure for a specific occasion or event, which must include—

(i) parking and the number of ablution facilities required;

(ii) the maximum duration or occurrence of the occasional use; and

(iii) any other development parameters that the municipality may determine.

*(z)* the payment of a contravention penalty in respect of the unlawful utilisation of land.

(3) If the municipality imposes a condition contemplated in subsection (2)*(a)* or *(b)*, an engineering services agreement must be concluded between the municipality and the owner of the land concerned before the construction of infrastructure commences on the land.

(4) A condition contemplated in subsection (2)*(c)* may require only a proportional contribution to municipal public expenditure according to the normal need therefor arising from the approval, as determined by the municipality in accordance with section 93(7) and any other applicable provincial norms and standards.

(5) Municipal public expenditure contemplated in subsection (4) includes but is not limited to municipal public expenditure for municipal service infrastructure and amenities relating to—

*(a)* community facilities, including play equipment, street furniture, crèches, clinics, sports fields, indoor sports facilities or community halls;

*(b)* nature conservation;

*(c)* energy conservation;

*(d)* climate change; or

*(e)* engineering services.

(6) Except for land needed for public places or internal engineering services, any additional land required by the municipality or other organs of state arising from an approved subdivision must be acquired subject to the applicable laws that provide for the acquisition or expropriation of land.

(7) An owners' association or home owners' association that came into being by virtue of a condition imposed under the Land Use Planning Ordinance, 1985 (Ordinance 15 of 1985) and that exists immediately before the commencement of this By-Law is regarded as an owners' association that came into being by virtue of a condition imposed by the municipality in accordance with this By-Law.

(8) The municipality may not approve a land use application subject to a condition that approval in terms of other legislation is required.

(9) Conditions requiring a standard to be met must specifically refer to an approved or published standard.

(10) No conditions may be imposed that rely on a third party for fulfilment.

*(p)* die oordrag van eienaarskap aan die munisipaliteit van grond wat vir ander openbare doeleindes benodig word;

*(q)* die implementering van 'n onderverdeling in fases;

*(r)* vereistes van ander staatsorgane;

*(s)* die indiening van 'n boubestuursplan om die impak van die bou van 'n nuwe gebou op die omliggende eiendomme of op die omgewing te bestuur;

*(t)* ooreenkomste wat aangegaan moet word ten opsigte van sekere voorwaardes;

*(u)* die fasering van 'n ontwikkeling, met inbegrip van vervalklousules wat met sodanige fasering verband hou;

*(v)* die afbakening van ontwikkelingsparameters of grondgebruike wat vir 'n bepaalde sonering gestel word;

*(w)* die stel van 'n geldigheidstydperk en enige verlengings daarvan;

*(x)* die stel van 'n tydperk waarbinne daar aan 'n bepaalde voorwaarde voldoen moet word;

*(y)* enige ander ontwikkelingsvereistes vir 'n tydlike afwyking vir 'n spesifieke geleentheid of gebeurtenis moet insluit:

(i) parkering en die getal vereiste ablusiegeriewe;

(ii) die maksimum duur of voorkoms van die geleentheidsgebruik; en

(iii) enige ander ontwikkelingsparameters wat die munisipaliteit mag bepaal.

*(z)* die betaling van 'n strydigheidsboete t.o.v. die onwettige aanwending van grond.

(3) Indien die munisipaliteit 'n voorwaarde beoog in subartikel (2)*(a)* of *(b)* oplê, moet 'n ooreenkoms vir ingenieursdienste tussen die munisipaliteit en die eienaar van die betrokke grond gesluit word voor die bouwerk aan infrastruktuur op die grond begin.

(4) 'n Voorwaarde beoog in subartikel (2)*(c)* kan slegs 'n proporsionele bydrae tot munisipale openbare uitgawes vereis volgens die normale behoefte daaraan wat uit die goedkeuring voortspruit, soos bepaal deur die munisipaliteit ooreenkomstig artikel 93(7) en enige ander toepaslike provinsiale norme en standaarde.

(5) Munisipale openbare uitgawes beoog in subartikel (4) sluit munisipale openbare uitgawes in wat met die volgende munisipaledienste-infrastruktuur en—geriewe verband hou, maar is nie daartoe beperk nie:

*(a)* gemeenskapsfasiliteite, met inbegrip van speeltoerusting, straatmeubels, bewaarskole, klinieke, sportgronde, binnenshuise sportfasiliteite of gemeenskapsale;

*(b)* natuurbewaring;

*(c)* energiebesparing;

*(d)* klimaatsverandering; of

*(e)* ingenieursdienste.

(6) Behalwe vir grond wat vir openbare plekke of interne ingenieursdienste benodig word, moet enige bykomende grond benodig deur die munisipaliteit of ander staatsorgane wat uit 'n goedgekeurde onderverdeling voortspruit, verkry word behoudens die toepaslike wette wat vir die verkryging of onteiening van grond voorsiening maak.

(7) 'n Eienaarsvereniging of huiseienaarsvereniging wat uit hoofde van 'n voorwaarde opgelê kragtens die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), tot stand gekom het en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Verordening bestaan, word geag as 'n eienaarsvereniging wat uit hoofde van 'n voorwaarde opgelê deur die munisipaliteit ooreenkomstig hierdie Verordening tot stand gekom het.

(8) Die munisipaliteit mag nie 'n grondgebruikaansoek goedkeur behoudens 'n voorwaarde dat goedkeuring ingevolge ander wetgewing vereis word nie.

(9) Voorwaardes wat vereis dat daar aan 'n standaard voldoen moet word, moet spesifiek na 'n goedgekeurde of gepubliseerde standaard verwys.

(10) Geen voorwaardes, wat op 'n derde party vir voldoening staatmaak, mag opgelê word nie.

(11) Indien die munisipaliteit 'n grondgebruikaansoek behoudens voor-

(11)If the municipality approves a land use application subject to conditions, it must specify which conditions must be complied with before the sale, development or registration of transfer of the land, or the registration of a certificate of registered title or certificate of consolidated title.

## CHAPTER VII

## EXTENSION OF VALIDITY PERIOD OF APPROVALS

### Applications for extension of validity period

**77.** (1) The Municipality may, on a date before or after the expiry of the validity period of an approval, approve an application for the extension of a validity period imposed in terms of a condition of approval if the application for the extension of the period was submitted before the expiry of the validity period.

(2) When the municipality considers an application in terms of subsection (1), it must have regard to the following:

*(a)* whether the circumstances prevailing at the time of the original approval have materially changed;

*(b)* whether the legislative or policy requirements applicable to the approval that prevailed at the time of the original approval have materially changed; and

*(c)* whether there is a pending review application in court which may influence the date of implementation of the approval.

(3) If there are material changes in circumstances or in legislative or policy requirements that will necessitate new conditions of approval if an extension of a validity period is approved, an application contemplated in section 25(2)*(h)* must be submitted for consideration before or simultaneously with the application for the extension of a validity period.

(4) The extended validity period takes effect on and is reckoned from the expiry date of the validity period applicable to the original approval or from the expiry date of the previously extended validity period approved in terms of this By-Law.

## CHAPTER VIII

## MUNICIPAL PLANNING DECISION-MAKING STRUCTURES

### Municipal planning decision-making structures

**78.** Applications and appeals are decided by—

*(a)* an authorised employee who has been authorised by the municipality to consider and determine the applications contemplated in subsection 79(1);

*(b)* the Tribunal, where the powers and duties to consider and determine an application have not been delegated to an authorised employee contemplated in section 79(2); or

*(c)* the appeal authority where an appeal has been lodged against a decision of the authorised employee or the Tribunal.

### Consideration of applications

**79.** (1) The municipality may categorise applications for consideration and determination by an authorised employee and must delegate the powers and duties to decide on those applications to that authorised employee.

(2) The Tribunal considers and determines all applications, other than those in respect of which the powers and duties to consider and determine them have been assigned and delegated to an authorised employee in terms of subsection (1).

### Establishment of Tribunal

**80.** (1) The municipality must—

*(a)* establish a Municipal Planning Tribunal for its municipal area;

waardes goedkeur, moet hy vermeld welke voorwaardes aan voldoen moet word voor die verkoop, ontwikkeling of registrasie van oordrag van die grond, of die registrasie van 'n sertifikaat van geregistreerde titelakte of sertifikaat van gekonsolideerde titel.

## HOOFSTUK VII

## VERLENGING VAN GELDIGHEIDSTYDPERK VAN GOEDKEURINGS

### Aansoeke om verlenging van geldigheidstydperk

**77.** (1) Die munisipaliteit mag, op 'n datum voor of na die verstryking van die geldigheidstydperk van 'n goedkeuring, 'n aansoek om die verlenging van die geldigheidstydperk wat ingevolge 'n voorwaarde van goedkeuring opgelê is goedkeur indien die aansoek om die verlenging van die tydperk voor die verstryking van die geldigheidstydperk ingedien is.

(2)Wanneer die munisipaliteit 'n aansoek ingevolge subartikel (1) oorweeg, moet hy die volgende in ag neem:

*(a)* of die omstandighede wat ten tye van die oorspronklike goedkeuring gegeld het wesenlik verander het;

*(b)* of die vereistes van wetgewing of beleid wat op die goedkeuring van toepassing was en wat ten tyde van die oorspronklike goedkeuring gegeld het wesenlik verander het; en

*(c)* of daar 'n hangende hersieningsaansoek voor die hof is wat 'n uitwerking op die datum van implementering van die goedkeuring kan hê.

(3) Indien daar wesenlike veranderinge in omstandighede of in vereistes van wetgewing of beleid is wat nuwe voorwaardes van goedkeuring sal noodsaak indien 'n verlenging van 'n geldigheidstydperk goedgekeur word, moet 'n aansoek beoog in artikel 25(2)*(h)* voor of gelyktydig met die aansoek om die verlenging van 'n geldigheidstydperk vir oorweging ingedien word.

(4) Die verlengde geldigheidstydperk tree in werking op en word gereken vanaf die verstrykingsdatum van die geldigheidstydperk van toepassing op die oorspronklike goedkeuring of vanaf die verstrykingsdatum van die voorheen verlengde geldigheidstydperk wat ingevolge hierdie Verordening goedgekeur is.

## HOOFSTUK VIII

## BESLUITNEMINGSTRUKTURE VIR MUNISIPALE BEPLANNING

### Besluitnemingstrukture vir munisipale beplanning

**78.** Aansoeke en appellé word oor besluit deur—

*(a)* 'n gemagtigde werknemer wat deur die munisipaliteit gemagtig is om die aansoeke beoog in subartikel 79(1) te oorweeg en te bepaal;

*(b)* die Tribunaal, waar die bevoegdhede en pligte om 'n aansoek te oorweeg en te bepaal nie aan 'n gemagtigde werknemer gedelegeer is nie, soos beoog in artikel 79(2); of

*(c)* die appèlgesag, waar appèl aangeteken is teen 'n besluit van die gemagtigde werknemer of die Tribunaal.

### Oorweging van aansoeke

**79.** (1) Die munisipaliteit kan aansoeke vir die oorweging en bepaling van 'n gemagtigde werknemer kategoriseer en moet die bevoegdhede en pligte om oor daardie aansoeke te besluit aan daardie gemagtigde werknemer delegeer.

(2) Die Tribunaal oorweeg en bepaal alle aansoeke, behalwe daardie ten opsigte waarvan die bevoegdhede en pligte om dit te oorweeg en te bepaal aan 'n gemagtigde werknemer ingevolge subartikel (1) opgedra en gedelegeer is.

### Instelling van Tribunaal

**80.** (1) Die munisipaliteit moet—

*(a)* 'n Munisipale Beplanningstribunaal vir sy munisipale gebied instel;

*(b)* by agreement with one or more municipalities establish a joint Municipal Planning Tribunal; or

*(c)* agree to the establishment of a district Municipal Planning Tribunal by the district municipality.

(2) An agreement referred to in subsection (1)*(b)* or *(c)* must provide for—

*(a)* the composition of the Tribunal;

*(b)* the terms and conditions of appointment of members of the Tribunal;

*(c)* the determination of rules and procedures at meetings of the Tribunal; and

*(d)* other matters as may be prescribed in terms of the Spatial Planning and Land Use Management Act.

**Composition of Tribunal for municipal area**

**81.** (1) A Tribunal established in terms of section 80(1)*(a)* must consist of at least the following members appointed by the Council:

*(a)* three employees in the full-time service of the municipality; and

*(b)* two persons who are not employees of the municipality or councillors.

(2) The members of the Tribunal must have knowledge and experience of land use planning or the law related thereto and be representative of a broad range of appropriate experience and expertise.

(3) A member of the Tribunal appointed in terms of subsection (1)*(b)* may be

*(a)* an official or employee of

(i) any department of state or administration in the national or provincial sphere of government;

(ii) a government business enterprise;

(iii) a public entity;

(iv) organised local government as envisaged in the Constitution;

(v) an organisation created by government to provide municipal support;

(vi) a non-governmental organisation; or

(vii) any other organ of state not provided for in subparagraphs (i) to (iv); or

*(b)* an individual in his or her own capacity.

**Process for appointment of members for Tribunal for municipal area**

**82.** (1) The members of the Tribunal referred to in subsection 81(1)*(b)* may be appointed by the Council only after the municipality has—

*(a)* in the case of an official or employee contemplated in section 81(3)*(a),* extended a written invitation to nominate an official or employee to serve on the Tribunal to the departments in the national and provincial sphere of government, other organs of state and organisations referred to in section 81(3)*(a);* and

*(b)* in the case of member contemplated in section 81(3)*(b)*, by notice in a newspaper in circulation in the municipal area, invited interested parties to submit, within the period stated in the notice, names of persons who meet the requirements to be so appointed.

(2) An invitation for nominations must—

*(a)* request sufficient information to enable the municipality to evaluate the knowledge and experience of the nominee;

*(b)* request a written nomination in the form that the municipality determines that complies with subsection (3).

*(c)* permit self-nomination; and

*(b)* by ooreenkoms met een of meer munisipaliteite 'n gesamentlike Munisipale Beplanningstribunaal instel; of

*(c)* toestem tot die instelling deur die distriksmunisipaliteit van 'n distriks- Munisipale Beplaningstribunaal.

(2) 'n Ooreenkoms bedoel in subartikel (1)*(b)* of *(c)* moet vir die volgende voorsiening maak:

*(a)* die samestelling van die Tribunaal;

*(b)* die bepalings en voorwaardes van aanstelling van lede van die Tribunaal;

*(c)* die bepaling van reëls en prosedures by vergaderings van die Tribunaal; en

*(d)* ander aangeleenthede soos ingevolge die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur voorgeskryf kan word.

**Samestelling van Tribunaal vir munisipale gebied**

**81.** (1) 'n Tribunaal wat ingevolge artikel 80(1)*(a)* ingestel word, moet uit minstens die volgende lede aangestel deur die Raad bestaan:

*(a)* drie werknemers voltyds in diens van die munisipaliteit; en

*(b)* twee persone wat nie werknemers van die munisipaliteit of raadslede is nie.

(2) Die lede van die Tribunaal moet kennis en ondervinding van grondgebruikbeplanning of die reg wat daarmee verband hou hê en verteenwoordigend wees van 'n wye reeks gepaste ondervinding en kundigheid.

(3) 'n Lid van die Tribunaal aangestel ingevolge subartikel (1)*(b)* kan—

*(a)* 'n amptenaar of werknemer wees van—

(i) enige staatsdepartement of administrasie in die nasionale of provinsiale regeringsfeer;

(ii) 'n regeringsbesigheidsonderneming;

(iii) 'n openbare instelling;

(iv) georganiseerde plaaslike regering soos beoog in die Grondwet;

(v) 'n organisasie geskep deur die regering om munisipale ondersteuning te verskaf;

(vi) 'n nie-regeringsorganisasie; of

(vii) enige ander staatsorgaan waarvoor daar nie voorsiening gemaak is in subparagrawe (i) tot (iv) nie; of

*(b)* 'n individu in sy of haar eie hoedanigheid wees.

**Proses vir aanstelling van lede van Tribunaal vir munisipale gebied**

**82.** (1) Die lede van die Tribunaal bedoel in subartikel 81(1)*(b)* kan aangestel word deur die Raad slegs nadat die munisipaliteit—

*(a)* in die geval van 'n amptenaar of werknemer beoog in artikel 81(3)*(a)*, 'n skriftelike uitnodiging gestuur het aan die departemente in die nasionale en provinsiale regeringsfeer, ander staatsorgane en ander organisasies bedoel in artikel 81(3)*(a)* om 'n amptenaar of werknemer te benoem om in die Tribunaal te dien; en

*(b)* in die geval van 'n lid beoog in artikel 81(3)*(b)*, by kennisgewing in 'n koerant in omloop in die munisipale gebied, belanghebbende partye uitgenooi het om binne die tydperk vermeld in die kennisgewing name in te dien van persone wat aan die vereistes voldoen om aldus aangestel te word.

(2) 'n Uitnodiging vir benoemings moet—

*(a)* genoeg inligting versoek om die munisipaliteit in staat te stel om die kennis en ondervinding van die benoemde te evalueer;

*(b)* 'n skriftelike benoeming versoek in die vorm wat die munisipaliteit bepaal wat aan subartikel (3) voldoen;

*(c)* selfbenoeming toelaat; en

*(d)* provide for a closing date for nominations, which date may not be less than 14 days from the date of publication of the invitation in terms of subsection (1)*(b)* or the written invitation in terms of subsection (1)*(a)*, and no nominations submitted after that date may be considered by the Municipality.

(3) A nomination in response to an invitation must—

*(a)* provide for acceptance of the nomination by the nominee if it is not a self-nomination;

*(b)* include confirmation by the nominee that he or she is not disqualified from serving as a member in terms of section 84;

*(c)* include agreement by the nominee that the municipality may verify all the information provided by the nominee; and

*(d)* include a statement that the nominee will be obliged to commit to and uphold a code of conduct if her or she is appointed.

(4) If no or insufficient nominations are received or if the nominees do not possess the requisite knowledge and experience or comply with any additional criteria which may have been determined by the municipality, the municipality must invite nominations for a second time and follow the process required for the invitation for nominations referred to in this section.

(5) If after the second invitation for nominations, no or insufficient nominations are received or if the nominees do not possess the requisite knowledge and experience or comply with any additional criteria which may have been determined by the municipality, the executive authority of the municipality must designate persons who possess the requisite knowledge and experience and comply with any additional criteria which may have been determined by the municipality and appoint the person.

(6) Nominations submitted to the municipality by virtue of subsection (1) must be submitted in writing in the form determined by the municipality and must contain the contents referred to in subsection. (3).

(7) The municipality must convene an evaluation panel consisting of officials in the employ of the municipality to evaluate nominations that comply with this section as received by the municipality and determine the terms of reference of that evaluation panel.

(8) The Council must appoint the members of the Tribunal after having regard to—

*(a)* the recommendations of the evaluation panel;

*(b)* the knowledge and experience of candidates in respect of land use planning or the law related thereto;

*(c)* the requirement that the members of the Tribunal must be representative of a broad range of appropriate experience and expertise;

*(d)* the powers and duties of the Tribunal; and

*(e)* the policy of the municipality in respect of the promotion of persons previously disadvantaged by unfair discrimination.

(9) The Council may not appoint any person to the Tribunal if that person

*(a)* was not nominated in accordance with the provisions of this section;

*(b)* is disqualified from appointment as contemplated in section 84; or

*(c)* does not possess the knowledge or experience required in terms of section 81(2).

(10) The Council must designate from among the members of the Tribunal—

*(a)* the chairperson of the Tribunal; and

*(b)* another member as deputy chairperson, to act as chairperson of the Tribunal when the chairperson is absent or unable to perform his or her duties.

(11) The municipal manager must—

*(a)* inform the members in writing of their appointment;

*(b)* obtain written confirmation from the Council that the Council is satisfied that the Tribunal is able to commence its operations; and

*(d)* voorsiening maak vir 'n sluitingsdatum vir benoemings, welke datum nie minder mag wees as 14 dae vanaf die datum van publikasie van die uitnodiging ingevolge subartikel (1)(*b*) of die skriftelike uitnodiging ingevolge subartikel (1)(*a*) nie, en geen benoemings wat na daardie datum ingedien word, mag deur die munisipaliteit oorweeg word nie.

(3) 'n Benoeming in antwoord op 'n uitnodiging moet—

*(a)* voorsiening maak vir die aanvaarding van die benoeming deur die benoemde indien dit nie 'n selfbenoeming is nie;

*(b)* bevestiging deur die benoemde bevat dat hy of sy nie ingevolge artikel 84 gediskwalifiseer is om as 'n lid te dien nie;

*(c)* instemming deur die benoemde bevat dat die munisipaliteit alle inligting verskaf deur die benoemde kan nagaan; en

*(d)* 'n verklaring bevat dat die benoemde verplig sal wees om hom- of haarself te verbind aan 'n gedragskode en om die gedragskode te handhaaf indien hy of sy aangestel word.

(4) Indien geen of nie genoeg benoemings ontvang word nie of indien die benoemdes nie oor die vereiste kennis en ondervinding beskik nie of nie aan enige bykomende maatstawwe voldoen wat die munisipaliteit moontlik bepaal het nie, moet die munisipaliteit 'n tweede keer benoemings uitnooi en die vereiste proses vir die uitnodiging van benoemings bedoel in hierdie artikel volg.

(5) Indien daar na die tweede uitnodiging vir benoemings geen of onvoldoende benoemings ontvang is of indien die benoemdes nie oor die vereiste kennis en ondervinding beskik of nie voldoen aan enige bykomende maatstawwe wat die munisipaliteit moontlik bepaal het nie, moet die uitvoerende gesag van die munisipaliteit persone aanwys wat oor die vereiste kennis en ondervinding beskik en aan enige bykomende maatstawwe voldoen wat die munisipaliteit moontlik bepaal het en die persoon aanstel.

(6) Benoemings wat uit hoofde van subartikel (1) by die munisipaliteit ingedien is, moet op skrif en in die vorm wees wat die munisipaliteit bepaal en moet die inhoud bedoel in subartikel (3) bevat.

(7) Die munisipaliteit moet 'n evalueringspaneel byeenroep wat uit amptenare in diens van die munisipaliteit bestaan om benoemings wat aan hierdie artikel voldoen soos ontvang deur die munisipaliteit te evalueer en die opdrag aan daardie evalueringspaneel bepaal.

(8) Die Raad moet lede van die Tribunaal aanstel na inagneming van—

*(a)* die aanbevelings van die evalueringspaneel;

*(b)* die kennis en ondervinding van kandidate ten opsigte van grondgebruikbeplanning of die reg wat daarop betrekking het;

*(c)* die vereiste dat die lede van die Tribunaal verteenwoordigend moet wees van 'n wye verskeidenheid van gepaste ondervinding en kundigheid;

*(d)* die bevoegdhede en pligte van die Tribunaal; en

*(e)* die beleid van die munisipaliteit ten opsigte van die bevordering van persone wat voorheen deur onregverdige diskriminasie benadeel is.

(9) Die Raad mag nie enige persoon in die Tribunaal aanstel indien daardie persoon—

*(a)* nie ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel benoem is nie;

*(b)* van aanstelling gediskwalifiseer is soos beoog in artikel 84; of

*(c)* nie oor die kennis en ervaring vereis ingevolge artikel 81(2) beskik nie.

(10) Die Raad moet onder die lede van die Tribunaal die volgende aanwys:

*(a)* die voorsitter van die Tribunaal; en

*(b)* 'n ander lid as adjunkvoorsitter, om as voorsitter van die Tribunaal waar te neem wanneer die voorsitter afwesig is of nie in staat is om sy of haar pligte uit te voer nie.

(11) Die munisipale bestuurder moet—

*(a)* die lede skriftelik van hul aanstelling in kennis stel;

*(b)* van die Raad skriftelike bevestiging bekom dat die Raad tevrede is dat die Tribunaal in staat is om met sy bedrywighede te begin; en

(c) after receipt of the confirmation referred to in paragraph *(a)*, publish a notice in the *Provincial Gazette* of the following:

(i) the name of each member of the Tribunal;

(ii) the date on which the appointment of each member takes effect;

(iii) the term of office of each member; and

(iv) the date that the Tribunal will commence its operation.

(12) The Tribunal may commence its operations only after publication of the notice contemplated in subsection (11) *(c)* .

**Term of office and conditions of service of members of Tribunal for municipal area**

**83.** (1) member of a Tribunal contemplated in section 80(1) *(a)* —

*(a)* is appointed for five years or a shorter period as the municipality may determine; and

*(b)* may be appointed for further terms, subject to section 37(1) of the Spatial Planning and Land Use Management Act.

(2) The office of a member becomes vacant if—

*(a)* the member is absent from two consecutive meetings of the Tribunal without the leave of the chairperson of the Tribunal;

*(b)* the member tenders his or her resignation in writing to the chairperson of the Tribunal, or, if the member who is resigning is the chairperson, to the Council;

*(c)* the member is removed from the Tribunal under subsection (3); or

*(d)* the member dies.

(3) The Council may, after having given the member an opportunity to be heard, remove a member of the Tribunal if—

*(a)* sufficient grounds exist for his or her removal;

*(b)* the member contravenes the code of conduct referred to in section 86;

*(c)* the member becomes subject to a disqualification from membership of the Tribunal as referred to in section 84.

(4) A vacancy on the Tribunal must be filled by the Council in terms of section 81 and 82.

(5) A member who is appointed by virtue of subsection (4) holds office for the unexpired part of the period for which the member he or she replaces was appointed.

(6) Members of the Tribunal referred to in section 81(3) *(b)* must be appointed on the terms and conditions and must be paid the remuneration and allowances and be reimbursed for expenses, as determined by the Council.

(7) An official of the municipality appointed in terms of section 81(1) *(a)* as a member of the Tribunal

*(a)* may serve as member of the Tribunal for as long as he or she is in the full-time employ of the municipality;

*(b)* is bound by the conditions of service determined in his or her contract of employment and is not entitled to additional remuneration, allowances, leave or sick leave or any other additional employee benefit as a result of his or her membership on the Tribunal.

(8) A person appointed in terms of section 81(1) *(b)* as a member of the Tribunal

*(a)* is not an employee on the staff establishment of the municipality;

*(b)* in the case of a person referred to in section 81(3) *(a)*, is bound by the conditions of service determined in his or her contract of employment and is not entitled to additional remuneration, allowances, leave or sick leave or any other employee benefit as a result of his or her membership of the Tribunal;

*(c)* performs the specific tasks in respect of the consideration of an application allocated to him or her by the chairperson of the Tribunal;

*(d)* sits at such meetings of the Tribunal that requires his or her relevant knowledge and experience as determined by the chairperson of the Tribunal;

*(c)* na ontvangs van die bevestiging bedoel in paragraaf *(a)* 'n kennisgewing van die volgende in die *Provinsiale Koerant* publiseer:

(i) die naam van elke lid van die Tribunaal;

(ii) die datum waarop die aanstelling van elke lid in werking tree;

(iii) die ampstermyn van elke lid; en

(iv) die datum waarop die Tribunaal met sy bedrywighede sal begin.

(12) Die Tribunaal mag slegs na die publisering van die kennisgewing beoog in subartikel (11)*(c)* met sy bedrywighede begin.

**Ampstermyn en diensvoorwaardes van lede van Tribunaal vir munisipale gebied**

**83.** (1) 'n Lid van 'n Tribunaal beoog in artikel 80(1)*(a)*—

*(a)* word aangestel vir vyf jaar of 'n korter tydperk wat die munisipaliteit kan bepaal; en

*(b)* kan vir verdere termyne aangestel word behoudens artikel 37(1) van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur.

(2) Die amp van 'n lid raak vakant indien—

*(a)* die lid van twee opeenvolgende vergaderings van die Tribunaal afwesig is sonder die verlof van die voorsitter van die Tribunaal;

*(b)* die lid sy of haar bedanking skriftelik by die voorsitter van die Tribunaal indien, of as die lid wat bedank die voorsitter is, by die Raad;

*(c)* die lid kragtens subartikel (3) uit die Tribunaal verwyder word; of

*(d)* die lid sterf.

(3) Die Raad kan, nadat hy die lid 'n geleentheid gegun het om sy of haar saak te stel 'n lid van die Tribunaal verwyder indien—

*(a)* voldoende gronde vir sy of haar verwydering bestaan;

*(b)* die lid die gedragskode bedoel in artikel 86 oortree;

*(c)* die lid aan 'n diskwalifisering van lidmaatskap soos bedoel in artikel 84 onderworpe raak.

(4) 'n Vakature in die Tribunaal moet deur die Raad ingevolge artikels 81 en 82 gevul word.

(5) 'n Lid wat uit hoofde van subartikel (4) aangestel word, beklee die amp vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor die lid wat hy of sy vervang, aangestel was.

(6) Lede van die Tribunaal bedoel in artikel 81(3)*(b)* moet op die bepalings en voorwaardes aangestel word en die vergoeding en toelaes betaal word en vir uitgawes vergoed word soos bepaal deur die Raad.

(7) 'n Amptenaar van die munisipaliteit aangestel ingevolge artikel 81(1)*(a)* as 'n lid van die Tribunaal—

*(a)* mag as lid van die Tribunaal dien vir solank hy of sy voltyds in diens van die munisipaliteit is;

*(b)* is onderworpe aan die diensvoorwaardes bepaal in sy of haar werkskontrak en is nie geregtig op bykomende vergoeding, toelaes, verlof of siekteverlof of enige ander addisionele werknemersvoordeel as gevolg van sy of haar lidmaatskap van die Tribunaal nie.

(8) 'n Persoon wat ingevolge artikel 81(1)*(b)* as 'n lid van die Tribunaal aangestel word—

*(a)* is nie 'n werknemer op die diensstaat van die munisipaliteit nie;

*(b)* in die geval van 'n persoon bedoel in artikel 81(3)*(a)*, is onderworpe aan die diensvoorwaardes bepaal in sy of haar werkskontrak en is nie geregtig op bykomende vergoeding, toelaes, verlof of siekteverlof of enige ander werknemersvoordeel as gevolg van sy of haar lidmaatskap van die Tribunaal nie;

*(c)* verrig die bepaalde take ten opsigte van die oorweging van 'n aansoek aan hom of haar toegewys deur die voorsitter van die Tribunaal;

*(d)* sit by sodanige vergaderings van die Tribunaal wat sy of haar tersaaklike kennis en ondervinding benodig soos bepaal deur die voorsitter van die Tribunaal;

*(e)* in die geval van 'n persoon bedoel in artikel 81(3)*(b)*, is geregtig op 'n bywonings- en reistoelaag soos bepaal deur die munisipali-

*(e)* in the case of a person referred to in section 81(3) *(b)*, is entitled to a seating and travel allowance as determined by the municipality for each meeting of the Tribunal that he or she is required to attend; and

*(f)* in the case of a person referred to in section 81(3) *(b)* , is not entitled to overtime, annual leave, sick leave, maternity leave, family responsibility leave, study leave, special leave, a performance bonus, medical scheme contribution, pension, motor vehicle or any other benefit to which a municipal employee is entitled to.

(9) The allowances referred to in subsection (8) *(e)* are subject to taxation in accordance with the normal tax rules that are issued by the South African Revenue Service.

**Disqualification from membership of Tribunal**

**84.** (1) A person may not be appointed or continue to serve as a member of the Tribunal if that person—

*(a)* is not a citizen or permanent resident of the Republic of South Africa;

*(b)* is a member of Parliament, Provincial Legislature, a municipal council or a House of Traditional Leaders;

*(c)* is an unrehabilitated insolvent;

*(d)* has been declared by a court of law to be mentally incompetent or has been detained under the Mental Health Care Act, 2002 (Act 17 of 2002);

*(e)* has at any time been convicted of an offence involving dishonesty;

*(f)* has at any time been removed from an office of trust on account of misconduct;

*(g)* has previously been removed from a tribunal for a breach of the Spatial Planning and Land Use Management Act or this By-Law;

*(h)* has been found guilty of misconduct, incapacity or incompetence; or

*(i)* fails to comply with the Spatial Planning and Land Use Management Act or this By-Law.

(2) A member must vacate office if that member becomes subject to a disqualification as contemplated in subsection (1).

(3) A member of a Tribunal—

*(a)* must make full disclosure of any conflict of interest, including any potential conflict; and

*(b)* may not attend, participate or vote in any proceedings of the Tribunal in relation to any matter in respect of which the member has a conflict of interest.

(4) For the purposes of this section, a member has a conflict of interest if—

*(a)* the member, a spouse, a family member, partner or business associate of the member is the applicant or has a pecuniary or other interest in the matter before the Tribunal;

*(b)* the member has any other interest that may preclude or may reasonably be perceived as precluding the member from performing the functions of the member in a fair, unbiased and proper manner;

*(c)* the member is an official in the employ of national, provincial or local government, if the department by which such an official is employed, has a direct or substantial interest in the outcome of the matter.

(5) The Council may at any time remove any member of the Tribunal from office—

*(a)* if there are reasonable grounds justifying the removal; or

*(b)* where a member has been disqualified in terms of subsection (1), after giving such a member an opportunity to be heard.

(6) If a member's appointment is terminated or the member resigns, the Council may appoint a person to fill the vacancy for the unexpired portion of the vacating member's term of office, in accordance with sections 81 and 82.

teit vir elke vergadering van die Tribunaal waar dit van hom of haar vereis word om by te woon; en

*(f)* in die geval van 'n persoon bedoel in artikel 81(3)*(b)*, is nie geregtig op oortydbesoldiging, jaarverlof, siekteverlof, kraamverlof, gesinsverantwoordelikheidsverlof, studieverlof, spesiale verlof, 'n prestasiebonus, mediesefondsbydrae, pensioen, motorvoertuigvoordele of enige ander voordeel waarop 'n munisipale werknemer geregtig is nie.

(9) Die toelaes bedoel in subartikel (8)*(e)* is onderworpe aan belasting ooreenkomstig die gewone belastingsreëls wat deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens uitgereik word.

**Diskwalifikasie van lidmaatskap van Tribunaal**

**84.** (1) 'n Persoon mag nie aangestel word of voortgaan om te dien as lid van die Tribunaal nie indien daardie persoon—

*(a)* nie 'n landsburger of permanente inwoner van die Republiek van Suid-Afrika is nie;

*(b)* 'n lid van die Parlement, 'n Provinsiale Wetgewer, 'n munisipale raad of 'n Huis van Tradisionele Leiers is;

*(c)* 'n ongerehabiliteerde insolvent is;

*(d)* geestesonbevoeg verklaar is deur 'n geregshof of vantevore aangehou is kragtens die ''Mental Health Care Act, 2002'' (Wet 17 van 2002);

*(e)* te eniger tyd skuldig bevind is van 'n misdryf waar oneerlikheid betrokke was;

*(f)* te eniger tyd weens wangedrag uit 'n vertrouenspos verwyder is;

*(g)* voorheen uit 'n tribunaal verwyder is vir 'n oortreding van die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur of hierdie Verordening;

*(h)* skuldig bevind is aan wangedrag, onvermoë of onbevoegdheid; of

*(i)* versuim om aan die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur of hierdie Verordening te voldoen.

(2) 'n Lid moet sy of haar amp verlaat indien daardie lid onderworpe word aan 'n diskwalifikasie soos beoog in subartikel (1).

(3) 'n Lid van 'n Tribunaal—

*(a)* moet enige konflik van belang, met inbegrip van 'n moontlike konflik, volledig verklaar; en

*(b)* mag nie enige verrigtinge van die Tribunaal in verband met enige aangeleentheid ten opsigte waarvan die lid 'n konflik van belang het bywoon, daaraan deelneem of daaroor stem nie.

(4) Vir die doeleindes van hierdie artikel het 'n lid 'n konflik van belang indien—

*(a)* die lid, 'n gade, 'n familielid, vennoot of sakegenoot van die lid die aansoeker is of 'n geldelike of ander belang by die aangeleentheid voor die Tribunaal het;

*(b)* die lid enige ander belang het wat hom of haar kan verhinder of wat redelikerwys beskou kan word as dat dit die lid verhinder om die werksaamhede van die lid op 'n regverdige, onbevooroordeelde en behoorlike wyse te verrig;

*(c)* die lid 'n amptenaar in diens van die nasionale, provinsiale of plaaslike regering is, indien die departement waar die amptenaar in diens is 'n direkte of wesenlike belang het by die uitkomste van die aangeleentheid.

(5) Die Raad kan te eniger tyd 'n lid van die Tribunaal uit sy of haar amp verwyder—

*(a)* indien daar redelike gronde is om die verwydering te regverdig; of

*(b)* waar 'n lid ingevolge subartikel (1) gediskwalifiseer is, nadat so 'n lid 'n geleentheid gegee is om sy of haar saak te stel.

(6) Indien die aanstelling van 'n lid beëindig word of die lid bedank, kan die Raad 'n persoon aanstel om die vakature te vul vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die uittredende lid, ooreenkomstig artikels 81 en 82.

**Meetings of Tribunal for municipal area**

**85.** (1) Subject to section 88, the Tribunal contemplated in section 80(1) *(a)* must determine its own internal arrangements, proceedings and procedures and those of its committees by drafting rules for—

*(a)* the convening of meetings;

*(b)* the procedure at meetings; and

*(c)* the frequency of meetings.

(2) The Tribunal may constitute itself to comprise one or more panels to determine—

*(a)* applications in specific geographical areas;

*(b)* applications in specific areas within the municipality; or

*(c)* a particular application or type or category of application.

(3) In this section, section 87 and section 88, unless the context indicates otherwise, 'the Tribunal'' includes a panel of the Tribunal contemplated in subsection (2).

(4) The Tribunal must meet at the time and place determined by the chairperson or in the case of a panel, the presiding officer provided that it must meet at least once per month if there is an application to consider.

(5) If the Tribunal constitutes itself to comprise a panel, the Tribunal must designate at least three members of the Tribunal to be members of that panel, of whom one must at least be a member contemplated in section 81(1) *(b)* .

(6) A quorum for a meeting of the Tribunal is the majority of its appointed members.

(7) A quorum for a meeting of a panel of the Tribunal is—

*(a)* the majority of its designated members or

*(b)* three members, if the panel consist of only three members.

(8) Meetings of the Tribunal or a panel of the Tribunal must be held as contemplated in this section and section 88 in accordance with the rules of the Tribunal.

**Code of conduct for members of Tribunal for municipal area**

**86.** (1) The code of conduct in Schedule 1 applies to every member of a Tribunal contemplated in section 81(1).

(2) If a member contravenes the code of conduct, the Council may—

*(a)* in the case of member contemplated in section 81(1) *(a),* institute disciplinary proceedings against the member;

*(b)* remove the member from office.

**Administrator for Tribunal for municipal area**

**87.** (1) The municipal manager must appoint or designate an employee as the Administrator and other staff for the Tribunal contemplated in section 70(1) *(a)* in terms of the Municipal Systems Act.

(2) The Administrator must—

*(a)* liaise with the relevant Tribunal members and the parties concerned regarding any application to be determined by or other proceedings of the Tribunal;

*(b)* maintain a diary of meetings of the Tribunal;

*(c)* allocate a meeting date for, and application number to, an application;

*(d)* arrange the attendance of members of the Tribunal at meetings;

*(e)* arrange venues for Tribunal meetings;

*(f)* perform the administrative functions in connection with the proceedings of the Tribunal;

*(g)* ensure that the proceedings of the Tribunal are conducted efficiently and in accordance with the directions of the chairperson of the Tribunal;

*(h)* arrange the affairs of the Tribunal to ensure that time is available to liaise with other organs of state regarding the alignment of integrated applications and authorisations;

**Vergaderings van Tribunaal vir munisipale gebied**

**85.** (1) Behoudens artikel 88 moet die Tribunaal beoog in artikel 80(1)*(a)* sy eie interne reëlings, verrigtinge en prosedures bepaal en dié van sy komitees, deur reëls op te stel vir—

*(a)* die byeenroeping van vergaderings;

*(b)* die prosedure by vergaderings; en

*(c)* hoe gereeld vergaderings gehou word.

(2) Die Tribunaal kan homself saamstel om een of meer panele uit te maak om die volgende te bepaal:

*(a)* aansoeke in bepaalde geografiese gebiede;

*(b)* aansoeke in bepaalde gebiede binne die munisipaliteit; of

*(c)* 'n bepaalde aansoek of 'n soort, of 'n kategorie van, aansoek.

(3) In hierdie artikel, artikel 87 en artikel 88, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken ''die Tribunaal'' ook 'n paneel van die Tribunaal beoog in subartikel (2).

(4) Die Tribunaal moet op die tyd en by die plek bepaal deur die voorsitter, of in die geval van 'n paneel, deur die voorsittende beampte, minstens een maal per maand vergader indien daar 'n aansoek is om te oorweeg.

(5) Indien die Tribunaal homself saamstel om 'n paneel te vorm, moet die Tribunaal minstens drie lede van die Tribunaal aanwys om lede van daardie paneel te wees, waarvan minstens een 'n lid beoog in artikel 81(1)*(b)* moet wees.

(6) 'n Kworum vir 'n vergadering van die Tribunaal is die meerderheid van sy aangestelde lede.

(7) 'n Kworum vir 'n vergadering van 'n paneel van die Tribunaal is—

*(a)* die meerderheid van sy aangewese lede; of

*(b)* drie lede, indien die paneel uit slegs drie lede bestaan.

(8) Vergaderings van die Tribunaal of 'n paneel van die Tribunaal moet gehou word soos beoog in hierdie artikel en artikel 88 ooreenkomstig die reëls van die Tribunaal.

**Gedragskode vir lede van Tribunaal vir munisipale gebied**

**86.** (1) Die gedragskode in Bylae 1 is van toepassing op elke lid van 'n Tribunaal beoog in artikel 81(1).

(2) Indien 'n lid die gedragskode oortree, kan die Raad—

*(a)* in die geval van 'n lid beoog in artikel 81(1)*(a)*, dissiplinêre verrigtinge teen die lid instel;

*(b)* die lid uit sy of haar amp verwyder.

**Administrateur vir Tribunaal vir munisipale gebied**

**87.** (1) Die munisipale bestuurder moet 'n werknemer as die Administrateur en ander personeel vir die Tribunaal beoog in artikel 70(1)*(a)* ingevolge die Munisipale Stelselswet aanstel of aanwys.

(2) Die Administrateur moet—

*(a)* met die tersaaklike Tribunaallede en die betrokke partye skakel oor enige aansoek waaroor die Tribunaal moet besluit of oor ander verrigtinge van die Tribunaal;

*(b)* 'n dagboek van vergaderings van die Tribunaal byhou;

*(c)* vir 'n aansoek 'n vergaderingsdatum en aansoeknommer toeken;

*(d)* die bywoning van vergaderings deur lede van die Tribunaal reël;

*(e)* lokale vir Tribunaalvergaderings reël;

*(f)* die administratiewe werksaamhede in verband met die verrigtinge van die Tribunaal uitvoer;

*(g)* toesien dat die verrigtinge van die Tribunaal doelmatig en ooreenkomstig die opdragte van die voorsitter van die Tribunaal uitgevoer word;

*(h)* die sake van die Tribunaal reël ten einde toe te sien dat tyd beskikbaar is om met ander staatsorgane te skakel oor die ooreenstemming van geïntegreerde aansoeke en magtigings;

*(i)* notify the parties concerned of decisions and procedural directives given by the Tribunal;

*(j)* keep a record of all applications submitted to the Tribunal as well as the outcome of each, including—

(i) decisions of the Tribunal;

(ii) on-site inspections and any matter recorded as a result thereof;

(iii) reasons for decisions; and

(iv) proceedings of the Tribunal; and

*(k)* keep records by any means as the Tribunal may deem expedient.

**Functioning of Tribunal for municipal area**

**88.** (1) The meetings of the Tribunal contemplated in section 85(1) *(a)* must be held at the times and places as the chairperson may determine.

(2) If an applicant or a person whose rights or legitimate expectations will be affected by the approval of an application, requests to make a verbal representation at a meeting of the Tribunal, he or she must submit a written request to the Administrator at least 5 days before that meeting.

(3) The Chairperson may approve a request contemplated in subsection (2), subject to reasonable conditions.

(4) An application may be considered by the Tribunal by means of—

*(a)* the consideration of the written application and comments; or

*(b)* an oral hearing.

(5) The application may be considered in terms of subsection (4) *(a)* if it appears to the Tribunal that the issues for determination of the application can be adequately determined in the absence of the parties by considering the documents or other material lodged with or provided to it.

(6) An oral hearing may be held—

*(a)* if it appears to the Tribunal that the issues for determination of the application cannot be adequately determined in the absence of the parties by considering the documents or other material lodged with or provided to it; or

*(b)* if such hearing would assist in the expeditious and fair disposal of the application.

(7) If appropriate in the circumstances, the oral hearing may be held by electronic means.

**Appeals**

**89.** (1) The executive mayor is the appeal authority in respect of decisions of the Tribunal or an authorised employee contemplated in sections 78*(a)* or *(b)* and a failure to decide on an application as contemplated in section 68.

(2) A person whose rights are affected by a decision contemplated in subsection (1) may appeal in writing to the appeal authority within 21 days of notification of the decision.

(3) An applicant may appeal in writing to the appeal authority in respect of the failure of the Tribunal or an authorised employee to decide within the period contemplated in section 67(1) or (2), any time after the expiry of the period contemplated in those sections.

(4) An appeal is lodged by serving the appeal on the municipal manager in the form determined by the municipality and subject to section 90(1) and, in the case of an appeal contemplated in subsection 89(2), within the period contemplated in subsection 89(2).

(5) When the appeal authority considers an appeal, it must have regard to—

*(a)* the provisions of section 75, read with the necessary changes; and

*(b)* the comments of the Provincial Minister contemplated in section 52 of the Land Use Planning Act.

*(i)* die betrokke partye in kennis stel van besluite en prosedurele opdragte van die Tribunaal;

*(j)* ’n rekord hou van alle aansoeke wat by die Tribunaal ingedien is asook van die uitslag van elkeen, met inbegrip van—

(i) besluite van die Tribunaal;

(ii) ondersoeke ter plaatse en enige aangeleentheid wat as gevolg daarvan aangeteken word;

(iii) redes vir besluite; en

(iv) verrigtinge van die Tribunaal; en

*(k)* rekord hou op enige wyse wat die Tribunaal dienstig ag.

**Funksionering van Tribunaal vir munisipale gebied**

**88.** (1) Die vergaderings van die Tribunaal beoog in artikel 85(1)*(a)* moet op die tye en by die plekke gehou word soos die voorsitter kan bepaal.

(2) Indien ’n aansoeker, of ’n persoon wie se regte of regmatige verwagtinge deur die goedkeuring van ’n ondersoek geraak sal word, versoek om ’n mondelinge vertoog by ’n vergadering van die Tribunaal te rig, moet hy of sy minstens 5 dae voor daardie vergadering ’n skriftelike versoek by die Administrateur indien.

(3) Die voorsitter kan ’n versoek beoog in subartikel (2) behoudens redelike voorwaardes goedkeur.

(4) ’n Aansoek kan deur die Tribunaal oorweeg word deur middel van—

*(a)* die oorweging van die skriftelike aansoek en kommentaar; of

*(b)* ’n mondelinge verhoor.

(5) Die aansoek kan ingevolge subartikel (4)*(a)* oorweeg word indien dit vir die Tribunaal blyk dat die aangeleenthede vir beslissing oor die aansoek in die afwesigheid van die partye voldoende bepaal kan word deur die dokumente of ander materiaal wat by die Tribunaal ingedien is of aan hom verskaf is, te oorweeg.

(6) ’n Mondelinge verhoor kan gehou word—

*(a)* indien dit vir die Tribunaal blyk dat die aangeleenthede vir beslissing oor die aansoek nie in die afwesigheid van die partye voldoende bepaal kan word deur die dokumente of ander materiaal te oorweeg wat by die Tribunaal ingedien is of aan hom verskaf is nie; of

*(b)* indien so ’n verhoor sal bydra tot die spoedige en regverdige afhandeling van die aansoek.

(7) Indien toepaslik onder die omstandighede kan die mondelinge verhoor elektronies geskied.

**Appèlle**

**89.** (1) Die uitvoerende burgemeester is die appèlgesag ten opsigte van besluite van die Tribunaal of ’n gemagtigde werknemer beoog in artikels 78*(a)* of *(b)* en ’n versuim om oor ’n aansoek te besluit soos beoog in artikel 68.

(2) ’n Persoon wie se regte geraak word deur ’n besluit beoog in subartikel (1) kan binne 21 dae vanaf kennisgewing van die besluit skriftelik by die appèlgesag appelleer.

(3) ’n Aansoeker mag te eniger tyd na die verstryking van die tydperk beoog in artikel 67(1) of (2) skriftelik by die appèlgesag appelleer ten opsigte van die versuim van die Tribunaal of ’n gemagtigde werknemer om binne die tydperk beoog in daardie artikels ’n besluit te neem.

(4) ’n Appèl word aangeteken deur die appèl op die munisipale bestuurder te beteken in die vorm bepaal deur die munisipaliteit onderhewig aan artikel 90(1) en, in die geval van ’n appèl beoog in subartikel 89(2), binne die tydperk beoog in subartikel 89(2).

(5) Wanneer die appèlgesag ’n appèl oorweeg, moet die appèlgesag die volgende in ag neem:

*(a)* die bepalings van artikel 75, saamgelees met die nodige veranderinge; en

*(b)* die kommentaar van die Provinsiale Minister beoog in artikel 52 van die Wet op Grondgebruikbeplanning.

**Procedures for appeal**

**90.** (1) An appeal is invalid if—

*(a)* in the case of an appeal contemplated in section 89(2), it is not lodged within the period referred to in that section;

*(b)* it does not comply with this section; or

*(c)* the applicable application fee is not paid.

(2) An appeal must set out the following—

*(a)* the grounds for the appeal which may include the following grounds:

(i) that the administrative action was not procedurally fair as contemplated in the Promotion of Administrative Justice Act, 2000 (Act 3 of 2000);

(ii) grounds relating to the merits of the land development or land use application on which the appellant believes the Tribunal or authorised employee erred in concluding that the Tribunal or authorised employee did, as the case may be;

*(b)* whether the appeal is lodged against the whole decision or a part of the decision;

*(c)* if the appeal is lodged against a part of the decision, a description of the part;

*(d)* if the appeal is lodged against a condition of approval, a description of the condition;

*(e)* the factual or legal findings that the appellant relies on;

*(f)* the relief sought by the appellant;

*(g)* any issue that the appellant wishes the appeal authority to consider in making its decision; and

*(h)* in the case of an appeal in respect of the failure of a decision-maker to decide, the facts that prove the failure;

(3) An applicant who lodges an appeal must, within the period referred subsection 89(2), submit proof of payment of appeal fees as may be determined by the municipality to the municipal manager.

(4) An applicant who lodges an appeal must simultaneously serve notice of the appeal on any person who commented on the application concerned and any other person as the municipality may determine.

(5) The notice must be served in accordance with section 45.

(6) The notice contemplated in subsection (5) must invite persons to comment on the appeal within 21 days of the date of notification.

(7) The appellant must submit proof of service of the notice as contemplated in subsection (5) to the municipal manager within 14 days of the date of notification.

(8) If a person other than the applicant lodges an appeal, he or she must submit proof of payment of appeal fees as determined by the municipality to the municipal manager and the mnunicipal manager must give written notice of the appeal to the applicant within 14 days of receipt thereof.

(9) An applicant who has received notice of an appeal in terms of subsection (8) may submit comment on the appeal to the municipal manager within 21 days of the date of notification.

(10) The municipality may refuse to accept any comments on an appeal submitted after the closing date for comments.

(11) The municipal manager

*(a)* may request the Provincial Minister within 14 days of the receipt of an appeal to comment in writing on the appeal within 60 days of receipt of the request;

*(b)* must notify and request the Provincial Minister within 14 days of the receipt of an appeal to comment on the appeal within 60 days of notification of the request in respect of appeals relating to the following applications:

(i) a development outside the municipality's planned outer limit of urban expansion as reflected in its municipal spatial development framework;

(ii) if the municipality has no approved municipal spatial development framework, a development outside the physical edge, including existing urban land use approvals, of the existing urban area;

**Prosedures vir appèl**

**90.** (1) 'n Appèl is ongeldig indien—

*(a)* in die geval van 'n appèl beoog in artikel 89(2), dit nie binne die tydperk bedoel in daardie artikel aangeteken is nie;

*(b)* dit nie aan hierdie artikel voldoen nie; of

*(c)* die vasgestelde aansoekgeld nie betaal is nie.

(2) 'n Appèl moet die volgende uiteensit—

*(a)* die gronde vir die appèl, wat die volgende gronde kan insluit:

(i) dat die administratiewe optrede nie prosedureel regverdig was nie soos beoog in die ''Promotion of Administrative Justice Act, 2000'' (Wet 3 van 2000);

(ii) gronde met betrekking tot die meriete van die aansoek om grondontwikkeling of grondgebruik waarop die appellant van mening is die Tribunaal of gemagtigde werknemer het gefouteer in die slotsom waartoe die Tribunaal of gemagtigde werknemer, na gelang van die geval, gekom het;

*(b)* of die appèl teen die hele besluit of 'n gedeelte van die besluit is;

*(c)* indien die appèl teen 'n gedeelte van die besluit aangeteken word, 'n beskrywing van die gedeelte;

*(d)* indien die appèl teen 'n voorwaarde van goedkeuring aangeteken word, 'n beskrywing van die voorwaarde;

*(e)* die feitelike of regsbevindings waarop die appellant steun;

*(f)* die bystand wat die appellant verlang;

*(g)* enige aangeleentheid wat die appellant wil hê die appèlgesag moet oorweeg wanneer die appèlgesag sy besluit neem; en

*(h)* in die geval van 'n appèl ten opsigte van die versuim van 'n besluitnemer om 'n besluit te neem, die feite wat die versuim bewys;

(3) 'n Aansoeker wat 'n appèl aanteken, moet binne die tydperk waarna subartikel 89(2) verwys bewys van betaling van appèlgelde soos bepaal kan word deur die munisipaliteit by die munisipale bestuurder indien.

(4) 'n Aansoeker wat 'n appèl aanteken moet gelyktydig kennisgewing van die appèl aan enige persoon beteken wat op die betrokke aansoek kommentaar gelewer het en aan enige ander persoon soos die munisipaliteit kan bepaal.

(5) Die kennisgewing moet ooreenkomstig artikel 45 beteken word.

(6) Die kennisgewing beoog in subartikel (5) moet persone uitnooi om binne 21 dae vanaf die datum van kennisgewing kommentaar op die appèl te lewer.

(7) Die appellant moet binne 14 dae vanaf die datum van kennisgewing bewys van betekening soos beoog in subartikel (5) by die munisipale bestuurder indien.

(8) Indien 'n persoon, wat nie die aansoeker is nie, appèl aanteken, moet hy of sy aan die munisipale bestuurder bewys voorlê van die betaling van appèlgelde soos deur die munisipaliteit bepaal en die munisipale bestuurder moet binne 14 dae vanaf ontvangs daarvan die aansoeker skriftelik van die appèl in kennis stel.

(9) 'n Aansoeker wat ingevolge subartikel (8) van 'n appèl in kennis gestel is, kan binne 21 dae van die datum van kennisgewing kommentaar op die appèl by die munisipale bestuurder indien.

(10) Die munisipaliteit kan weier om enige kommentaar op 'n appèl na die sluitingsdatum vir daardie kommentaar ingedien word te aanvaar.

(11) Die munisipale bestuurder

*(a)* kan binne 14 dae vanaf die ontvangs van 'n appèl die Provinsiale Minister versoek om binne 60 dae van ontvangs van die versoek skriftelik op die appèl kommentaar te lewer;

*(b)* moet binne 14 dae vanaf ontvangs van 'n appèl die Provinsiale Minister daarvan in kennis stel en versoek om binne 60 dae vanaf kennisgewing van die versoek kommentaar te lewer op die appèl ten opsigte van appèlle met betrekking tot die volgende aansoeke:

(i) 'n ontwikkeling buite die munisipaliteit se beplande buitenste grens van stedelike uitbreiding soos weergegee in sy munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk;

(ii) indien die munisipaliteit geen goedgekeurde munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk het nie, 'n ontwikkeling buite

(iii) a rezoning of land zoned for agricultural or conservation purposes;

(iv) any category of land use applications as may be prescribed by the Provincial Minister; and

*(c)* must on receipt of an appeal in terms of this section notify the applicant in writing whether the operation of the approval of the application is suspended.

(12) An authorised employee must draft a report assessing an appeal and must submit it to the municipal manager within—

*(a)* 30 days of the closing date for comment requested in terms of subsection (6) and (9), if no comment was requested in terms of subsection (11); or

*(b)* 30 days of the closing date for comments requested in terms of subsection (11).

(13) The Municipal manager must within 14 days of receiving the report contemplated in subsection (12) submit the appeal to the appeal authority.

(14) The municipal manager or an employee designated by him or her must—

*(a)* liaise with the appeal authority and the parties concerned regarding any appeal lodged with the appeal authority;

*(b)* maintain a diary of meetings of the appeal authority;

*(c)* allocate a meeting date for, and appeal number to, an appeal;

*(d)* arrange the attendance of members of the appeal authority at meetings;

*(e)* arrange venues for the appeal authority;

*(f)* perform the administrative functions in connection with the proceedings of the appeal authority;

*(g)* ensure that the proceedings of the appeal authority are conducted efficiently and in accordance with the directions of the appeal authority;

*(h)* arrange the affairs of the appeal authority to ensure that time is available to liaise with other organs of state regarding the alignment of integrated appeal procedures;

*(i)* notify the parties concerned of decisions and procedural directives given by the appeal authority;

*(j)* keep a record of all appeals lodged as well as the outcome of each, including—

(i) decisions of the appeal authority;

(ii) on-site inspections and any matter recorded as a result thereof;

(iii) reasons for decisions; and

(iv) proceedings of the appeal authority; and

*(k)* keep records by any means as the appeal authority may deem expedient.

(15) An appellant may, at any time before the appeal authority decides on an appeal submitted by the appellant, withdraw the appeal by giving written notice of the withdrawal to the municipal manager.

(16) The appellant must in writing inform the municipality if he or she has withdrawn the power of attorney given to his or her former agent and confirm whether he or she will personally proceed with the appeal.

**Consideration by appeal authority**

**91.** (1) An appeal may be considered by the appeal authority by means of—

*(a)* the consideration of the written appeal and comments; or

*(b)* an oral hearing.

(2) The appeal may be considered in terms of subsection (1) *(a)* if it appears to the appeal authority that the issues for determination of the appeal can be adequately determined in the absence of the parties by considering the documents or other material lodged with or provided to it.

(3) An oral hearing may be held—

die fisiese rand, met inbegrip van bestaande goedkeurings van stedelike grondgebruik, van die bestaande stedelike gebied;

(iii) 'n hersonering van grond wat vir die doeleindes van landbou of bewaring gesoneer is;

(iv) enige kategorie van grondgebruikaansoeke soos die Provinsiale Minister kan voorskryf; en

*(c)* moet by ontvangs van 'n appèl ingevolge hierdie artikel die aansoeker skriftelik in kennis stel of die werking van die goedkeuring van die aansoek opgeskort is al dan nie.

(12) 'n Gemagtigde werknemer moet 'n verslag opstel wat 'n appèl evalueer en moet dit indien by die munisipale bestuurder binne—

*(a)* 30 dae vanaf die sluitingsdatum vir kommentaar wat ingevolge subartikels (6) en (9) versoek is, indien geen kommentaar ingevolge subartikel (11) versoek is nie; of

*(b)* 30 dae vanaf die sluitingsdatum vir kommentaar wat ingevolge subartikel (11) versoek is.

(13) Die munisipale bestuurder moet binne 14 dae vanaf ontvangs van die verslag beoog in subartikel (12) die appèl by die appèlgesag indien.

(14) Die munisipale bestuurder of 'n werknemer deur hom of haar aangewys, moet—

*(a)* met die appèlgesag en die betrokke partye skakel oor enige appèl wat by die appèlgesag aangeteken is;

*(b)* 'n dagboek van vergaderings van die appèlgesag byhou;

*(c)* aan 'n appèl 'n vergaderingsdatum en 'n appèlnommer toeken;

*(d)* die bywoning van vergaderings deur lede van die appèlgesag reël;

*(e)* lokale vir die appèlgesag reël;

*(f)* die administratiewe werksaamhede in verband met die verrigtinge van die appèlgesag uitvoer;

*(g)* toesien dat die verrigtinge van die appèlgesag doelmatig en ooreenkomstig die opdragte van die appèlgesag uitgevoer word;

*(h)* die sake van die appèlgesag reël ten einde toe te sien dat tyd beskikbaar is om met ander staatsorgane te skakel oor die ooreenstemming van geïntegreerde appèlprosedures;

*(i)* die betrokke partye in kennis stel van besluite en prosedurele opdragte van die appèlgesag;

*(j)* 'n rekord hou van alle appèlle wat aangeteken is asook van die uitslag van elkeen, met inbegrip van—

(i) besluite van die appèlgesag;

(ii) ondersoeke ter plaatse en enige aangeleentheid wat as gevolg daarvan aangeteken word;

(iii) redes vir besluite; en

(iv) verrigtinge van die appèlgesag; en

*(k)* rekord hou op enige wyse wat die appèlgesag dienstig ag.

(15) 'n Appellant kan te eniger tyd voordat die appèlgesag 'n besluit neem oor 'n appèl wat die appellant ingedien het die appèl terugtrek deur die munisipale bestuurder skriftelik van die terugtrekking in kennis te stel.

(16) Die appellant moet die munisipaliteit skriftelik in kennis stel indien hy of sy die volmag wat aan sy of haar voormalige agent gegee is, terugtrek en bevestig of hy of sy self sal voortgaan met die appèl.

**Oorweging deur appèlgesag**

**91.** (1) 'n Appèl kan deur die appèlgesag oorweeg word deur middel van—

*(a)* die oorweging van die skriftelike appèl en kommentaar; of

*(b)* 'n mondelinge verhoor.

(2) Die appèl kan ingevolge subartikel (1)*(a)* oorweeg word indien dit vir die appèlgesag blyk dat die aangeleenthede vir beslissing oor die appèl in die afwesigheid van die partye voldoende bepaal kan word deur die dokumente of ander materiaal wat by die appèlgesag ingedien is of aan hom verskaf is, te oorweeg.

(3) 'n Mondelinge verhoor kan gehou word—

*(a)* indien dit vir die Appèlowerheid blyk dat die aangeleenthede vir

*(a)* if it appears to the appeal authority that the issues for determination of the appeal cannot be adequately determined in the absence of the parties by considering the documents or other material lodged with or provided to it; or

*(b)* if such hearing would assist in the expeditious and fair disposal of the appeal.

(4) If appropriate in the circumstances, the oral hearing may be held by electronic means.

(5) If the appeal authority decides to hold an oral hearing, any party to the appeal proceedings may appear in person or may be represented by another person.

(6) The appeal authority must ensure that every party to a proceeding before the appeal authority is given an opportunity to present his or her case, whether in writing or orally as contemplated in subsections (2) and (3) and, in particular, to inspect any documents to which the appeal authority proposes to have regard in reaching a decision in the proceeding and to submit comments thereon in accordance with this Chapter or, in the case of an oral hearing to submit comments in relation to those documents.

(7) The appeal authority must—

*(a)* consider and determine all appeals lawfully submitted to it;

*(b)* confirm, vary or revoke the decision of the Tribunal or authorised employee;

*(c)* provide reasons for any decision made by it;

*(d)* give directions relevant to its functions to the municipality;

*(e)* keep a record of all its proceedings; and

*(f)* determine whether the appeal falls within its jurisdiction.

(8) Subject to subsection (12), the appeal authority must decide on an appeal within 60 days of receipt of the assessment report as contemplated in section 90(13).

(9) If the appeal authority revokes a decision of the Tribunal or authorised employee it may—

*(a)* remit the matter to the Tribunal or authorised employee—

(i) if there was an error in the process which is unfair and which cannot be corrected by the appeal authority; and

(ii) with instructions regarding the correction of the error; or

*(b)* replace the decision with any decision it regards necessary.

(10) The appeal authority may appoint a technical adviser to advise or assist it regarding a matter forming part of the appeal.

(11) The appeal authority must within 21 days from the date of its decision notify the parties to an appeal in writing of—

*(a)* the decision and the reasons therefore; and

*(b)* if the decision on an appeal upholds an approval, notify the applicant in writing that he or she may act on the approval.

(12) The appeal authority may extend the period contemplated in subsection (8) in exceptional circumstances including the following:

*(a)* if an interested person has submitted a petition for intervener status;

*(b)* if an oral hearing is to be held.

## CHAPTER IX

## PROVISION OF ENGINEERING SERVICES

**Responsibility for provision of engineering services**

**92.** (1) An applicant is responsible for the provision, installation and costs of internal engineering services required for a development once an application is approved.

(2) The municipality is responsible for the provision and installation of external engineering services.

(3) If the municipality is not the provider of an engineering service, the

beslissing oor die appèl nie in die afwesigheid van die partye voldoende bepaal kan word deur die dokumente of ander materiaal te oorweeg wat by die appèlgesag ingedien is of aan hom verskaf is nie; of

*(b)* indien so ’n verhoor sal bydra tot die spoedige en regverdige afhandeling van die appèl.

(4) Indien gepas in die omstandighede kan die mondelinge verhoor elektronies geskied.

(5) Indien die appèlgesag besluit om ’n mondelinge verhoor te hou, kan enige party tot die appèl self verskyn of deur ’n ander persoon verteenwoordig word.

(6) Die appèlgesag moet toesien dat elke party tot ’n verrigting voor die appèlgesag ’n geleentheid gegee word om sy of haar saak te stel, hetsy skriftelik of mondelings soos beoog in subartikels (2) en (3) en veral om insae te hê in enige dokumente wat die appèlgesag van voorneme is om in ag te neem in die neem van ’n besluit in die verrigting en om kommentaar daaroor ingevolge hierdie Hoofstuk in te dien, of om in die geval van ’n mondelinge verhoor kommentaar met betrekking tot daardie dokumente in te dien.

(7) Die appèlgesag moet—

*(a)* alle appèlle wat wettiglik by hom ingedien is, oorweeg en bepaal;

*(b)* die besluit van die Tribunaal of gemagtigde werknemer bevestig, verander of intrek;

*(c)* redes verskaf vir enige besluit wat hy neem;

*(d)* opdragte tersaaklik tot sy werksaamhede aan die munisipaliteit gee;

*(e)* ’n rekord van al sy verrigtinge hou; en

*(f)* bepaal of die appèl binne sy regsbevoegdheid val.

(8) Behoudens subartikel (12) moet die appèlgesag binne 60 dae vanaf ontvangs van die evalueringsverslag soos beoog in artikel 90(13) oor ’n appèl besluit.

(9) Indien die appèlgesag ’n besluit van die Tribunaal of gemagtigde werknemer intrek, kan die appèlgesag—

*(a)* die aangeleentheid terugverwys na die Tribunaal of die gemagtigde werknemer—

(i) indien daar ’n fout in die proses was wat onregverdig is en nie deur die appèlgesag reggestel kan word nie; en

(ii) met instruksies rakende die regstelling van die fout; of

*(b)* die besluit vervang met enige besluit wat die appèlgesag nodig ag.

(10) Die appèlgesag kan ’n tegniese raadgewer aanstel om die appèlgesag van raad te voorsien of by te staan rakende ’n aangeleentheid wat deel van die appèl uitmaak.

(11) Die appèlgesag moet binne 21 dae vanaf die datum van sy besluit die partye tot die appèl skriftelik in kennis stel van—

*(a)* die besluit en die redes daarvoor; en

*(b)* indien die besluit op ’n appèl die goedkeuring handhaaf, die aansoeker skriftelik in kennis stel dat hy of sy aan die goedkeuring uitvoering kan gee.

(12) Die appèlgesag kan die tydperk beoog in subartikel (8) in uitsonderlike omstandighede verleng, wat die volgende insluit:

*(a)* indien ’n belanghebbende persoon ’n petisie om toetrederstatus ingedien het;

*(b)* indien ’n mondelinge verhoor gehou gaan word.

## HOOFSTUK IX

## VERSKAFFING VAN INGENIEURSDIENSTE

**Verantwoordelikheid vir verskaffing van ingenieursdienste**

**92.** (1) ’n Aansoeker is verantwoordelik vir die verskaffing, installering en koste van interne ingenieursdienste benodig vir ’n ontwikkeling sodra ’n aansoek goedgekeur is.

(2) Die munisipaliteit is verantwoordelik vir die verskaffing en installering van eksterne ingenieursdienste.

(3) Indien die munisipaliteit nie die verskaffer van ’n ingenieursdiens is

applicant must satisfy the municipality that adequate arrangements have been made with the relevant service provider for the provision of that service.

(4) The municipality may enter into a written agreement with an applicant to provide that—

*(a)* the applicant is responsible for the provision, installation and costs of external engineering service instead of paying the applicable development charges; or

*(b)* the applicant is responsible for the provision, installation and costs of external engineering service and that the fair and reasonable costs of the external engineering service may be set off against the development charges payable by the applicant.

**Development charges and other contributions**

**93.** (1) The applicant must pay development charges to the municipality in respect of the provision and installation of external engineering services.

(2) These external engineering services for which development charges are payable must be set out in a policy adopted and annually reviewed by the municipality.

(3) The amount of the development charges payable by an applicant must be calculated in accordance with the policy adopted by the municipality.

(4) The date by which development charges must be paid and the means of payment must be specified in the conditions of approval.

(5) The development charges imposed are subject to escalation at the rate calculated in accordance with the policy on development charges.

(6) The municipal manager must annually submit a report to the Council on the development charges paid to the municipality, together with a statement of the expenditure of the amount and the purpose of the expenditure.

(7) When determining the contribution contemplated in section 76(4) and (5), the municipality must have regard to provincial norms and standards as well as—

*(a)* the municipal service infrastructure and amenities for the land concerned that are needed for the approved land use;

*(b)* the public expenditure on that infrastructure and those amenities incurred in the past and that facilitates the approved land use;

*(c)* the public expenditure on that infrastructure and those amenities that may arise from the approved land use;

*(d)* money in respect of contributions contemplated in section 76(4) paid in the past by the owner of the land concerned; and

*(e)* money in respect of contributions contemplated in section 76(4) to be paid in the future by the owner of the land concerned.

**Land for parks, open spaces, parking and other uses**

**94.** (1) When the municipality approves an application for the use of land for residential purposes, the municipality may require the applicant to provide land for parks, public open spaces or parking in terms of conditions of approval imposed in accordance with section 76.

(2) The extent of land required for parks, public open spaces or parking is determined by the municipality in accordance with a policy adopted by the municipality.

(3) The land required for parks, public open spaces or parking must be provided within the land area of the application or may, with the consent of the municipality, be provided elsewhere within the municipal area.

(4) When an application is approved without the required provision of land for parks, open spaces or parking within the land area of the development, the applicant may be required to pay money to the municipality in lieu of the provision of land.

nie moet die aansoeker die munisipaliteit tevrede stel dat voldoende reëlings met die tersaaklike diensverskaffer getref is vir die verskaffing van daardie diens.

(4) Die munisipaliteit kan 'n skriftelike ooreenkoms met 'n aansoeker aangaan om te bepaal dat—

*(a)* die aansoeker vir die verskaffing, installering en koste van eksterne ingenieursdienst verantwoordelik is in plaas daarvan om die toepaslike ontwikkelingsheffings te betaal; of

*(b)* die aansoeker vir die verskaffing, installering en koste van die eksterne ingenieursdienst verantwoordelik is en dat die billike en redelike koste van die eksterne ingenieursdienst teen die ontwikkelingsheffings betaalbaar deur die aansoeker verreken kan word.

**Ontwikkelingsheffings en ander bydraes**

**93.** (1) Die aansoeker moet ontwikkelingsheffings ten opsigte van die verskaffing en installering van eksterne ingenieursdienste aan die munisipaliteit betaal.

(2) Dié eksterne ingenieursdienste waarvoor ontwikkelingsheffings betaalbaar is, moet uiteengesit word in 'n beleid wat deur die munisipaliteit aangeneem en jaarliks hersien word.

(3) Die bedrag van die ontwikkelingsheffings betaalbaar deur 'n aansoeker moet ooreenkomstig die beleid aangeneem deur die munisipaliteit bereken word.

(4) Die datum waarteen ontwikkelingsheffings betaal moet wees en die betaalmiddel moet in die voorwaardes van goedkeuring vermeld word.

(5) Die ontwikkelingsheffings wat opgelê word, is onderhewig aan opwaartse aanpassing teen die koers bereken ooreenkomstig die beleid oor ontwikkelingsheffings.

(6) Die munisipale bestuurder moet jaarliks by die Raad 'n verslag indien van die ontwikkelingsheffings wat aan die munisipaliteit betaal is, tesame met 'n opgaaf van die uitgawes van die bedrag en die doel van die uitgawes.

(7) Wanneer die munisipaliteit die bydrae beoog in artikel 76(4) en (5) bepaal, moet die munisipaliteit provinsiale norme en standaarde in ag neem sowel as—

*(a)* die munisipaledienste-infrastruktuur en munisipale geriewe vir die betrokke grond wat vir die goedgekeurde grondgebruik benodig word;

*(b)* die openbare uitgawes op daardie infrastuktuur en daardie geriewe wat in die verlede aangegaan is en wat die goedgekeurde grondgebruik fasiliteer;

*(c)* die openbare uitgawes op daardie infrastuktuur en daardie geriewe wat uit die goedgekeurde grondgebruik kan voorspruit;

*(d)* geld ten opsigte van bydraes beoog in artikel 76(4) wat in die verlede deur die eienaar van die betrokke grond betaal is; en

*(e)* geld ten opsigte van bydraes beoog in artikel 76(4) wat in die toekoms deur die eienaar van die betrokke grond betaal moet word.

**Grond vir parke, oop ruimtes, parkering en ander gebruike**

**94.** (1)Wanneer die munisipaliteit 'n aansoek om die gebruik van grond vir residensiële doeleindes goedkeur, kan die munisipaliteit van die aansoeker vereis om grond vir parke, openbare oop ruimtes of parkering te verskaf ingevolge ontwikkelingsvoor-waardes opgelê ooreenkomstig artikel 76.

(2) Die omvang van grond benodig vir parke, openbare oop ruimtes of parkering word deur die munisipaliteit bepaal ooreenkomstig beleid wat deur die munisipaliteit aangeneem is.

(3) Die grond benodig vir parke, openbare oop ruimtes of parkering moet binne die grondgebied van die aansoek verskaf word of kan, met die instemming van die munisipaliteit, elders binne die munisipale gebied verskaf word.

(4) Wanneer 'n aansoek goedgekeur word sonder die vereiste verskaffing van grond vir parke, oop ruimtes of parkering binne die grondgebied van die ontwikkeling kan dit van die aansoeker vereis word om geld aan die munisipaliteit te betaal in plaas van die verskaffing van grond.

## CHAPTER X

## ENFORCEMENT

**Enforcement**

**95.** (1) The municipality must comply and enforce compliance with—

*(a)* the provisions of this By-Law;

*(b)* the provisions of a Development Management Scheme;

*(c)* conditions imposed in terms of this By-Law or any law repealed by the Land Use Planning Act.

(2) The municipality may not do anything that conflicts with subsection (1).

**Offences and penalties**

**96.** (1) A person may be accused of an offence and is liable upon conviction to a fine or imprisonment or to both a fine and such imprisonment if he or she—

*(a)* contravenes or fails to comply with sections 25(1), 25(5), 30(1), 31(4), 41(1), 69(3), 72(2) or 98(2);

*(b)* utilises land in a manner other than prescribed by a Development Management Scheme without the approval of the municipality;

*(c)* upon registration of the transfer of ownership of the first land unit arising from a subdivision, to a person other than the developer, fails to transfer all common property arising from the subdivision to the owners' association;

*(d)* supplies information or answers in an application, or in an appeal against a decision on an application, or in any documentation or representation related to an application or an appeal, knowing it to be false, incorrect or misleading or not believing them to be correct;

*(e)* falsely professes to be an authorised employee or the interpreter or assistant of an authorised employee;

*(f)* hinders or interferes with an authorised employee in the exercise of any power or the performance of any duty of that employee; or

*(g)* fails to comply with a notice issued in terms of section 97 of this By-Law.

(2) An owner who permits his or her land to be used in a manner set out in subsection (1) *(b)* and who does not cease that use or take reasonable steps to ensure that the use ceases, is guilty of an offence and liable upon conviction to a fine or imprisonment or to both a fine and such imprisonment.

(3) Failure to comply with a notice, direction or instruction referred to in this By-Law constitutes a continuing offence and in such case the offender is liable to a fine for every day such offence continues.

(4) The municipality may adopt fines and contravention penalties that may be imposed in the enforcement of this By-Law.

**Serving of compliance notices**

**97.** (1) The municipality must serve a compliance notice on a person if it has reasonable grounds to suspect that the person is guilty of an offence in terms of section 96.

(2) A compliance notice must instruct the person to cease the unlawful utilisation of land or construction activity or both, without delay or within the period determined by the municipality, and may include an instruction to—

*(a)* demolish, remove or alter any building, structure or work unlawfully erected or constructed or to rehabilitate the land or restore the building concerned to its original form or to cease the activity, as the case may be, within the period determined by the municipal manager;

## HOOFSTUK X

## AFDWINGING

**Afdwinging**

**95.** (1) Die munisipaliteit moet voldoen en voldoening afdwing aan die volgende:

*(a)* die bepalings van hierdie verordening;

*(b)* die bepalings van 'n soneringskema;

*(c)* voorwaardes opgelê ingevolge hierdie verordening of enige wet wat deur die Wet op Grondgebruiksbeplanning herroep is.

(2) Die munisipaliteit mag niks doen wat strydig is met subartikel (1) nie.

**Misdrywe en strawwe**

**96.** (1) 'n Persoon mag van 'n misdryf beskuldig word en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf indien hy of sy—

*(a)* artikels 25(1), 25(5), 30(1), 31(4), 41(1), 69(3), 72(2) of 98(2) oortree of versuim om daaraan te voldoen;

*(b)* sonder die goedkeuring van die munisipaliteit grond anders aanwend as wat in die soneringskema voorgeskryf word;

*(c)* versuim om by registrasie van die oodrag van eienaarskap van die eerste grondeenheid wat uit 'n onderverdeling voortspruit, na 'n persoon wat nie die ontwikkelaar is nie, alle gemeenskaplike eiendom wat uit die onderverdeling voortspruit na die eienaarsvereniging oor te dra;

*(d)* besonderhede, inligting of antwoorde verskaf in 'n aansoek of in 'n appèl teen 'n besluit oor 'n aansoek of in enige dokumentasie of voorlegging wat verband hou met 'n aansoek of 'n appèl met die wete dat dit onwaar, foutief of misleidend is of met die mening dat dit nie korrek is nie;

*(e)* voorgee om 'n gemagtigde werknemer of die tolk of assistent van 'n gemagtigde werknemer te wees;

*(f)* 'n gemagtigde werknemer verhinder of inmeng in die uitoefening van enige bevoegdheid of die uitvoering van enige plig van daardie werknemer; of

*(g)* Versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge artikel 97 van hierdie verordening.

(2) 'n Eienaar wat toelaat dat sy of haar grond gebruik word op 'n wyse uiteengesit in subartikel (1)*(b)* en wat nie daardie gebruik staak of redelike stappe doen om toe te sien dat die gebruik staak nie, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf of met beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

(3) Versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing, voorskrif of instruksie uitgereik ingevolge hierdie verordening is 'n voortgesette misdryf in welke geval die oortreder onderhewig is aan 'n boete vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur.

(4) Die munisipaliteit mag boetes en strydigheidsheffings aanneem wat by die afdwinging van hierdie verordening opgelê kan word.

**Betekening van voldoeningskennisgewings**

**97.** (1) Die munisipaliteit moet 'n voldoeningskennisgewing op 'n persoon beteken indien hy redelike gronde het om te vermoed dat die persoon skuldig is aan 'n misdryf ingevolge artikel 96.

(2) 'n Voldoeningskennisgewing moet die persoon opdrag gee om sonder versuim of binne die tydperk bepaal deur die munisipaliteit die onwettige aanwending van grond of bou-aktiwiteit of albei te staak en kan ook 'n opdrag insluit om—

*(a)* binne die tydperk bepaal deur die munisipale bestuurder enige gebou, struktuur of werk wat onwettiglik opgerig of gebou is te sloop, te verwyder of te verbou of om die betrokke grond te rehabiliteer of die gebou te herstel na sy oorspronklike vorm of om die aktiwiteit te staak, na gelang van die geval;

*(b)* apply for the approval of the utilisation of the land or construction activity in terms of this By-Law within 30 days of the service of the compliance notice and to pay the contravention penalty within 30 days of the approval of the utilisation; or

*(c)* rectify the contravention of or non-compliance with a condition of approval within a specified period.

(3) A person who has received a compliance notice with an instruction contemplated in subsection (2) *(a)* may not apply in terms of subsection (2) *(b)* .

(4) An instruction to apply in terms of subsection (2) *(b)* must not be construed as an indication that the application will be approved.

(5) If the application submitted in terms of subsection (2) *(b)* is refused, the owner must demolish, remove or alter the building, structure or work unlawfully erected or constructed and rehabilitate the land or restore the building.

(6) A person who received a compliance notice in terms of this section may object to the notice by submitting written representations to the municipality within 30 days of the date of notification.

**Contents of compliance notice**

**98.** (1) A compliance notice must—

*(a)* identify the person to whom it is addressed;

*(b)* describe the alleged unlawful utilisation of land or construction activity and the land on which it is occurring or has occurred;

*(c)* state that the utilisation of land or construction activity is unlawful and inform the person of the particular offence contemplated in section 96 which that person allegedly has committed or is committing by the continuation of that activity on the land;

*(d)* state the steps that the person must take and the period within which those steps must be taken;

*(e)* state anything which the person may not do and the period during which the person may not do it;

*(f)* make provision for the person to submit representations in terms of section 99 with the contact person stated in the notice; and

*(g)* issue a warning to the effect that—

(i) the person may be prosecuted for and convicted of an offence contemplated in section 96;

(ii) on conviction of an offence, the person will be liable for the penalty as provided for;

(iii) the person may be required by an order of court to demolish, remove or alter any building, structure or work unlawfully erected or constructed or to rehabilitate the land or restore the building concerned or to cease the activity;

(iv) in the case of a contravention relating to a consent use or temporary departure, the approval may be withdrawn; and

(v) in the case of an application for authorisation of the activity or development parameter, the contravention penalty in the amount as stated in the notice, including any costs incurred by the municipality, may be imposed.

(2) Any person on whom a compliance notice is served must comply with that notice within the period stated in the notice unless the person has objected to the notice in terms of section 99 and the municipality has not decided on the matter in terms of that section or the municipality has agreed to suspend the operation of the compliance notice in terms of section 99(2).

**Objections to compliance notice**

**99.** (1) Any person who receives a compliance notice in terms of section 97 may object to the notice by making written representations to the municipality within 30 days of the date of notification.

*(b)* binne 30 dae vanaf die betekening van die voldoeningskennisgewing ’n aansoek om die goedkeuring van die aanwending van die grond of bou-aktiwiteit ingevolge hierdie Verordening in te dien en die strydigheidsheffing binne 30 dae na die goedkeuring van die aanwending te betaal; of

*(c)* die oortreding van of nievoldoening aan ’n voorwaarde van goedkeuring binne ’n bepaalde tydperk reg te stel.

(3) ’n Persoon wat ’n voldoeningskennisgewing met ’n opdrag beoog in subartikel (2)*(a)* ontvang het, mag nie ’n aansoek indien ingevolge subartikel (2)*(b)* nie.

(4) ’n Opdrag om ’n aansoek ingevolge subartikel (2)*(b)* in te dien, moet nie vertolk word as ’n aanduiding dat die aansoek goedgekeur sal word nie.

(5) Indien die aansoek wat ingevolge subartikel (2)*(b)* ingedien is, geweier word, moet die eienaar die gebou, struktuur of werk wat onwettiglik opgerig of gebou is sloop, verwyder of verbou en die grond rehabiliteer of die gebou herstel.

(6) ’n Persoon wat ’n voldoeningskennisgewing ingevolge hierdie artikel ontvang het, kan teen die kennisgewing beswaar aanteken deur binne 30 dae vanaf die datum van kennisgewing skriftelike vertoë by die munisipaliteit in te dien.

**Inhoud van voldoeningskennisgewing**

**98.** (1) ’n Voldoeningskennisgewing moet—

*(a)* die persoon aan wie dit gerig is, identifiseer;

*(b)* die beweerde onwettige aanwending van grond of bou-aktiwiteit en die grond waarop dit plaasvind of plaasgevind het, beskryf;

*(c)* vermeld dat die aanwending van grond of bou-aktiwiteit onwettig is en die persoon in kennis stel van die bepaalde misdryf beoog in artikel 96 wat daardie persoon na bewering gepleeg het of pleeg deur die voortsetting van daardie aktiwiteit op die grond;

*(d)* die stappe vermeld wat die persoon moet doen en die tydperk waarbinne daardie stappe gedoen moet word;

*(e)* enigiets vermeld wat die persoon nie mag doen nie en die tydperk waarbinne die persoon dit nie mag doen nie;

*(f)* voorsiening maak vir die persoon om ingevolge artikel 99 by die skakelpersoon vermeld in die kennisgewing vertoë in te dien; en

*(g)* ’n waarskuwing uitreik met die volgende strekking:

(i) dat die persoon vervolg kan word vir en skuldig bevind kan word aan ’n misdryf beoog in artikel 96;

(ii) dat die persoon by skuldigbevinding aan ’n misdryf strafbaar sal wees met die straf soos bepaal;

(iii) dat dit deur ’n hofbevel van die persoon vereis kan word om enige gebou, struktuur of werk wat onwettiglik opgerig of gebou is, te sloop, te verwyder of te verbou, of om die betrokke grond te rehabiliteer of gebou te herstel, of om die aktiwiteit te staak;

(iv) dat in die geval van ’n oortreding wat met ’n vergunningsgebruik of tydelike afwyking verband hou, die goedkeuring ingetrek kan word; en

(v) dat in die geval van ’n aansoek om magtiging van die aktiwiteit of ontwikkelingsparameter, die strydigheidsheffing ten bedrae soos vermeld in die kennisgewing, met inbegrip van enige kostes aangegaan deur die munisipaliteit, opgelê kan word.

(2) Enige persoon op wie ’n voldoeningskennisgewinig beteken is, moet binne die tydperk vermeld in die kennisgewing aan daardie kennisgewing voldoen, tensy die persoon ingevolge artikel 99 teen die kennisgewing beswaar gemaak het en die munisipaliteit nog nie ingevolge daardie artikel oor die aangeleentheid besluit het nie of die munisipaliteit ingestem het om die werking van die voldoeningskennisgewing ingevolge artikel 99(2) op te skort.

**Besware teen voldoeningskennisgewing**

**99.** (1) Enige persoon wat ’n voldoeningskennisgewing ingevolge artikel 97 ontvang, kan beswaar maak teen die kennisgewing deur binne 30 dae vanaf die datum van kennisgewing skriftelike vertoë aan die munisipaliteit te rig.

(2) After consideration of any objections or representations made in terms of subsection (1) and any other relevant information, the municipality—

*(a)* may suspend, confirm, vary or withdraw the compliance notice or any part of the compliance notice; and

*(b)* must specify the period within which the person to whom the compliance notice is addressed must comply with any part of the compliance notice that is confirmed or varied.

**Failure to comply with compliance notice**

**100.** If a person fails to comply with a compliance notice, the municipality may—

*(a)* lay a criminal charge against the person;

*(b)* apply to a competent court for an order—

(i) restraining that person from continuing the unlawful utilisation of the land;

(ii) directing that person to, without the payment of compensation—

*(aa)* demolish, remove or alter any building, structure or work unlawfully erected or constructed; or

*(bb)* rehabilitate the land concerned;

*(c)* in the case of consent use or a temporary departure, withdraw the approval granted and take any of the steps contemplated in section 98(1)*(g)*.

**Compliance certificates**

**101.** (1) An authorised employee who is satisfied that the owner or occupier of any land or premises has complied with a compliance notice may issue a certificate, in the manner and form determined by the municipality, to confirm the compliance.

(2) The authorised employee must submit a report to the municipality regarding his or her findings contemplated in subsection (1) and the issuing of a compliance certificate.

**Urgent matters**

**102.** (1) The municipality does not have to comply with sections 97(6), 98(1)*(f)* and 99 in a case where an unlawful utilisation of land must be stopped urgently and may issue a compliance notice calling upon the person or owner to cease the unlawful utilisation of land immediately.

(2) If the person or owner fails to cease the unlawful utilisation of land immediately, the municipality may apply to a competent court for an urgent interdict or any other relief necessary.

**General powers and functions of authorised employees**

**103.** (1) An authorised employee may, with the written consent of the owner, occupier or person in lawful control of the land or building without a warrant and after reasonable notice has been given, enter upon land or premises or enter a building at any reasonable time for the purpose of ensuring compliance with this By-Law.

(2) An authorised employee must be in possession of proof that he or she has been designated as an authorised employee for the purposes of subsection (1).

(3) An authorised employee may be accompanied by an interpreter, a police official or any other person who may be able to assist with the inspection.

**Powers of entry, search and seizure**

**104.** (1) In ensuring compliance with this By-Law, an authorised employee in accordance with section 103—

*(a)* question any person on land or premises entered upon or in a building entered, who, in the opinion of the authorised employee, may be able to provide information on a matter that relates to an

(2) Na oorweging van enige besware of vertoë wat ingevolge subartikel (1) gemaak of gerig is en enige ander tersaaklike inligting—

*(a)* kan die munisipaliteit die voldoeningskennisgewing of enige gedeelte van die voldoeningskennisgewing opskort, bevestig, verander of intrek; en

moet die munisipaliteit die tydperk vermeld waarbinne die persoon aan wie die voldoeningskennisgewing gerig is aan enige gedeelte van die voldoeningskennisgewing wat bevestig of verander is, moet voldoen.

**Versuim om aan voldoeningskennisgewing te voldoen**

**100.** Indien 'n persoon versuim om aan 'n voldoeningskennisgewing te voldoen, kan die munisipaliteit—

*(a)* 'n kriminele klag teen die persoon indien;

*(b)* by 'n bevoegde hof 'n bevel aanvra—

(i) wat daardie persoon belet om met die onwettige aanwending van die grond voort te gaan;

(ii) wat daardie persoon gelas om, sonder die betaling van vergoeding—

*(aa)* enige gebou, struktuur of werk wat onwettiglik opgerig of gebou is, te sloop, te verwyder of te verbou; of om

*(bb)* die betrokke grond te rehabiliteer;

*(c)* in die geval van 'n vergunningsgebruik of tydelike afwyking, die verleende goedkeuring intrek en enige van die stappe beoog in artikel 98(1)(g) neem.

**Voldoeningsertifikaat**

**101.** (1) 'n Gemagtigde werknemer wat tevrede is dat die eienaar of bewoner van enige grond of perseel voldoen het aan 'n voldoeningskennisgewing kan 'n sertifikaat uitreik, in die wyse en vorm bepaal deur die munisipaliteit, om die voldoening te bevestig.

(2) Die gemagtigde werknemer moet 'n verslag by die munisipaliteit indien rakende sy of haar bevindinge beoog in subartikel (1) en die uitreik van 'n voldoeningsertifikaat.

**Dringende aangeleenthede**

**102.** (1) Die munisipaliteit hoef nie aan artikels 97(6), 98(1)*(f)* en 99 te voldoen in 'n geval waar 'n onwettige aanwending van grond dringend gestuit moet word nie en kan 'n voldoeningskennisgewing uitreik wat 'n beroep op die persoon of eienaar doen om die onwettige aanwending van grond onmiddellik te staak.

(2) Indien die persoon of eienaar versuim om die onwettige aanwending van grond onmiddellik te staak, kan die munisipaliteit by 'n bevoegde hof 'n dringende interdik of enige ander nodige regshulp aanvra.

**Algemene bevoegdhede en werksaamhede van gemagtigde werknemers**

**103.**(1) 'n Gemagtigde werknemer kan te eniger redelike tyd, met die skriftelike toestemming van die eienaar, bewoner of persoon wat wettig in beheer van die grond of gebou is, sonder 'n lasbrief en nadat redelike kennis vooraf gegee is, grond of 'n perseel betree of 'n gebou binnegaan met die doel om voldoening aan hierdie verordening te verseker.

(2) 'n Gemagtigde werknemer moet in besit wees van bewys dat hy of sy aangewys is as 'n gemagtigde werknemer vir die doeleindes van subartikel (1).

(3) 'n Gemagtigde werknemer kan vergesel word van 'n tolk, 'n polisiebeampte of enige ander persoon wat moontlik met die ondersoek kan help.

**Bevoegdhede van betreding, deursoeking en beslaglegging**

**104.** (1) By die versekering van voldoening aan hierdie verordening kan 'n gemagtigde werknemer behoudens artikel 103—

*(a)* op grond of 'n perseel wat betree is of in 'n gebou wat binnegegaan is enige persoon ondervra wat na die mening van die gemagtigde werknemer moontlik inligting kan verskaf oor 'n aangeleen-

investigation regarding an offence in terms of, or contravention of this By-Law;

*(b)* question any person on that land or those premises or in that building about any act or omission in respect of which there is a reasonable suspicion that it constitutes—

(i) an offence in terms of this By-Law;

(ii) a contravention of this By-Law; or

(iii) a contravention of an approval or a term or condition of that approval;

*(c)* question that person about any structure, object, document, book, record, written or electronic information or inspect any structure, object, document, book, record or written or electronic information which may be relevant for the purpose of the investigation;

*(d)* copy or make extracts from any document, book, record, written or electronic information referred to in paragraph *(c)* , or remove that document, book, record or written or electronic information in order to make copies thereof or extracts therefrom;

*(e)* require that person to produce or deliver to a place specified by the authorised employee any document, book, record, written or electronic information referred to in paragraph *(c)* for inspection;

*(f)* examine that document, book, record, written or electronic information or make a copy thereof or an extract therefrom;

*(g)* require from that person an explanation of any entry in that document, book, record, written or electronic information;

*(h)* inspect any article, substance, plant or machinery which is or was on the land, or any work performed on the land or any condition prevalent on the land, or remove for examination or analysis any article, substance, plant or machinery or a part or sample thereof;

*(i)* take photographs or make audio-visual recordings of anything or any person on that land or those premises or in that building relevant to the purposes of the investigation; or

*(j)* seize a book, record, written or electronic information referred to in paragraph *(c)* or article, substance, plant or machinery referred to in paragraph *(h)* or a part or sample thereof that in his or her opinion may serve as evidence at the trial of the person to be charged with an offence under this By-Law or the common law, provided that the user of the article, substance, plant or machinery on the land or premises or in the building concerned may make copies of that book, record or document before the seizure.

(2) When an authorised employee removes or seizes any article, substance, plant or machinery, book, record or other document as contemplated in this section, he or she must issue a receipt to the owner or person in control thereof.

(3) An authorised employee may not have a direct or indirect personal or private interest in the matter to be investigated.

**Warrant of entry for enforcement purposes**

**105.** (1) A judge of a High Court or a magistrate for the district in which the land is situated may, at the request of the municipality, issue a warrant to enter upon the land or premises or building if—

*(a)* the prior permission of the occupier or owner cannot be obtained after reasonable attempts; or

*(b)* the purpose of the inspection would be frustrated by the occupier or owner's prior knowledge thereof.

(2) A warrant may be issued only if it appears to the Judge or Magistrate from information on oath or affirmation that there are reasonable grounds for believing that—

*(a)* an authorised employee has been refused entry to land or a building that he or she is entitled to inspect;

*(b)* an authorised employee will be refused entry to land or a building that he or she is entitled to inspect;

*(c)* an offence contemplated in section 96 is occurring or has occurred

theid wat verband hou met 'n ondersoek na 'n oortreding ingevolge hierdie verordening of strydig met hierdie verordening;

*(b)* op daardie grond of daardie perseel of in daardie gebou enige persoon ondervra oor enige handeling of versuim ten opsigte waarvan daar 'n redelike vermoede is dat dit die volgende uitmaak:

(i) 'n misdryf ingevolge hierdie Verordening;

(ii) 'n oortreding van hierdie Verordening; of

(iii) 'n oortreding van 'n goedkeuring of 'n bepaling of voorwaarde van daardie goedkeuring;

*(c)* daardie persoon ondervra oor enige struktuur, voorwerp, dokument, boek, rekord, skriftelike of elektroniese inligting of enige struktuur, voorwerp, dokument, boek, rekord of geskrewe of elektroniese inligting ondersoek wat moontlik tersaaklik is vir die doel van die ondersoek;

*(d)* afskrifte of uittreksels maak van enige dokument, boek, rekord, skriftelike of elektroniese inligting bedoel in paragraaf *(c)* of daardie dokument, boek, rekord of skriftelike of elektroniese inligting verwyder ten einde afskrifte daarvan of uittreksels daaruit te maak;

*(e)* van daardie persoon vereis om enige dokument, boek, rekord, skriftelike of elektroniese inligting bedoel in paragraaf *(c)* vir insae te verskaf of af te lewer by 'n plek vermeld deur die gemagtigde werknemer;

*(f)* daardie dokument, boek, rekord, skriftelike of elektroniese inligting ondersoek of 'n afskrif daarvan of 'n uittreksel daaruit maak;

*(g)* van daardie persoon 'n verduideliking vereis van enige inskrywing in daardie dokument, boek, rekord, skriftelike of elektroniese inligting;

*(h)* enige artikel, stof, plant of masjinerie wat op die grond is of was of enige verrigte werk op die grond, of enige heersende toestand op die grond ondersoek of kan enige artikel, stof, plant of masjinerie of 'n gedeelte of monster daarvan vir ondersoek of ontleding verwyder;

*(i)* foto's neem of oudiovisuele opnames maak van enigiets of enige persoon op daardie grond of daardie perseel of in daardie gebou wat tersaaklik tot die doeleindes van die ondersoek is; of

*(j)* beslag lê op 'n boek, rekord, skriftelike of elektroniese inligting bedoel in paragraaf *(c)* of op 'n artikel, stof, plant of masjinerie bedoel in paragraaf *(h)* of op 'n gedeelte of monster daarvan wat na sy of haar mening as bewys kan dien by die verhoor van die persoon wat kragtens hierdie Verordening of die gemene reg aangekla staan te word van 'n misdryf, mits die gebruiker van die artikel, stof, plant of masjinerie op die betrokke grond of perseel of in die betrokke gebou voor die beslaglegging afskrifte kan maak van daardie boek, rekord of dokument.

(2) Wanneer 'n gemagtigde werknemer enige artikel, stof, plant of masjinerie, boek, rekord of ander dokument soos beoog in hierdie artikel verwyder of daarop beslag lê, moet hy of sy 'n kwitansie aan die eienaar of persoon in beheer daarvan uitreik.

(3) 'n Gemagtigde werknemer mag nie 'n direkte of indirekte persoonlike of privaat belang hê by die aangeleentheid wat ondersoek staan te word nie.

**Lasbrief van betreding vir afdwingingsdoeleindes**

**105.** (1) 'n Regter van die Hooggeregshof of 'n landdros vir die distrik waarin die grond geleë is, kan op versoek van die munisipaliteit 'n lasbrief uitreik om die grond of perseel of gebou te betree indien—

*(a)* die vooraf toestemming van die bewoner of eienaar na redelike pogings nie bekom kan word nie; of

*(b)* die doel van die ondersoek verydel sou word deur die bewoner of eienaar se vooraf kennis daarvan.

(2) 'n Lasbrief kan uitgereik word slegs indien dit vir die Regter of landdros uit inligting onder eed of plegtige verklaring blyk dat daar redelike gronde is om te glo dat—

*(a)* 'n gemagtigde te werknemer toegang geweier is tot grond of 'n gebou wat hy of sy geregtig is om ondersoek;

*(b)* 'n gemagtigde werknemer toegang geweier sal word tot grond of 'n gebou wat hy of sy geregtig is om te ondersoek;

*(c)* 'n misdryf beoog in artikel 96 plaasvind of plaasgevind het en 'n

and an inspection of the premises is likely to yield information pertaining to that offence; or

*(d)* the inspection is reasonably necessary for the purposes of this By-Law.

(3) A warrant must authorise the municipality to enter upon the land or premises or to enter the building to take any of the measures referred to in section 104 as specified in the warrant, on one occasion only, and that entry must occur—

*(a)* within one month of the date on which the warrant was issued; and

*(b)* at a reasonable time, except where the warrant was issued on grounds of urgency.

**Regard to decency and order**

**106.** The entry upon land or premises or in a building under this Chapter must be conducted with strict regard to decency and order, which must include regard to—

*(a)* a person's right to respect for and protection of his or her dignity;

*(b)* the right to freedom and security of the person; and

*(c)* a person's right to personal privacy.

**Enforcement litigation**

**107.** Whether or not the municipality lays criminal charges against a person for an offence contemplated in section 96, and despite section 97, the municipality may apply to a competent court for an interdict or any other appropriate order, including an order compelling that person to—

*(a)* demolish, remove or alter any building, structure or work unlawfully erected or constructed;

*(b)* rehabilitate the land concerned; or

*(c)* cease the unlawful utilisation of land.

## CHAPTER XI

## MISCELLANEOUS

**Naming and numbering of streets**

**108.** (1) If as a result of the approval of a development application streets or roads are created, whether public or private, the municipality must approve the naming of streets and must allocate a street number to each of the erven or land units located in such street or road.

(2) The proposed names of the streets and numbers must be submitted as part of an application for subdivision.

(3) In considering the naming of streets, the municipality must consider the relevant policies regarding street naming and numbering.

(4) The municipality must notify the Surveyor-General of the approval of new streets as a result of the approval of an amendment or cancellation of a subdivision plan in terms of section 33 and the Surveyor-General must endorse the records of the Surveyor-General's Office to reflect the amendment or cancellation of the street names on an approved general plan.

**Transitional arrangements**

**109.** (1) Anything done under or in terms of any provision repealed by this By-Law shall be deemed to have been done under the corresponding provisions of this By-Law and the repeal in section 110 shall not affect the validity of anything done under the By-Law so repealed.

(2) Anything done prior to promulgation of this By-Law, which was not done in terms of a provision repealed in this By-Law and was unlawful, shall in the event of such act still not complying with the provisions of this By-Law, be unlawful and the municipality in such a case may take the necessary action in terms of Chapter X.

ondersoek van die perseel waarskynlik inligting rakende daardie misdryf sal oplewer;

*(d)* die ondersoek redelik nodig is vir die doeleindes van hierdie Verordening.

(3) 'n Lasbrief moet die munisipaliteit magtig om die grond of perseel te betree of die gebou binne te gaan om enige van die maatreëls bedoel in artikel 104 soos vermeld in die lasbrief te tref, slegs by 'n enkele geleentheid, en dat die betreding moet plaasvind—

*(a)* binne een maand vanaf die datum waarop die lasbrief uitgereik is; en

*(b)* te eniger redelike tyd, behalwe waar die lasbrief op gronde van dringendheid uitgereik is.

**Inagneming van behoorlikheid en orde**

**106.** Die betreding op grond of 'n perseel of van 'n gebou kragtens hierdie Hoofstuk moet met streng inagneming van behoorlikheid en orde uitgevoer word, wat inagneming van die volgende moet insluit—

*(a)* 'n persoon se reg tot respek vir en beskerming van sy of haar menswaardigheid;

*(b)* die reg tot vryheid en veiligheid van die persoon; en

*(c)* 'n persoon se reg tot persoonlike privaatheid.

**Afdwingingsgedingvoering**

**107.** Of die munisipaliteit kriminele klagtes teen 'n persoon indien vir 'n misdryf beoog in artikel 96 al dan nie, en ondanks artikel 97, kan die munisipaliteit by 'n bevoegde hof 'n interdik of enige ander gepaste bevel aanvra, met inbegrip van 'n bevel wat daardie persoon verplig om—

*(a)* enige gebou, struktuur of werk wat onwettig opgerig of gebou is, te sloop, te verwyder of te verander;

*(b)* die betrokke grond te rehabiliteer; of

*(c)* die onwettige aanwending van grond te staak.

## HOOFSTUK XI

## ALGEMENE BEPALINGS

**Benaming en nommering van strate**

**108.** (1) Indien paaie of strate as gevolg van die goedkeuring van 'n ontwikkelingsaansoek geskep word, hetsy openbaar of privaat, moet die munisipaliteit die naamgewing van strate goedkeur en 'n straatnommer toeken aan elk van die erwe of grondeenhede geleë in sodanige straat of pad.

(2) Die voorgestelde name van die strate en nommers moet as 'n deel van 'n aansoek om onderverdeling ingedien word.

(3) By oorweging van die naamgewing van strate moet die munisipaliteit die tersaaklike beleide rakende straatnaamgewing en—nommering in aanmerking neem.

(4) Die munisipaliteit moet die Landmeter-generaal in kennis stel van die goedkeuring van nuwe strate as gevolg van die goedkeuring van 'n wysiging of kansellering van 'n onderverdelingsplan ingevolge artikel 33 en die Landmeter-generaal moet die rekords van die Kantoor van die Landmeter-generaal endosseer om die wysiging of kansellasie van die straatname op 'n goedgekeurde algemene plan weer te gee.

**Oorgangsmaatreëls**

**109.** (1) Enigiets wat gedoen is ingevolge enige bepaling van 'n verordening wat deur hierdie verordening herroep word, sal geag word as gedoen te wees ingevolge die ooreenstemmende bepalings van hierdie verordening en die herroeping in artikel 110 sal nie die geldigheid affekteer van enigiets wat gedoen is ingevolge die verordening wat as sodanig herroep is nie.

(2) Enigiets wat voor die afkondiging van hierdie verordening gedoen is, wat nie ingevolge 'n bepaling gedoen is wat in hierdie verordening herroep is nie, onwettig was, sal in die geval waar sodanige handeling nie aan die bepalings van hierdie verordening voldoen nie, onwettig wees en sal die munisipaliteit geregtig wees om ingevolge die bepalings van Hoofstuk X op te tree.

(3) Any land use planning steps taken or applications made prior to the commencement of this By-Law, in terms of the Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-Law, (PG 7741 of 3 March 2017) repealed by this By-Law and which have not been finalized immediately before the commencement of this By-Law be dealt with as if this By-Law is not in force.

**Repeal and replacement**

**110.** The Municipal Land Use Planning By-Law of Swartland Municipality, published in the Provincial Gazette Extraordinary, No. 7741 dated 3 March 2017, is hereby repealed as a whole.

**Short title and commencement**

**111.** This By-Law is called the Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-Law—2020 and comes into operation on the date of publication thereof in the Provincial Gazette.

**SCHEDULE 1**

**CODE OF CONDUCT FOR MEMBERS OF THE TRIBUNAL**

**General conduct**

**1.** A member of the Tribunal must always —

*(a)* act in accordance with the principles of accountability and transparency; and

*(b)* disclose his or her personal interests in any decision to be made in the planning process in which he or she serves or has been requested to serve;

*(c)* abstain completely from direct or indirect participation as an advisor in any matter in which he or she has a personal interest and leave any chamber in which such matter is under deliberation unless the personal interest has been made a matter of public record and the Council has given written approval and has expressly authorised his or her participation.

**2.** A member of the Tribunal may not—

*(a)* use his or her position or privileges as Tribunal member or confidential information obtained as a Tribunal member, for private gain or to improperly benefit another person; or

*(b)* participate as a decision maker concerning a matter in which that Tribunal member or that member's spouse, family member, partner or business associate, has a direct or indirect personal interest or private business interest.

**Gifts**

**3.** A member of the Tribunal may not receive or seek gifts, favours or any other offer when it might reasonably be inferred that the gifts, favours or offers are intended or expected to influence that member's objectivity as an advisor or decision-maker in the planning process.

**Undue influence**

**4.** A member of the Tribunal may not—

*(a)* use the power of his or her office to seek or obtain special advantage for private gain or to improperly benefit another person that is not in the public interest;

*(b)* use confidential information acquired in the course of his or her duties to further a personal interest;

*(c)* disclose confidential information acquired in the course of his or her duties unless required by law to do so or by circumstances to prevent substantial prejudice or damage to another person; or

*(d)* commit a deliberately wrongful act that reflects adversely on the Tribunal, the municipality, the government or the planning profession by seeking business by stating or implying that he or she is prepared, willing or able to influence decisions of the Tribunal by improper means.

(3) Enige grondgebruikbeplanning stappe of aansoeke wat voor die inwerkingtreding van hierdie verordening gedoen is, ingevolge Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning, (PK 7741 van 3 Maart 2017) wat deur hierdie verordening herroep is en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie verordening nog nie afgehandel is nie afgehandel word asof hierdie verordening nie van krag is nie.

**Herroeping en vervanging**

**110.** Die Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning van Swartland Munisipaliteit, afgekondig in die Buitengewone Provinsiale Koerant No. 7741, gedateer 3 Maart 2017, word hiermee in geheel herroep.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**111.** Hierdie verordening heet die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning—2019 en tree in werking op die datum van publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.

**SKEDULE 1**

**GEDRAGSKODE VIR LEDE VAN DIE TRIBUNAAL**

**Algemene gedrag**

**1.** 'n Lid van die Tribunaal moet te alle tye—

*(a)* ooreenkomstig die beginsels van verantwoordenspligtigheid en deursigtigheid handel; en

*(b)* sy of haar persoonlike belange by enige besluit wat geneem staan te word in die beplanningsproses waarin hy of sy dien of versoek is om te dien, verklaar;

*(c)* hom of haar ten volle weerhou van direkte of indirekte deelname as 'n raadgewer in enige aangeleentheid waarby hy of sy 'n persoonlike belang het en enige kamer verlaat waarin sodanige aangeleentheid in oorweging is, tensy die persoonlike belang op openbare rekord geplaas is en die Raad skriftelike goedkeuring verleen en sy of haar deelname uitdruklik gemagtig het.

**2.** 'n Lid van die Tribunaal mag nie—

*(a)* sy of haar posisie of voorregte as Tribunaallid of vertroulike inligting wat as 'n Tribunaallid bekom is, gebruik vir eie gewin of om 'n ander persoon onbehoorlik te bevoordeel nie; of

*(b)* deelneem as 'n besluitnemer rakende 'n aangeleentheid waarin daardie Tribunaallid of daardie lid se eggenoot, familielid, vennoot of sakegenoot 'n direkte of indirekte persoonlike belang of privaat sakebelang het nie.

**Geskenke**

**3.** 'n Lid van die Tribunaal mag nie geskenke, gunste of enige ander aanbod ontvang of najaag in omstandighede waarin dit redelik afgelei sou kon word dat die geskenke, gunste of aanbiedinge bedoel is of verwag word om daardie lid se objektiwiteit as 'n raadgewer of besluitnemer in die beplanningsproses te beïnvloed nie.

**Onbehoorlike invloed**

**4.** 'n Lid van die Tribunaal mag nie—

*(a)* die bevoegdheid van sy of haar amp gebruik om spesiale voordeel na te jaag of te bekom vir eie gewin of om 'n ander persoon onbehoorlik te bevoordeel wat nie in die openbare belang is nie;

*(b)* vertroulike inligting wat in die verloop van sy of haar pligte verkry is, gebruik om 'n persoonlike belang te bevorder nie;

*(c)* vertroulike inligting wat in die verloop van sy of haar pligte verkry is, bekendmaak nie, tensy dit regtens van hom of haar vereis word om dit te doen of omstandighede hom of haar verplig om wesenlike benadeling of skade aan 'n ander persoon te voorkom; en

*(d)* opsetlik 'n wederregtelike handeling pleeg wat die Tribunaal, die munisipaliteit, die regering of die beplanningsprofessie in 'n slegte lig stel deur besigheid na te jaag deur te verklaar of te impliseer dat hy of sy bereid, gewillig of in staat is om besluite van die Tribunaal deur onbehoorlike middele te beïnvloed nie.

**SCHEDULE 2**

**SWARTLAND MUNICIPALITY
DEVELOPMENT MANAGEMENT SCHEME**

TABLE OF CONTENT

**DEFINITIONS AND INTERPRETATION**

CHAPTER 1: RESIDENTIAL ZONES

CHAPTER 2: GENERAL RESIDENTIAL ZONES

CHAPTER 3: BUSINESS ZONES

CHAPTER 4: INDUSTRIAL ZONES

CHAPTER 5: COMMUNITY ZONES

CHAPTER 6: INSTITUTIONAL ZONES

CHAPTER 7: TRANSPORT ZONES

CHAPTER 8: NATURE- AND OPEN SPACE ZONES

CHAPTER 9: RESORT ZONES

CHAPTER 10: AGRICULTURAL AND RURAL ZONES

CHAPTER 11: ALTERNATIVE ZONES

CHAPTER 12: GENERAL PROVISIONS APPLICABLE TO ALL ZONES

CHAPTER 13: PARKING, LOADING AND INFRASTRUCTURE

CHAPTER 14: SUBDIVISION, CONSOLIDATION, DEPARTURES AND CONSENT USES

CHAPTER 15: INTERPRETATION

**OVERLAY ZONES ANNEXURES**

**ANNEXURE 1: SPECIFIC OVERLAY ZONES**

Annexure A1: Heritage Area Overlay Zone (HAO)

Annexure A2: Environmental Protection Overlay Sone (EPO)

Annexure A3: Special Management Area Zone (SMAO)

Annexure A4: Bio Region Planning Overlay Zone (BPO)

Annexure A5: Scenic Route Overlay Zone (SRO)

Annexure A6: Local Area Overly Zone (LAO)

Annexure A7: Special Planning Area Overlay Zone (SPA)

Annexure A8: Acitivity Spine Overlay Zone (ASO)

Annexure A9: Airport Overlay Zone (AO)

**WOORDOMSKRYWINGS**

In this Development Management Scheme, unless the context indicates otherwise:

**A**

***abattoir,*** means a place where animals including poultry or sea-animals, are slaughtered and prepared for distribution to butcheries and food markets;

***access gate,*** means a prominent access to or exit from an urban area or a specific part of an urban area which features man- made or natural characteristics and creates a strong feeling of arrival or departure;

***access steps and porches,*** means access steps and porches for a building, including low walls and railings, if such steps and porches are not located within the retaining walls of the building;

***activity corridor,*** means an area of generally higher intensity urban use or land suitable for intensification, parallel to and on both sides of an activity spine, and includes any higher order transport routes such as railway lines and thoroughfares;

***activity spine,*** means a public street, incorporating an existing or

**SKEDULE 2**

**SWARTLAND MUNISIPALITEIT
ONTWIKKELINGSBESTUUR SKEMA**

INHOUDSOPGAWE

**WOORDOMSKRYWING EN INTERPRETASIE**

HOOFSTUK 1: RESIDENSIËLE SONES

HOOFSTUK 2: ALGEMENE RESIDENSIËLE SONES

HOOFSTUK 3: SAKESONES

HOOFSTUK 4: NYWERHEIDSONES

HOOFSTUK 5: GEMEENSKAPSONES

HOOFSTUK 6: OWERHEIDSONES

HOOFSTUK 7: VERVOERSONES

HOOFSTUK 8: NATUUR- EN OOPRUIMTESONES

HOOFSTUK 9: OORDSONES

HOOFSTUK 10: LANDBOU- EN LANDELIKE SONES

HOOFSTUK 11: ALTERNATIEWE SONES

HOOFSTUK 12: ALGEMENE BEPALINGS OP ALLE SONES VAN TOEPASSING

HOOFSTUK 13: PARKERING, LAAI EN INFRASTRUKTUUR

HOOFSTUK14: ONDERVERDELING, KONSOLIDERING, AFWYKINGS EN VERGUNNINGS

HOOFSTUK 15: INTERPRETASIE

**OORLEGSONE BYLAES**

**BYLAE 1: SPESIFIEKE OORLEGSONES**

Bylae A1: Erfenisgebied Oorlegsone (HAO)

Bylae A2: Omgewingsbewaring Oorlesones (EPO)

Bylae A3: Spesiale bestuursgebied Oorlegsones (SMAO)

Bylae A4: Biostreekbeplanning Oorlegsone (BPO)

Bylae A5: Uitsigroete Oorlegsone (SRO)

Bylae A6: Plaaslike gebied Oorlegsone (LAO)

Bylae A7: Spesiale Beplanningsgebied Oorlegsone (SPA)

Bylae A8: Aktiwiteitsas Oorlegsone (ASO)

Bylae A9: Lughawe Oorlegsone (AO)

**WOORDOMSKRYWINGS**

In hierdie Soneringskema, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

**A**

***aanhou van diere,*** die akkommodasie van diere;

***aanplakbord,*** enige skerm of bord groter as 4,5m$^2$, ondersteun deur ’n losstaande struktuur, wat gebruik word of gebruik sal word vir die opsit, vertoning en uitstalling van ’n advertensie, wat ook algemeen bekend staan as ’n advertensiebord, en waarvan die hooffunksie is om produkte, aktiwiteite en dienste te adverteer wat nie plekgebonde is nie;

aanvangsdatum, die datum van inwerkingtreding van hierdie soneringskema;

***addisionele wooneenheid,*** ’n wooneenheid wat opgerig kan word op ‘n landbou grondeenheid waar ’n toegelate woonhuis eers opgerig is, in ’n sone waar ‘addisionele wooneenheid’ ’n primêre of vergunningsgebruik is, met dien verstande dat:

*(a) die addisionele wooneenheid op dieselfde kadastrale eenheid opgerig word as die wooneenheid wat eerste daar opgerig is;*

planned public transport route, and adjacent land used or intended for mixed use development;

***additional dwelling unit,*** means a dwelling unit that may be erected on an agricultural land unit where a permitted dwelling has first been erected, in a zone where 'additional dwelling unit' is a consent use, provided that:

*(a)* the additional dwelling unit shall be erected on the same cadastral unit as the dwelling that has first been erected;

*(b)* the additional dwelling unit shall comply with the other relevant requirements specified in this Development Management Scheme;

*(c)* the additional dwelling unit must have a lesser floor area than the dwelling that has first been erected;

*(bb)* preservation of natural vegetation and wildlife habitats;

*(cc)* protection of surface and subsurface water;

*(dd)* preservation of topsoil;

*(ee)* provision for restoration and the re-use of the site;

*(ff)* provision for noise and visual buffering;

*(gg)* accommodation of heavy traffic and vehicles on roadways, and

*(hh)* provision for a phased programme of commitments and liabilities commensurate with the restoration requirements;

(iii) In the assessment of an application to conduct industrial activities in this zone, particular consideration shall be given to the potential nuisance or risk such activity may pose to the surrounding area and persons or community.

**(b) Site development plan**

A site development plan shall be submitted at the satisfaction of the municipality in terms of paragraph 12.7 for consideration and approval.

**(c) Operational requirements**

The following provisions shall apply during the operation of an extractive industry:

(i) The owner or operator of an extractive industry shall:

*(a)* notify the municipality of any seasonal, temporary or permanent shutdown occurrences;

*(b)* not increase drainage and water runoff to any adjacent land unit or watercourse, and

*(c)* provide adequate on-site dust control to the satisfaction of the municipality.

(ii) Haulage routes for vehicles and equipment travelling to and from the site shall be subject to the approval of the municipality;

(iii) The municipality may impose such other conditions and land use provisions, as it deems necessary.

**4.4.2 Filming**

The primary use right for filming does however not allow filming without the relevant permit that must be obtained in terms of Swartland Municipality Filming By-Law for individual filming activities on the relevant property. The primary use right within this zone relate to all shoot types as defined in the Schedule contained in the Filming By-Law. The provision of a filming permit will be governed by the regulations as contained in the Filming By-Law.

## CHAPTER 5: COMMUNITY ZONES

**General Policy Statement:**

*The following general policies shall apply in the community zones except where the policy and principles are subordinate to an approved spatial development framework or spatial development plan:*

- *Community zones are designed to accommodate a range of social uses directed at serving local community needs such as educational, religious and health facilities. Provision is also made for higher order facilities that serve the broader community;*

(ii) Enige aansoek om 'n grondeenheid na nywerheidsone 4 te hersoneer, moet 'n verduideliking van die maatreëls wat geïmplementeer moet word om veiligheids- en omgewingsaangeleenthede aan te spreek, bevat, insluitend die volgende sonder om daartoe beperk te wees:

*(aa)* beheer oor dreinering, sedimentasie en erosie;

*(bb)* bewaring van natuurlike plantegroei en wildlewehabitatte;

*(cc)* beskerming van oppervlak- en suboppervlak-water;

*(dd)* bewaring van bo-grond;

*(ee)* voorsiening vir die herstel en hergebruik van die terrein;

*(ff)* voorsiening vir klank- en visuele buffers;

*(gg)* akkommodasie van swaar verkeer en voertuie op paaie, en

*(hh)* voorsiening vir 'n gefaseerde program van ondernemings en verantwoordelikhede na gelang van die rehabilitasie vereistes;

(iii) Met die oorweging van 'n aansoek om nywerheidsaktiwiteite in hierdie sone te bedryf, moet daar spesiale aandag gegee word aan die potensiële steurnis of risiko wat die betrokke aktiwiteit vir die omliggende gebied, persone of gemeenskap mag inhou.

**(b) Terreinontwikkelingsplan**

'n Terreinontwikkelingsplan moet in terme van paragraaf 12.7 vir oorweging en goedkeuring aan die munisipaliteit voorgelê word.

**(c) Operasionele vereistes**

Die volgende bepalings sal op die bedryf van 'n ontginningsnywerheid van toepassing wees:

(i) Die eienaar of operateur van 'n ontginningsnywerheid moet:

*(a)* die munisipaliteit in kennis stel van enige seisonale, tydelike of permanente afsluitingsgebeure;

*(b)* nie dreinering of waterafloop na enige aanliggende grondeenheid of na enige waterweg, verhoog nie, en

*(c)* voldoende op-perseel-stofbeheer tot die bevrediging van die munisipaliteit voorsien;

(ii) Vervoerroetes vir voertuie en toerusting wat na en van die terrein beweeg, is onderhewig aan die goedkeuring van die munisipaliteit;

(iii) Die munisipaliteit mag na goeddunke enige ander voorwaardes en ontwikkelingsbestuurbepalings oplê.

**4.4.2 Verfilming**

Die primêre gebruiksreg vir verfilming laat egter nie verfilming op die eiendom toe sonder die nodige permit wat ingevolge Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Verfilming vir individuele verfilmingsaktiwiteite benodig word nie. Die primêre gebruiksreg binne hierdie sone het betrekking op alle verfilmingstipes soos omskryf in die Skedule vervat in die Verordening insake Verfilming. Die uitreik van 'n filmpermit sal gereguleer word ingevolge die Verordening insake Verfilming.

## HOOFSTUK 5: GEMEENSKAPSONES

**Algemene Beleidstelling:**

*Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees in die gemeenskapsones behalwe waar die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ruimtelike ontwikkelingsplan:*

- *Gemeenskapsones is ontwerp om 'n reeks van sosiale gebruike te akkommodeer, soos opvoeding, godsdiens en gesondheidsfasiliteite wat daarop gemik is om in die plaaslike gemeenskap se behoeftes te voorsien. Voorsiening word ook gemaak vir hoërorde-fasiliteite wat die breër gemeenskap dien;*

- *The diversity of development requirements for community uses is recognized and land use provisions, including the use of site development plans, are directed at mitigating negative impacts on surrounding areas;*
- *Nevertheless community buildings constitute important social and urban design focal points, and prominent architectural forms should be encouraged.*

**COMMUNITY ZONE 1: Education (CZ1)**

**Colour notation:** Light blue

***Objective:***

*The objective of this zone is to provide for the entire spectrum of educational facilities, together with controlled provision for other reconcilable community uses.*

**5.1 Use of land:**

The following use restrictions apply to land in this zone:

**(a)** **Primary use**: place of education.

**(b)** **Consent uses**: conference facility, place of assembly, place of worship, institution, transmission tower, rooftop base station.

**(c)** **Additional use rights:** A land unit in this zone may occasionally be used for social functions and filming provided:

(i) the social functions are incidental and related to the activities permitted in this zone,

(ii) the social functions do not, in the municipality's opinion, generate excessive or prolonged disturbance such as noise; and

(iii) filming on the property is subject to paragraph 5.1.2.

**5.1.1 Land use provisions:**

The following land use provisions apply:

**(a)** **Floor factor**

The floor factor may not exceed 1.0.

**(b)** **Coverage**

The maximum coverage is 60%.

**(c)** **Height**

No building may exceed a height of 3 storeys.

**(d)** **Street building line**

The street building line is 10m.

**(e)** **Side and rear building line**

The side and rear building lines are 5m.

**(f)** **Parking and access**

One parking bay per class room shall be provided together with one bus parking bay per 20 learners. One parking bay per 4 seats applicable for other uses.

**(g)** **Site development plan**

The municipality may require a site development plan to be submitted in terms of paragraph 12.7 for consideration and approval, provided that the municipality may require amendments to the site development plan to address reasonable concerns relating to access, parking, architectural form, urban design, landscaping, engineering services or similar matters.

**5.1.2 Filming**

The additional use right for filming does however not allow filming without the relevant permit that must be obtained in terms of Swartland Municipality Filming By-Law for individual filming activities on the relevant property. The additional use right within this zone relate to all shoot types as defined in the Schedule contained in the Filming By-Law. The provision of a filming permit will be governed by the regulations as contained in the Filming By-Law.

- *Die diversiteit van ontwikkelingsvereistes ten opsigte van gemeenskapsgebruike word erken en grondgebruikbepalings, insluitend die gebruik van terreinontwikkelingsplanne, word aangewend om negatiewe impakte op omliggende gebiede te versag;*
- *Nogtans is gemeenskapsgeboue belangrike sosiale en stedelike ontwerp fokuspunte, en dus moet prominente argitektoniese elemente aangemoedig word.*

**GEMEENSKAPSONE 1: Opvoeding (CZ1)**

**Kleurnotasie:** Ligblou

***Doel:***

*Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir die hele spektrum van opvoedkundige fasiliteite, tesame met beheerde voorsiening vir ander versoenbare gemeenskapsgebruike.*

**5.1 Gebruik van grond**

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

**(a)** **Primêre gebruik:** plek van onderrig.

**(b)** **Vergunningsgebruike:**konferensiefasilteit, plek van samekoms, plek van aanbidding, inrigting, transmissietoring, dak-basisstasie.

**(c)** **Addisionele gebruiksregte:** 'n Grondeenheid in hierdie sone mag by geleentheid gebruik word vir sosiale funksies en verfilming, met dien verstande dat:

(i) sulke funksies verbandhoudend is en betrekking het op die toelaatbare aktiwiteite in hierdie sone;

(ii) sulke funksies nie, na die munisipaliteit se mening, oordadige of langdurige steurnis soos geraas, tot gevolg het nie; en

(iii) verfilming op die eindom is onderworpe aan paragraaf 5.1.2.

**5.1.1 Grondgebruikbepalings**

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

**(a)** **Vloerfaktor**

Die vloerfaktor mag nie 1.0 oorskry nie.

**(b)** **Dekking**

Die maksimum dekking is 60%.

**(c)** **Hoogte**

Geen gebou mag 'n hoogte van 3 verdiepings oorskry nie.

**(d)** **Straatboulyn**

Die straatboulyn is 10m.

**(e)** **Sy- en agterboulyne**

Die sy- en agterboulyne is 5m.

**(f)** **Parkering en toegang**

1 Parkeerplek per klaskamer moet voorsien word tesame met 1 busparkeerplek per 20 leerders.

**(g)** **Terreinontwikkelingsplan**

Die munisipaliteit mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan tot bevrediging van die munisipaliteit, in terme van 12.7 vir oorweging en goedkeuring ingedien word, met dien verstande dat die munisipaliteit aanpassings aan die terrreinontwikkelingsplan mag vereis om redelike kwelpunte met betrekking tot toegang, parkering, argitektoniese vorm, stedelike ontwerp, landskapering, ingeneursdienste of soortgelyke aangeleenthede aan te spreek.

**5.1.2 Verfilming**

Die addisionele gebruiksreg vir verfilming laat egter nie verfilming op die eiendom toe sonder die nodige permit wat ingevolge Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Verfilming vir individuele verfilmingsaktiwiteite benodig word nie. Die addisionele gebruiksreg binne hierdie sone het betrekking op alle verfilmingstipes soos omskryf in die Skedule vervat in die Verordening insake Verfilming. Die uitreik van 'n filmpermit sal gereguleer word ingevolge die Verordening insake Verfilming.

**COMMUNITY ZONE 2: Worship (CZ2)**

**Colour notation:** Grey with black cross.

***Objective:***

*The objective of this zone is to provide for places where communities can congregate and worship according to the custom of their specific faith or religion.*

**5.2 Use of land:**

The following use restrictions apply to land in this zone:

**(a)** **Primary uses**: place of worship, religious leader's residence, rooftop base station.

**(b)** **Consent uses**: place of assembly, place of education, cemetery, wall of remembrance, institution, transmission tower.

**(c)** **Additional use rights:** A land unit in this zone may occasionally be used for social functions and filming provided that:

(i) the social functions are incidental and related to the activities permitted in this zone;

(ii) the social functions do not, in the municipality's opinion, generate excessive or prolonged disturbance such as noise; and

(iii) filming on the property is subject to paragraph 5.2.2.

**5.2.1 Land use provisions:**

The following land use provisions apply:

**(a) Floor factor**

The floor factor may not exceed 1.0.

**(b) Coverage**

The maximum coverage is 60%.

**(c) Height**

No building may exceed a height of 2 storeys, except for a bell tower, steeple, minaret or similar architectural feature designed to accentuate the significance of the building as a place of worship.

**(d) Street building line**

The street building line is 10m.

**(e) Side and rear building lines**

The side and rear building lines are 5m.

**(f) Parking and access**

One parking bay per 4 seats shall be provided.

**(g) Site development plan**

The municipality may require a site development plan to be submitted to its satisfaction in terms of paragraph 12.7 for consideration and approval, provided that the municipality may require amendments to the site development plan to address reasonable concerns relating to access, parking, architectural form, urban design, landscaping, engineering services or similar matters.

**5.2.2 Filming**

The additional use right for filming does however not allow filming without the relevant permit that must be obtained in terms of Swartland Municipality Filming By-Law for individual filming activities on the relevant property. The additional use right within this zone relate to all shoot types as defined in the Schedule contained in the Filming By-Law. The provision of a filming permit will be governed by the regulations as contained in the Filming By-Law.

The primary right of the community use must be maintained with filming to be done in association with the primary use.

**GEMEENSKAPSONE 2: Aanbidding (CZ2)**

**Kleurnotasie:** Grys met swart kruis.

***Doel:***

*Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir standplase waar gemeenskappe volgens die gebruike van hul spesifieke geloof of godsdiens kan vergader en aanbid.*

**5.2 Gebruik van grond**

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

**(a)** **Primêre gebruike:** plek van aanbidding, godsdienstige leier se woning, dak-basisstasie.

**(b)** **Vergunningsgebruike:** plek van samekoms, plek van onderrig, begraafplaas, muur van herrinnering, inrigting, transmissietoring.

**(c)** **Addisionele gebruik:** 'n grondeenheid in hierdie sone mag per geleentheid gebruik word vir sosiale funksies en verfilming, met dien verstande dat:

(i) sulke funksies verbandhoudend is en betrekking het op die toelaatbare aktiwiteite in hierdie sone;

(ii) sulke funksies nie, na die munisipaliteit se mening, oordadige of langdurige versteuring soos geraas, tot gevolg het nie; en

(iii) verfilming op die eiendom is onderwope aan paragraaf 5.2.2

**5.2.1 Grondgebruikbepalings**

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

**(a) Vloerfaktor**

Die vloerfaktor mag nie 1.0 oorskry nie.

**(b) Dekking**

Die maksimum dekking is 60%.

**(c) Hoogte**

Geen gebou mag 'n hoogte van 2 verdiepings oorskry nie, behalwe vir 'n kloktoring, toringspits, minaret of soortgelyke argitektoniese eienskap wat ontwerp is om die betekenisvolheid van die gebou as 'n plek van aanbidding te beklemtoon.

**(d) Straatboulyn**

Die straatboulyn is 10m.

**(e) Sy- en agterboulyne**

Die sy- en agterboulyne is 5m.

**(f) Parkering en toegang**

1 Parkeerplek per 4 sitplekke moet voorsien word.

**(g) Terreinontwikkelingsplan**

Die munisipaliteit mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan, tot bevrediging van die munisipaliteit, in terme van 12.7 vir oorweging en goedkeuring ingedien word, met dien verstande dat die munisipaliteit aanpassings aan die terrreinontwikkelingsplan mag vereis om redelike kwelpunte met betrekking tot toegang, parkering, argitektoniese vorm, stedelike ontwerp, landskapering, ingeneursdienste of soortgelyke aangeleenthede aan te spreek.

**5.2.2 Verfilming**

Die addisionele gebruiksreg vir verfilming laat egter nie verfilming op die eiendom toe sonder die nodige permit wat ingevolge Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Verfilming vir individuele verfilmingsaktiwiteite benodig word nie. Die addisionele gebruiksreg binne hierdie sone het betrekking op alle verfilmingstipes soos omskryf in die Skedule vervat in die Verordening insake Verfilming. Die uitreik van 'n filmpermit sal gereguleer word ingevolge die Verordening insake Verfilming.

## COMMUNITY ZONE 3: Institution (CZ3)

**Colour notation:** Grey with black hatching.

***Objective:***

*The objective of this zone is to provide health facilities that are located conveniently in relation to the local and general community, but will restrict negative impact on adjoining areas.*

**5.3 Use of land:**

The following use restrictions apply to land in this zone:

**(a) Primary uses:** institution.

**(b) Consent uses:** place of assembly, place of education, transmission tower, rooftop base station.

**(c) Additional use right**: filming on the property subject to paragraph 5.3.2

**5.3.1 Land use provisions:**

The following land use provisions apply:

**(a) Floor factor**

The floor factor may not exceed 1.0.

**(b) Coverage**

The maximum coverage is 60%.

**(c) Height**

No building may exceed a total height of 21m.

**(d) Street building line**

The street building line is 10m.

**(e) Side and rear building lines**

The side and rear building lines are 5m.

**(f) Parking and access**

1 parking bay per bed shall be provided.

**(g) Site development plan**

The municipality may require a site development plan to be submitted to its satisfaction in terms of paragraph 12.7 for consideration and approval, provided that the municipality may require amendments to the site development plan to address reasonable concerns relating to access, parking, architectural form, urban design, landscaping, engineering services or similar matters.

**5.3.2 Filming**

The additional use right for filming does however not allow filming without the relevant permit that must be obtained in terms of Swartland Municipality Filming By-Law for individual filming activities on the relevant property. The additional use right within this zone relate to all shoot types as defined in the Schedule contained in the Filming By-Law. The provision of a filming permit will be governed by the regulations as contained in the Filming By-Law.

## GEMEENSKAPSONE 3: Inrigting (CZ3)

**Kleurnotasie:** Grys met swart skuinslyn arsering.

***Doel:***

*Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir gesondheidsfasiliteite, wat toepaslik geleë is met betrekking tot die plaaslike en algemene gemeenskap maar die negatiewe gevolge vir aanliggende gebiede sal beperk.*

**5.3 Gebruik van grond**

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

**(a) Primêre gebruike:** inrigting.

**(b) Vergunningsgebruike:** plek van samekoms, plek van onderrig, transmissietoring, dak-basisstasie.

**(c) Addisionele gebruiksreg:** verfilming op die eiendom word toegelaat onderworpe aan paragraaf 5.3.2

**5.3.1 Grondgebruikbepalings**

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

**(a) Vloerfaktor**

Die vloerfaktor mag nie 1.0 oorskry nie.

**(b) Dekking**

Die maksimum dekking is 60%.

**(c) Hoogte**

Geen gebou mag 'n hoogte van 21m oorskry nie.

**(d) Straatboulyn**

Die straat boulyn is 10m.

**(e) Sy- en agterboulyne**

Die sy en agterboulyne is 5m.

**(f) Parkering en toegang**

1 Parkeerplek per bed moet voorsien word.

**(g) Terreinontwikkelingsplan**

Die munisipaliteit mag vereis dat 'n terreinontwikkelingsplan tot bevrediging van die munisipaliteit, in terme van 12.7 vir oorweging en goedkeuring ingedien word, met dien verstande dat die munisipaliteit aanpassings aan die terrreinontwikkelingsplan mag vereis om redelike kwelpunte met betrekking tot toegang, parkering, argitektoniese vorm, stedelike ontwerp, landskapering, ingeneursdienste of soortgelyke aangeleenthede aan te spreek.

**5.3.2 Verfilming**

Die addisionele gebruiksreg vir verfilming laat egter nie verfilming op die eiendom toe sonder die nodige permit wat ingevolge Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Verfilming vir individuele verfilmingsaktiwiteite benodig word nie. Die addisionele gebruiksreg binne hierdie sone het betrekking op alle verfilmingstipes soos omskryf in die Skedule vervat in die Verordening insake Verfilming. Die uitreik van 'n filmpermit sal gereguleer word ingevolge die Verordening insake Verfilming.

## CHAPTER 6: AUTHORITY ZONE

**General Policy Statement:**

*The following general policies and principles shall apply in the authority zone unless these policies and principles are superseded by an approved spatial development framework or a spatial development plan:*

- *Government sites, whether national, provincial or municipal, shall be zoned according to their use, not ownership;*
- *Notwithstanding the above, government activities which cannot be classified into other zones, should be included in this zone;*

## HOOFSTUK 6: OWERHEIDSONE

**Algemene Beleidstelling:**

*Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees in die owerheidsone behalwe waar die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ruimtelike ontwikkelingsplan:*

- *Staatseiendomme, hetsy nasionaal, provinsiaal of munisipaal, moet volgens hul gebruik en nie volgens eienaarskap nie, gesoneer te word;*
- *Desnieteenstaande bostaande, moet staatsaktiwiteite wat nie in ander sones opgeneem kan word nie, in hierdie sone ingesluit word;*

- *Certain government or parastatal activities, such as prisons and military bases, may have impacts on adjacent areas that cannot be prevented but should be mitigated.*

**AUTHORITY ZONE 1: Government (AU)**

**Colour notation:** Red.

***Objective:***

*The objective of this zone is to provide for land for uses normally undertaken by central, provincial and municipal government agencies, and which do not fall into another zoning category.*

**6.1 Use of land:**

The following use restrictions apply to land in this zone:

**(a)** **Primary use:** authority usage, transmission tower, rooftop base station, filming

**(b)** **Consent uses:** any use determined by the municipality.

**6.1.1 Land use provisions:**

The following land use provisions apply:

*(a)* No structure shall be erected nor land used in this zone, unless it is considered by the municipality to be consistent with ''authority usage'', or a use associated with authority usage;

*(b)* The municipality shall determine the land use provisions applicable to land units in this zone.

**6.1.2 Filming**

The primary use right for filming does however not allow filming without the relevant permit that must be obtained in terms of Swartland Municipality Filming By-Law for individual filming activities on the relevant property. The primary use right within this zone relate to all shoot types as defined in the Schedule contained in the Filming By-Law. The provision of a filming permit will be governed by the regulations as contained in the Filming By-Law.

**CHAPTER 7: TRANSPORT ZONES**

**General Policy Statement:**

*The following general policies shall apply to the transport zones:*

- *Transport zones are designed to facilitate efficient operation of the various transport systems. There is a close relationship between transportation and development, and appropriate development can help to promote public transport. Provision is made for controlled mixed use development in certain transport zones, provided that the operation of the transport system is not compromised;*
- *Ideally, transport systems run along defined corridors, and there are opportunities for air rights and underground rights, whereby appropriate development can be constructed at a different level to the transport system without the operation of the system being compromised.*

**TRANSPORT ZONE 1: Transport Usage (TZ1)**

**Colour notation:** Light brown with black hatching.

***Objective:***

*The objective of this zone is to reserve land for transportation systems, excluding private roads and public streets, but including all other transport undertakings serving the community, such as airports, airfields, heliports, harbours, railway lines, bus depots, taxi ranks, cable car stations, and modal interchanges*.

- *Sekere staats- of semi-staatsaktiwiteite, soos plekke van veilige bewaring en militêre basisse, mag onvermydelike negatiewe impakte op aanliggende gebiede hê, en sodanige impakte moet versag word.*

**OWERHEIDSONE: Staat (AU)**

**Kleurnotasie:** Rooi.

***Doel:***

*Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir grondgebruike wat normaalweg deur sentrale, provinsiale en munisipale regeringsinstellings onderneem word, en wat nie in ander soneringskategorieë val nie.*

**6.1 Gebruik van grond**

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

**(a)** **Primêre gebruik:** owerheidsgebruik, transmissietoring, dakbasisstasie, verfilming.

**(b)** **Vergunningsgebruike:** enige gebruik soos deur die munisipaliteit bepaal.

**6.1.1 Grondgebruikbepalings**

Die volgende grondgebruikbepalings sal van toepassing wees:

*(a)* Geen struktuur mag in hierdie sone opgerig word of grond gebruik word nie, tensy die munisipaliteit dit ag versoenbaar te wees met ''owerheidsgebruik'', of 'n gebruik geassosieer met 'n owerheidsgebruik;

*(b)* Die munisipaliteit sal die ontwikkelingsbestuurbepalings soos van toepassing op grondeenhede in hierdie sone, bepaal.

**6.1.2 Verfilming**

Die primêre gebruiksreg vir verfilming laat egter nie verfilming op die eiendom toe sonder die nodige permit wat ingevolge Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Verfilming vir individuele verfilmingsaktiwiteite benodig word nie. Die primêre gebruiksreg binne hierdie sone het betrekking op alle verfilmingstipes soos omskryf in die Skedule vervat in die Verordening insake Verfilming. Die uitreik van 'n filmpermit sal gereguleer word ingevolge die Verordening insake Verfilming.

**HOOFSTUK 7: VERVOERSONES**

**Algemene Beleidstelling:**

*Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees in die vervoersones, behalwe waar die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ruimtelike ontwikkelingsplan:*

- *Vervoersones word ontwerp om die effektiewe funksionering van die onderskeie vervoerstelsels te fasiliteer. Daar is 'n nou verband tussen vervoer en ontwikkeling, en gepaste ontwikkeling kan bydra tot die bevordering van openbare vervoer. Voorsiening word vir beheerde gemengdegebruik-ontwikkeling in sekere vervoersones gemaak, met dien verstande dat die bedryf van die vervoerstelsel nie beïnvloed sal word nie;*
- *Ideaalgesproke strek vervoerstelsels langs gedefinieerde korridors, en daar is geleenthede vir lugregte asook ondergrondse regte, waardeur toepaslike ontwikkeling op 'n vlak verskillend tot die vervoerstelsel daargestel kan word sonder om die bedryf van die stelsel te beïnvloed.*

**VERVOERSONE 1: Vervoergebruik (TZ1)**

**Kleurnotasie:** Ligbruin met swart skuinslyn arsering.

***Doel:***

*Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir grondgebruike vir vervoerstelsels, uitgesluit paaie en openbare strate, maar ingesluit alle ander vervoerondernemings wat die gemeenskap bedien, soos lughawens, vliegvelde, helikopterlandingsareas, hawens, spoorlyne, busdepots, taxistaanplekke, kabelkarstasies en modale wisselaars.*

**7.1 Use of land:**

The following use restrictions apply to land in this zone:

**(a) Primary uses:** transport usage, public parking, transmission tower, rooftop base station, filming

**(b) Consent uses:** shop, offices, hotel, restaurant, bottle store, warehouse, industry, service trade, service station, place of assembly, place of entertainment, institution.

**7.1.1 Land use provisions:**

The following land use provisions apply:

**(a) Floor factor**

The floor factor shall not exceed 2.0.

**(b) Coverage**

The maximum coverage is 80%.

**(c) Height**

The municipality may determine a height restriction for specific land units in this zone.

**(d) Building lines**

(i) The street building line is zero, except where the street boundary abuts a declared road, in which case a 5m street building line may be required;

(ii) The side and rear building lines are nil, except where the boundary abuts a zone which is not a transport zone, in which case the side and rear building lines are 3m.

**(e) Parking and access**

Parking and access shall be provided on the land unit as required by the municipality.

**(f) Air rights and underground rights**

The municipality may grant permission for air or underground rights above or below land in this zone, provided that:

(i) The municipality is satisfied that the structural components, clearance and operational characteristics are sufficient to ensure safe and efficient operation of the transport usage, and

(ii) an agreement defining the extent of rights, ownership and maintenance obligations relating to such building or premises, is concluded between the parties concerned and is approved by the municipality.

**7.1.2 Filming**

The primary use right for filming does however not allow filming without the relevant permit that must be obtained in terms of Swartland Municipality Filming By-Law for individual filming activities on the relevant property. The primary use right within this zone relate to all shoot types as defined in the Schedule contained in the Filming By-Law. The provision of a filming permit will be governed by the regulations as contained in the Filming By-Law.

**TRANSPORT ZONE 2: Roads (TZ2)**

**Colour notation:** Light brown.

***Objective:***

*The objective of this zone is to provide for public streets and private roads, whether constructed or still to be constructed.*

**7.2 Use of land:**

The following use restrictions apply to land in this zone:

**(a) Primary uses:** public street, private road, public parking, private parking, filming

**(b) Consent uses:** any other uses determined by the municipality subject to the following:

**7.1 Gebruik van grond**

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

**(a) Primêre gebruike:** vervoergebruik, openbare parkering, transmissietoring, dak-basisstasie, verfilming.,

**(b) Vergunningsgebruike:** winkel, kantore, hotel, restaurant, drankwinkel, pakhuis, nywerheid, diensbedryf, diensstasie, plek van samekoms, plek van vermaak, inrigting.

**7.1.1 Grondgebruikbepalings**

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

**(a) Vloerfaktor**

Die vloerfaktor sal nie 2.0 oorskry nie.

**(b) Dekking**

Die maksimum dekking is 80%.

**(c) Hoogte**

Die munisipaliteit mag 'n hoogtebeperking vir spesifieke grondeenhede in hierdie sone bepaal.

**(d) Boulyne**

(i) Die straatboulyn is nul, behalwe waar die straatgrens aan 'n geproklameerde pad grens, in welke geval 'n 5m straatboulyn vereis mag word;

(ii) Die sy- en agtergrensboulyne is nul, behalwe waar vervoersone 1 aan 'n sone grens wat nie 'n vervoersone is nie, in welke geval die sy- en agtergrensboulyne 3m is.

**(e) Parkering en toegang**

Parkering en toegang, soos deur die munisipaliteit vereis, moet op die grondeenheid voorsien word.

**(f) Lugregte en ondergrondse regte**

Die munisipaliteit mag toestemming vir lug- of ondergrondse regte bo of onder die grond, wat vir vervoergebruik gesoneer is, toestaan, met dien verstande dat:

(i) die munisipaliteit tevrede is dat strukturele komponente, vry ruimte en operasionele eienskappe genoegsaam is om die veilige en effektiewe bedryf van die vervoergebruik, te verseker, en

(ii) 'n ooreenkoms wat die omvang van regte, eienaarskap en verantwoordelikheid vir onderhoud met betrekking tot sodanige gebou of perseel omskryf, tussen die betrokke partye gesluit word en deur die munisipaliteit goedgekeur word.

**7.1.2 Verfilming**

Die primêre gebruiksreg vir verfilming laat egter nie verfilming op die eiendom toe sonder die nodige permit wat ingevolge Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Verfilming vir individuele verfilmingsaktiwiteite benodig word nie. Die primêre gebruiksreg binne hierdie sone het betrekking op alle verfilmingstipes soos omskryf in die Skedule vervat in die Verordening insake Verfilming. Die uitreik van 'n filmpermit sal gereguleer word ingevolge die Verordening insake Verfilming.

**VERVOERSONE 2: Paaie (TZ2)**

**Kleurnotasie:** Ligbruin.

***Doel:***

*Die doel met hierdie sone is om vir openbare strate en privaat paaie, hetsy bestaande of toekomstig, voorsiening te maak.*

**7.2 Gebruik van grond**

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

**(a) Primêre gebruike:** openbare straat, privaat pad, openbare parkering, privaat parkering, verfilming.

**(b) Vergunningsgebruike:** enige ander gebruike soos deur die munisipaliteit bepaal, met dien verstande dat:

(i) such uses do not, in the municipality's opinion, compromise the movement of vehicles or pedestrians in the vicinity;

(ii) such land should be rezoned if the use constitutes a significant and permanent change from the primary use, and if this Development Management Scheme provide a more suitable alternative zone, and

(iii) any public street, or any portion of land indicated as a public street on an approved plan that has not lapsed, shall be deemed to be zoned as Transport Zone 2: roads.

**7.2.1 Land use provisions:**

The following land use provisions apply:

**(a) Street hawkers**

Use of the road reserve in a public street for business by street vendors, peddlers or hawkers, is permitted subject to compliance with any applicable municipality By-Laws relating to street vendors, peddlers or hawkers.

**(b) Construction and deposit of materials**

No person shall:

(i) construct a private crossing, bridge or culvert onto or across a public street;

(ii) construct or lay a sidewalk on a public street;

(iii) construct a veranda, a stoep, a wall, steps or any other projection in or over a public street, or

(iv) deposit or leave any goods, articles, building materials or waste in a public street other than for a reasonable period during loading, off-loading or removal thereof.

**(c) Air rights and underground rights**

The municipality may grant permission for air or underground rights above or below land zoned for transport usage as consent uses, provided that:

(i) the municipality is satisfied that structural components, clearance and operational characteristics are sufficient to ensure safe and efficient operation of the transport usage, and

(ii) an agreement defining the extent of rights, ownership and maintenance obligations relating to such building or premises is concluded between the parties concerned and is approved by the municipality.

**(d) Proposed public street, street widening and street closure**

Any reference on the zoning map to proposed public streets, proposed street widening or proposed street closure shall be subject to paragraph 12.8.

**7.2.2 Filming**

The primary use right for filming does however not allow filming without the relevant permit that must be obtained in terms of Swartland Municipality Filming By-Law for individual filming activities on the relevant property. The primary use right within this zone relate to all shoot types as defined in the Schedule contained in the Filming By-Law. The provision of a filming permit will be governed by the regulations as contained in the Filming By-Law.

**TRANSPORT ZONE 3: Parking (TZ3)**

**Colour notation:** Light brown with black letter P.

***Objective:***

*The objective of this zone is to provide for parking of operable motor vehicles on a temporary basis in order to meet a parking demand, with or without a fee. Such parking may be provided in buildings as well as open parking lots and may be privately or publicly owned.*

(i) sodanige gebruik nie, na die mening van die munisipaliteit, die beweging van voertuie of voetgangers in die omgewing, benadeel nie;

(ii) sodanige grond hersoneer moet word indien die gebruik 'n betekenisvolle en permanente verandering van die primêre gebruik meebring, en hierdie soneringskema vir 'n meer geskikte alternatiewe sone, voorsiening maak, en

(iii) enige openbare straat, of enige grondgedeelte wat as 'n openbare straat op 'n goedgekeurde plan wat nog nie verval het nie, aangedui word, geag sal word as Vervoersone 2: paaie, gesoneer te wees.

**7.2.1 Grondgebruikbepalings**

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

**(a) Straatsmouse**

Die bedryf van die besigheid van 'n straatsmous, venter of straatverkoper binne die padreserwe van 'n openbare straat word toegelaat onderworpe aan nakoming van toepaslike verordeninge van die munisipaliteit met betrekking tot straatsmouse, venters en straatverkopers.

**(b) Konstruksie en aflaai van materiale**

Geen persoon mag:

(i) 'n privaat oorgang, brug of duikweg op of onderdeur 'n openbare straat bou nie;

(ii) 'n sypaadjie op 'n openbare straat bou of uitlê nie;

(iii) 'n afdak, 'n stoep, 'n muur, trappe of enige ander uitstek in of oor 'n openbare straat bou nie, of

(iv) enige goedere, artikels, boumateriale of afval in 'n openbare straat aflaai of laat nie, behalwe vir 'n redelike tyd gedurende die laai, aflaai of verwydering daarvan.

**(c) Lugregte en ondergrondse regte**

Die munisipaliteit mag toestemming vir lug- of ondergrondse regte bo- of onder grond wat vir vervoergebruik gesoneer is, as vergunningsgebruike toestaan, met dien verstande dat:

(i) die munisipaliteit tevrede is dat strukturele komponente, vry ruimte en operasionele eienskappe genoegsaam is om die veilige en effektiewe bedryf van die vervoergebruik, te verseker, en

(ii) 'n ooreenkoms wat die omvang van regte, eienaarskap en verantwoordelikheid vir onderhoud met betrekking tot sodanige gebou of perseel, omskryf, tussen die betrokke partye gesluit word en deur die munisipaliteit goedgekeur word.

**(d) Voorgestelde openbare straat, straatverbreding en straatsluiting**

Enige verwysing op die soneringskaart na voorgestelde openbare strate, voorgestelde straatverbreding of voorgestelde straatsluitings, is onderworpe aan 12.8.

**7.2.2 Verfilming**

Die primêre gebruiksreg vir verfilming laat egter nie verfilming op die eiendom toe sonder die nodige permit wat ingevolge Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Verfilming vir individuele verfilmingsaktiwiteite benodig word nie. Die primêre gebruiksreg binne hierdie sone het betrekking op alle verfilmingstipes soos omskryf in die Skedule vervat in die Verordening insake Verfilming. Die uitreik van 'n filmpermit sal gereguleer word ingevolge die Verordening insake Verfilming.

**VERVOERSONE 3: Parkering (TZ3)**

**Kleurnotasie:** Ligbruin met swart letter P.

***Doel:***

*Die doel met hierdie sone is om, ten einde aan 'n parkeerbehoefte te voldoen, voorsiening te maak vir parkering van motorvoertuie wat in bedryf is, teen betaling al dan nie. Sodanige parkering mag in geboue sowel as oop parkeergebiede, voorsien word en mag in private of openbare besit wees.*

**7.3 Use of land:**

The following use restrictions apply to land in this zone:

**(a) Primary uses:** public parking, private parking, transmission tower, rooftop base station, filming

**(b) Consent uses:** shop, business premises, service station.

**7.3.1 Land use provisions:**

The municipality shall determine the land use provisions applicable to land units in this zone, in accordance with the objective of this zone.

**7.3.2 Filming**

The primary use right for filming does however not allow filming without the relevant permit that must be obtained in terms of Swartland Municipality Filming By-Law for individual filming activities on the relevant property. The primary use right within this zone relate to all shoot types as defined in the Schedule contained in the Filming By-Law. The provision of a filming permit will be governed by the regulations as contained in the Filming By-Law.

## CHAPTER 8: CONSERVATION AND OPEN SPACE ZONES

**General Policy Statement:**

*The following general policies and principles shall apply in conservation and open space zones unless these policies and principles are superseded by an approved spatial development framework or spatial development plan:*

- *Provision is made for different types of open space, depending on the different functions of those open spaces. Public open space has a particularly important status because of its contribution to the general public interest and the difficulty of replacing public open space once lost. For these reasons, public open space needs to be differentiated from private open space, and the status of public open space should not be changed without very careful consideration;*
- *Certain open spaces have special significance as nature areas, whether public or private, and need to be clearly identified in terms of the zoning map. These areas may also be subject to other requirements in terms of environmental legislation regarding their use;*
- *Cemeteries have sometimes been included in the public open space zone, but they have a different function and characteristics, and should rather be zoned separately. A zone is created for this purpose in this Development Management Scheme.*

## OPEN SPACE ZONE 1: Public open space (OS1)

**Colour notation:** Dark green.

***Objective:***

*The objective of this zone is to provide for active and passive recreational areas on public land, in order to promote recreation, enhance the aesthetic appearance of an area, maintain fauna and flora and protect areas of undeveloped landscapes, including forest areas, hills, swamps and the coast line.*

**8.1 Use of land:**

The following use restrictions apply to land in this zone:

**(a) Primary uses:** public open space, conservation usage, transmission tower, rooftop base station, filming.

**(b) Consent uses:** cemetery, wall of remembrance, camping site, boat launching facility, racing track.

**8.1.1 Land use provisions:**

The municipality shall determine the land use provisions applicable to land units in this zone, in accordance with the objective of this zone.

**7.3 Gebruik van grond**

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

**(a) Primêre gebruike:** openbare parkering, privaat parkering, transmissietoring, dak-basisstasie, verfilming

**(b) Vergunningsgebruike:** winkel, sakeperseel, diensstasie.

**7.3.1 Grondgebruikbepalings**

Die munisipaliteit sal die grondgebruikbepalings soos van toepassing op 'n grondeenheid in hierdie sone, bepaal.

**7.3.2 Verfilming**

Die primêre gebruiksreg vir verfilming laat egter nie verfilming op die eiendom toe sonder die nodige permit wat ingevolge Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Verfilming vir individuele verfilmingsaktiwiteite benodig word nie. Die primêre gebruiksreg binne hierdie sone het betrekking op alle verfilmingstipes soos omskryf in die Skedule vervat in die Verordening insake Verfilming. Die uitreik van 'n filmpermit sal gereguleer word ingevolge die Verordening insake Verfilming.

## HOOFSTUK 8: NATUUR- EN OOPRUIMTESONES

**Algemene Beleidstelling:**

*Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees in die natuur- en oopruimtesones behalwe waar die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ruimtelike ontwikkelingsplan:*

- *Voorsiening word vir verskillende tipes oopruimte gemaak, gebaseer op die verskillende funksies van sodanige oopruimtes. Openbare oopruimte het 'n besonder belangrike status as gevolg van die bydrae daarvan tot die algemene openbare belang en die probleem om openbare oopruimte wat tot niet gegaan het, te vervang. Om hierdie redes moet openbare oopruimte onderskei word van privaat oopruimte, en die status van openbare oopruimte moenie sonder versigtige oorweging verander word nie;*
- *Sekere oopruimtes het spesiale aansien as natuurgebiede, hetsy openbaar of privaat, en behoort duidelik geïdentifiseer te word in terme van die soneringskaart. Hierdie gebiede mag ook aan ander vereistes onderworpe wees in terme van omgewingswetgewing rakende hul gebruik;*
- *Begraafplase word somtyds in die openbare oopruimte sone ingesluit, maar behoort eerder afsonderlik gesoneer te word omdat dit verskillende funksies en karaktereienskappe het. 'n Sone vir hierdie doel is in 8.4 geskep.*

## OOPRUIMTE SONE 1: Openbare oopruimte (OS1)

**Kleurnotasie:** Donkergroen.

***Doel:***

*Die doel met hierdie sone is om vir aktiewe en passiewe ontspanningsgebiede op openbare grond voorsiening te maak, met die oogmerk om ontspanning te bevorder, die estetiese voorkoms van 'n gebied te verbeter, fauna en flora te onderhou en gebiede van onontwikkelde landskappe, insluitend woudgebiede, rûens, vleilande en die kuslyn, te beskerm.*

**8.1 Gebruik van grond**

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

**(a) Primêre gebruike:** openbare oopruimte, bewaringsgebruik, transmissietoring, dak-basisstasie, verfilming.

**(b) Vergunningsgebruike:** begraafplaas, muur van herinnering, kampeerterrein, bootlanseerfasiliteit, renbaan.

**8.1.1 Grondgebruikbepalings**

Die munisipaliteit moet die grondgebruikbepalings, soos op grondeenhede in hierdie sone van toepassing en in ooreenstemming met die doel van hierdie sone, bepaal.

**8.1.2 Filming**

The primary use right for filming does however not allow filming without the relevant permit that must be obtained in terms of Swartland Municipality Filming By-Law for individual filming activities on the relevant property. The primary use right within this zone relate to all shoot types as defined in the Schedule contained in the Filming By-Law. The provision of a filming permit will be governed by the regulations as contained in the Filming By-Law.

**OPEN SPACE ZONE 2: Private Open Space (OS2)**

**Colour notation:** Light green.

***Objective:***

*The objective of this zone is to provide for active and passive recreational areas on private land, in order to promote recreation, enhance the aesthetic appearance of an area, maintain fauna and flora and protect areas of undeveloped landscapes, including forest areas, hills, wetlands and the coast line.*

**8.2 Use of land:**

The following use restrictions apply to land in this zone:

**(a) Primary uses:** private open space, conservation usage, transmission tower, rooftop base station, filming

**(b) Consent uses:** cemetery, wall of remembrance, camping site, 4x4 route, boat launching facility, racing track.

**8.2.1 Land use provisions:**

The municipality shall determine the land use provisions applicable to land units in this zone and in accordance with the objective of this zone.

**8.2.2 Filming**

The primary use right for filming does however not allow filming without the relevant permit that must be obtained in terms of Swartland Municipality Filming By-Law for individual filming activities on the relevant property. The primary use right within this zone relate to all shoot types as defined in the Schedule contained in the Filming By-Law. The provision of a filming permit will be governed by the regulations as contained in the Filming By-Law.

**OPEN SPACE ZONE 3: Nature reserve (OS3)**

**Colour notation:** Light green with black hatching.

***Objective:***

*The objective of Open Space Zone 3: nature reserve is to provide for nature reserves owned publicly or privately, which have been proclaimed as such in terms of any law.*

**8.3 Use of land:**

The following use restrictions apply to land in this zone:

**(a) Primary uses:** nature reserve, conservation usage, filming.

**(b) Consent uses:** tourist facility, holiday accommodation, 4x4 route, transmission tower, rooftop base station, boat launching facility.

**8.3.1 Land use provisions:**

The following land use provisions apply:

**(a)** An environmental management plan shall be prepared at the satisfaction of the municipality, and

**(b)** The municipality shall determine the land use provisions for the land unit, based on the aims of this zone and the circumstances of the land, and in accordance with an approved environmental management plan.

**8.1.2 Verfilming**

Die primêre gebruiksreg vir verfilming laat egter nie verfilming op die eiendom toe sonder die nodige permit wat ingevolge Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Verfilming vir individuele verfilmingsaktiwiteite benodig word nie. Die primêre gebruiksreg binne hierdie sone het betrekking op alle verfilmingstipes soos omskryf in die Skedule vervat in die Verordening insake Verfilming. Die uitreik van 'n filmpermit sal gereguleer word ingevolge die Verordening insake Verfilming.

**OOPRUIMTE SONE 2: Privaat Oopruimte (OS2)**

**Kleurnotasie:** Liggroen.

***Doel:***

*Die doel met hierdie sone is om vir aktiewe en passiewe ontspanningsgebiede op privaat grond voorsiening te maak, met die oogmerk om ontspanning te bevorder, die estetiese voorkoms van 'n gebied te verbeter, flora en fauna te onderhou en gebiede van onontwikkelde landskappe, insluitend woudgebiede, rûens, vleilande en die kuslyn, te beskerm.*

**8.2 Gebruik van grond**

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

**(a) Primêre gebruike:** privaat oopruimte, bewaringsgebruik, transmissietoring, dak-basisstasie, verfilming.

**(b) Vergunningsgebruike:** begraafplaas, muur van herinnering, kampeerterrein, 4x4 roete, bootlanseerfasiliteit, renbaan.

**8.2.1 Grondgebruikbepalings**

Die munisipaliteit moet die grondgebruikbepalings, soos op grondeenhede in hierdie sone van toepassing en in ooreenstemming met die doel van hierdie sone, bepaal.

(iii) Die munisipaliteit mag addisionele parkering- en laaivereistes oplê om voorsiening te maak vir die operasionele vereistes van 'n spesifieke landbounywerheid.

**(e) Hoogte**

Die munisipaliteit mag 'n hoogtebeperking na gelang van die operasionele vereistes van 'n spesifieke landbounywerheid, bepaal.

**10.2.3 Terreinontwikkelingsplan**

Die munisipaliteit mag 'n terreinontwikkelingplan, tot bevrediging van die munisipaliteit, en in navolging van 12.7 vir oorweging en goedkeuring, vir alle nuwe ontwikkeling en uitbreidings van bestaande ontwikkeling in hierdie sone, vereis. By die hersonering van grond tot Landbousone 2 kan die munisipaliteit enige spesiale voorwaardes ten opsigte van toegelate gebruike, parkeer- en laaivereistes, toegang, omheining of estetiek voorskryf sodat die gebruik die minimum moontlike invloed op die omgewing sal hê.

**10.2.4 Verfilming**

Die primêre gebruiksreg vir verfilming laat egter nie verfilming op die eiendom toe sonder die nodige permit wat ingevolge Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Verfilming vir individuele verfilmingsaktiwiteite benodig word nie. Die primêre gebruiksreg binne hierdie sone het betrekking op alle verfilmingstipes soos omskryf in die Skedule vervat in die Verordening insake Verfilming. Die uitreik van 'n filmpermit sal gereguleer word ingevolge die Verordening insake Verfilming.

**LANDBOUSONE 3: Kleinhoewes (AZ3)**

**Kleurnotasie:** Groen met dik geel skuinslyn arsering.

***Doel:***

*Die doel met hierdie sone is om kleiner landbou-grondeenhede, wat vir landbou aangewend mag word maar ook as woonplekke geokkupeer mag word deur mense wat 'n landelike leefstyl wil navolg, te akkommodeer. Sulke grondeenhede kom dikwels naby stede en dorpe voor en mag binne of buite die erkende stadsrand voorkom.*

**10.3 Gebruik van grond:**

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

**(a) Primêre gebruik:** landbou, verfilming

**(b) Vergunningsgebruike:** addisionele wooneenheid, bed-en-ontbyt bedryf, gastehuis, herberg, toeristefasiliteit, dagsorgsentrum, plek van onderrig, vertoonsentrum, ryskool, kwekery, intensiewe vee-

intensive stock farming, horticulture, commercial pet kennel, composting, food processing, home occupation, farm shop, transmission tower, rooftop base station.

**10.3.1 Land use provisions**

The following land use provisions apply:

**(a) Building lines**

The building lines are 10m in respect of all boundaries.

**(b) Parking**

Parking and access shall be provided on the land unit in accordance with paragraph 13.1.

**(c) Height**

(i) The height of a dwelling may not exceed 8m, measured parallel from the grade line to the wall plate, in all cases, and 10,5m measured from the grade line to the highest point of the roof in the case of pitched roofs;

(ii) The general provisions relating to earth walls, retaining structures, support structures and similar constructions in this By-Law shall apply.

**10.3.2 Minimum subdivision size**

No land unit zoned Agriculture zone 3 shall have an extent of:

(i) less than 2ha, if no minimum subdivision size is specified on the zoning map, or

(ii) less than the specified minimum size if the zoning map specifies a minimum subdivision size for a land unit in this zone.

**10.3.3 Site development plan**

The municipality may require that a site development plan for a consent use be submitted to its satisfaction in terms of paragraph 12.7 for consideration and approval.

**10.3.4 Filming**

The primary use right for filming does however not allow filming without the relevant permit that must be obtained in terms of Swartland Municipality Filming By-Law for individual filming activities on the relevant property. The primary use right within this zone relate to all shoot types as defined in the Schedule contained in the Filming By-Law. The provision of a filming permit will be governed by the regulations as contained in the Filming By-Law.

## CHAPTER 11: ALTERNATIVE ZONES

**General Policy Statement:**

*The following general policies and principles shall apply to land in the alternative zones, except where the policies and principles are superseded by an approved spatial development framework or spatial development plan:*

- *This chapter deals with three zones, named Undetermined, Special and Subdivisional Area. The Undetermined Zone enables the municipality to defer a decision regarding a specific land use and land use provisions until the circumstances affecting the land unit, have been properly investigated, or until the owner of the land makes an application for rezoning or a zoning determination is made by the municipality;*
- *The Special Zone provides the municipality with a mechanism whereby special or site-specific directives, land use parameters and design parameters may be established for a land unit or area. The Special Zone can be applied by the stipulation of these special measures in an annexure to this Development Management Scheme, or in terms of an approved site development plan;*
- *In applying the Special Zone, the municipality must bear in mind the objectives of this Development Management Scheme and of any applicable integrated development plan. The technique can be used to generate appropriate responses to local or site-specific issues, but should be used responsibly;*

boerdery, tuinbou, kommersiële troeteldierhokke, kompostering, voedselprosessering, tuisberoep, plaaswinkel, transmissietoring, dak-basisstasie.

**10.3.1 Grondgebruikbepalings:**

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

**(a) Boulyne**

Die boulyne is 10m ten opsigte van alle grense.

**(b) Parkering**

Parkering en toegange moet op die grondeenheid in ooreenstemming met 13.1, voorsien word.

**(c) Hoogte**

(i) Die hoogte van 'n woonhuis mag nie 8m oorkry nie, gemeet parallelvanaf die gradiëntlyn tot die muurplaat, in alle gevalle, en 10,5m gemeet parallel vanaf die gradiëntlyn tot die hoogste punt van die dak in die geval van spitsdakke.

(ii) Die algemene bepalings met betrekking tot grondwalle, keerstrukture, steunstrukture en soortgelyke konstruksies van hierdie verordening is, is van toepassling.

**10.3.2 Minimum onderverdeling-oppervlakte**

Geen grondeenheid gesoneer as Landbousone 3, mag:

(i) kleiner as 2ha wees indien geen onderverdelingsgrootte op die soneringskaart gespesifiseer word nie, of

(ii) kleiner as die minimum grootte wees nie, indien 'n minimum onderverdelingsgrootte vir 'n grondeenheid in hierdie sone deur die soneringskaart gespesifiseer word.

**10.3.3 Terreinontwikkelingsplan**

Die munisipaliteit mag vereis dat 'n terreinontwikkelingplan ten opsigte van 'n vergunningsgebruik, in terme van 12.7 tot bevrediging van die munisipaliteit vir oorweging en goedkeuring ingedien word.

**10.3.4 Verfilming**

Die primêre gebruiksreg vir verfilming laat egter nie verfilming op die eiendom toe sonder die nodige permit wat ingevolge Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Verfilming vir individuele verfilmingsaktiwiteite benodig word nie. Die primêre gebruiksreg binne hierdie sone het betrekking op alle verfilmingstipes soos omskryf in die Skedule vervat in die Verordening insake Verfilming. Die uitreik van 'n filmpermit sal gereguleer word ingevolge die Verordening insake Verfilming.

## HOOFSTUK 11: ALTERNATIEWE SONES

**Algemene Beleidstelling**

*Die volgende algemene beleid en beginsels sal van toepassing wees op grond in die alternatiewe sones behalwe waar die beleid en beginsels ondergeskik is aan 'n goedgekeurde ruimtelike ontwikkelingsraamwerk of ruimtelike ontwikkelingsplan:*

- *Hierdie hoofstuk handel oor drie sones, genoem Onbepaald, Spesiaal en Onderverdelingsgebied. Die Onbepaalde Sone stel die munisipaliteit in staat om 'n besluit rakende 'n spesifieke grondgebruik en ontwikkelingsbestuurbepalings uit te stel totdat die omstandighede wat die grondeenheid affekteer, noukeurig ondersoek is, of totdat die eienaar van die grond 'n aansoek vir hersonering rig of 'n soneringsbepaling deur die munisipaliteit gemaak word;*
- *Die Spesiale Sone voorsien die munisipaliteit van 'n meganisme waarvolgens spesiale of terreinspesifieke direktiewe, grondgebruikbepalings en ontwerpbepalings vir 'n grondeenheid of gebied gevestig kan word. Die Spesiale Sone kan toegepas word deur die opneem van hierdie spesiale maatreëls in 'n bylae tot hierdie soneringskema, of in terme van 'n goedgekeurde terreinontwikkelingsplan;*
- *Met toepassing van die Spesiale Sone, moet die munisipaliteit die doelwitte van hierdie soneringskema en van enige tersaaklike geïntegreerde ontwikkelingsplan in gedagte hou. Die tegniek kan gebruik word om toepaslike voorstelle met betrekking tot plaaslike of terreinspesifieke vraagpunte te genereer, maar behoort verantwoordelik gebruik te word;*

- *The Subdivisional Area Zone provides the municipality with a mechanism where special or unique factors justify the use of different zonings within a specific site without creating a new zone in this Development Management Scheme.*

## UNDETERMINED ZONE: (UZ)

**Colour notation:** Dark brown.

***Objective:***

*The objective of this zone is to enable the municipality to defer a decision regarding a specific land use and land use provisions until the circumstances affecting the land unit have been properly investigated, or until the owner of the land makes an application for rezoning, or a zoning determination is made by the municipality.*

**11.1 Use of land:**

The following use restrictions apply to land in this zone:

**(a) Primary uses:** none.

**(b) Consent uses:** none.

**11.1.1 Land use provisions**

New development shall not be permitted on any land in this zone, unless the land is rezoned to a zone which permits such new development, either as a token zoning or the entire land unit.

## SPECIAL ZONE (SZ)

**Colour notation:** White with light blue outline.

***Objective:***

*The objective of this zone is to provide for circumstances where special or unique factors justify the creation of a new zone on the zoning map for specific land without justifying the creation of a new zone in this Development Management Scheme. In addition, an opportunity is provided for the introduction of collaborative planning techniques into the development process, whereby a negotiated settlement between the municipality and the applicant is possible in the interest of sustainable development. The mechanism provides for unforeseen or special circumstances where it is not possible or expedient to accommodate the use or activity in an existing use zone, and it allows for innovative design, architectural styles, building forms and site relationships. As one of the key aims of the Development Management Scheme is to provide clarity and consistency, special zones should be used sparingly.*

**11.2 Use of land**

The following use restrictions apply to land in this zone:

**(a) Primary use:** special usage.

*(b)* **Consent uses:** any use determined by the municipality, transmission tower, rooftop base station.

**11.2.1 Alternative methods of development management**

*(a)* The municipality may, at its discretion, employ one of the following methods of development management in this zone:

(i) Special land use provisions may be determined by the municipality and described as a separate special zone in an annexure to this Development Management Scheme. This method is known as the *special zone annexure;*

(ii) The land use provisions may also be determined by the municipality by means of a site development plan. This method is known as the *special zone site development plan;*

(iii) The municipality may combine both the special zone annexure method and the special zone site development plan method.

- *Die Onderverdelingsgebied Sone voorsien die munisipaliteit van 'n meganisme waar spesiale of unieke faktore die gebruik van verskillende sonerings vir 'n spesifieke terrein regverdig, sonder dat 'n nuwe sone in hierdie Soneringskema geskep word.*

## ONBEPAALDE SONE: (UZ)

**Kleurnotasie:** Donkerbruin.

***Doel:***

*Die doel met hierdie sone is om die munisipaliteit in staat te stel om 'n besluit rakende 'n spesifieke grondgebruik en grondgebruikbepalings uit te stel totdat die omstandighede wat die grondeenheid raak, noukeurig ondersoek is, of totdat die eienaar van die grond 'n aansoek vir hersonering rig of 'n soneringsbepaling deur die munisipaliteit gedoen word.*

**11.1 Gebruik van grond**

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

**(a) Primêre gebruike:** geen.

**(b) Vergunningsgebruike:** geen.

**11.1.1 Grondgebruikbepalings**

Geen nuwe ontwikkeling sal op enige grondgedeelte in hierdie sone toegelaat word nie, tensy die grond na 'n sone wat sulke nuwe ontwikkeling toelaat, hersoneer word, hetsy as 'n teikensone of die hele grondeenheid.

## SPESIALE SONE: (SZ)

**Kleurnotasie:** Wit met ligblou omboorsel.

***Doel:***

*Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir omstandighede waar spesiale of unieke faktore die skep van 'n nuwe sone op die soneringskaart vir spesifieke grond regverdig, sonder dat dit die skep van 'n nuwe sone in hierdie soneringskema noodsaak. Daarby skep dié sonering 'n geleentheid om interaksie-georiënteerde beplanningstegnieke waarvolgens 'n onderhandelde ooreenkoms tussen die munisipaliteit en die aansoeker in belang van volhoubare ontwikkeling moontlik is, in die ontwikkelingsproses in te bring. Dit maak voorsiening vir onvoorsiene of spesiale omstandighede waar dit nie moontlik of wenslik is om die gebruik of aktiwiteit in 'n bestaande gebruiksone te akkommodeer nie, en dit laat ruimte vir innoverende ontwerp, argitektoniese style, gebouvorme en terrein-verhoudings. Aangesien dit 'n kern-doelwit van die Regulasies is om duidelikheid en konsekwentheid te verskaf, moet spesiale sones met omsigtigheid gebruik word.*

**11.2 Gebruik van grond**

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

**(a) Primêre gebruik:** spesiale gebruik.

**(b) Vergunningsgebruike:** enige gebruik soos deur die munisipaliteit gespesifiseer.

**11.2.1 Alternatiewe metodes van ontwikkelingsbestuur**

*(a)* Die munisipaliteit mag, ooreenkomstig sy diskresie, een van die volgende metodes van ontwikkelingsbestuur in hierdie sone aanwend:

(i) Spesiale ontwikkelingsbestuurbepalings mag deur die munisipaliteit bepaal word en as 'n aparte spesiale sone beskryf word in 'n bylae tot hierdie soneringskema. Hierdie metode staan bekend as die *spesiale sone bylae;*

(ii) Die ontwikkelingsbestuurbepalings mag ook deur die munisipaliteit bepaal word deur middel van 'n terreinontwikkelingsplan. Hierdie metode staan bekend as die *spesiale sone terreinontwikkelingsplan;*

(iii) Die munisipaliteit mag beide die spesiale sone bylae metode en die spesiale sone terreinontwikkelingsplan metode kombineer;

*(b)* The special zone annexure mechanism is suitable for land where:

(i) the land use provisions can be clearly determined, but the development proposals require some flexibility; or

(ii) the size of the proposed development, number of land units or range of uses is such that the proposed development, in the opinion of the municipality, could not readily be categorized into an existing zoning, and special zoning would be the most appropriate option.

*(c)* The special zone site development plan mechanism is suitable for sites where:

(i) the land use proposals are reasonably fixed and only limited flexibility is required; or

(ii) the size of the proposed development, number of land units or range of uses is such that the municipality considers this method to be the most appropriate for development management.

**11.2.2 Land use provisions**

The following land use provisions apply:

**(a) General**

(i) If special and unique factors justify the creation of special land use provisions for land without the creation of a major new zone in this Development Management Scheme being justified, such land may be zoned as a special zone;

(ii) When considering the rezoning of land to this zone, the municipality shall determine land use provisions in accordance with the procedures stipulated in *(b)* or *(c)* below;

(iii) Any rezoning to a special zone will be deemed to be a Development Management Scheme amendment, unless the proposed parameters of a particular rezoning already exist with regard to another special zone governed by these regulations that has already been approved.

**(b) Special zone annexure**

(i) When the municipality employs the special zone annexure method of development management, it shall identify the area concerned on the zoning map by way of a separate number, and shall stipulate the land use provisions for that area as a separate special zone in an annexure to this Development Management Scheme;

(ii) Each special zone, where the management provisions differ from those of another special zone, shall be given a separate number, and each number with the accompanying land use provisions, shall be described as a separate special zone in the annexure to this Development Management Scheme;

**(c) Special zone development plan**

(i) Where the municipality employs the site development plan method of development management, it shall require a site development plan to be submitted in terms of paragraph 12.7;

(ii) The reference number of a site development plan approved by the municipality shall be recorded in the register.

**SUBDIVISIONAL AREA: (SUB)**

**Colour notation:** White with red outline.

***Objective:***

*The objective of this zone, is to provide for circumstances where special or unique factors justifies the creation of a subdivisional area, where interactive orientated planning techniques whereby a negotiated agreement between the municipality and the applicant in the interest of sustainable development is possible, be brought into the development process. This leaves space for innovative design, architectural styles, building forms and site scales. Future subdivision and development rights are granted subject to conditions including the submission of a detailed subdivision application. This zone confirms only the principle*

*(b)* Die spesiale sone bylae is geskik vir grond waar:

(i) die ontwikkelingsbestuurbepalings duidelik bepaal kan word, maar die ontwikkelingsvoorstelle 'n mate van buigsaamheid vereis, en

(ii) die grootte van die voorgestelde ontwikkeling, aantal grondeenhede of reeks van gebruike sodanig is dat die munisipaliteit hierdie metode as die mees geskikste vir die ontwikkeling, beskou.

*(c)* Die spesiale sone terreinontwikkelingsplan is geskik vir persele waar:

(i) die grondgebruikbepalings duidelik vasgestel kan word maar die ontwikkelingsvoorstelle buigsaamheid vereis, en

(ii) die grootte van die voorgestelde ontwikkeling, aantal grondeenhede of reeks van gebruike sodanig is dat, na die munisipaliteit se mening, die voorgestelde ontwikkeling nie geredelik onder 'n bestaande sonering gekategoriseer kan word nie, en spesiale sonering die mees geskikste opsie is.

**11.2.2 Grondgebruikbepalings**

Die volgende grondgebruikbepalings is van toepassing:

**(a) Algemeen**

(i) Indien spesiale faktore die skep van spesiale grondgebruikbepalings vir grond regverdig, sonder dat die skep van 'n nuwe sone in hierdie soneringskema geregverdig is, mag sulke grond as spesiale sone gesoneer word;

(ii) Wanneer die hersonering van 'n grondeenheid na hierdie sone deur die munisipaliteit goedgekeur of aanbeveel word, moet die munisipaliteit grondgebruikbepalings in ooreenstemming met die prosedure soos in (b) en (c) hieronder uiteengesit, bepaal;

(iii) Enige hersonering na spesiale sone sal geag word 'n soneringskema wysiging te wees, behalwe as die voorgestelde voorskrifte van 'n spesifieke hersonering alreeds bestaan met betrekking tot 'n ander spesiale sone soos gereguleer deur hierdie soneringskema wat reeds goedgekeur is.

**(b) Spesiale sone bylaes**

(i) Indien die munisipaliteit die spesiale sone bylae metode van ontwikkelingsbestuur aanwend, moet die betrokke gebied op die soneringskaart geïdentifiseer word deur middel van 'n aparte nommer, en moet die grondgebruikbepalings vir daardie gebied as 'n aparte spesiale sone in 'n bylae tot hierdie soneringskema ingevoeg word;

(ii) Elke spesiale sone, waar die ontwikkelingsbestuurbepalings van dié van 'n ander spesiale sone verskil, moet van 'n aparte nommer voorsien word, en elke nommer met die gepaardgaande ontwikkelingsbestuurbepalings moet as 'n aparte spesiale sone in die bylae tot hierdie soneringskema, omskryf word;

**(c) Spesiale sone terreinontwikkelingsplan**

(i) Waar die munisipaliteit die terreinontwikkelingsplan metode van ontwikkelingsbestuur aanwend, sal die voorlê van 'n terreinontwikkelingsplan, in terme van 12.7 vereis word;

(ii) Die verwysingsnommer van 'n terreinontwikkelingsplan soos deur die munisipaliteit goedgekeur, moet in die register aangeteken word.

**ONDERVERDELINGSGEBIED: (SUB)**

**Kleurnotasie:** Wit met rooi omboorsel.

***Doel:***

*Die doel met hierdie sone is om voorsiening te maak vir omstandighede waar spesiale of unieke faktore die skep van 'n onderverdelingsgebied regverdig en waar interaksie-georiënteerde beplanningstegnieke, waarvolgens 'n onderhandelde ooreenkoms tussen die munisipaliteit en die aansoeker in belang van volhoubare ontwikkeling moontlik is, in die ontwikkelings- proses ingebring kan word. Dit laat ruimte vir innoverende ontwerp, argitektoniese style, gebouvorme en terrein- verhoudings. Toekomstige onderverdeling en ontwikkelingsregte word toegestaan onderworpe aan voorwaardes wat 'n detail onderverdelingsaansoek insluit. Hierdie sone bevestig slegs die beginsel van*

*of subdivision, not the detail which will be determined when an actual application for subdivision is approved.*

**11.3 Use of land**

The following use restrictions apply to land in this zone:

**(a) Primary uses:** all zonings as depicted in these regulations.

**(b) Consent uses:** as applicable to the various zoning categories.

**11.3.1 Alternative methods of development management**

The municipality may according to its discretion apply one of the following methods of development management in this zone:

(i) Special development management provisions may be determined by municipality and described as a separate special zone in an annexure to these regulations. This method is known as a special zone annexure;

(ii) The development management provisions may also be determined by municipality by means of a site development plan. This method is known as the special zone site development plan;

(iii) The zoning of the land unit as Subdivisional Area, shall not exempt an owner from compliance with the provisions of relevant planning laws that govern the subdivision of land;

(iv) The density requirement and other conditions that are laid down at the time of approval of the rezoning to Subdivisional Area shall apply;

(v) Such conditions may include, but are not limited to, requirements for a development framework, environmental management plans, traffic impact assessments, landscape master plans, precinct plans or site development plans;

(vi) At the confirmation of a subdivision for land that has been zoned as Subdivisional Area, the zoning parameters approved by the municipality as part of the subdivision approval shall be deemed to be a substitution scheme.

## CHAPTER 12: General provisions applicable to all zones

**12.1 Earth banks and retaining structures**

Unless prior approval of the municipality has been obtained—

*(a)* no earth bank, retaining structure, column, suspended floor, other device or series of such devices may be constructed that enables the ground floor of a building to be raised more than 1 metre above natural ground level, provided that where the raising takes place, the height must still be measured from natural ground level, excluding infill for a driveway;

*(b)* no earth bank or retaining structure used for holding back earth or loose rock, whether associated with a building or not, may be constructed to a height of more than 2 metres above natural ground level; and

*(c)* no series of earth banks or retaining structures may be constructed to a cumulative height of more than 2,5 metres above natural ground level, unless an approximately level area of at least 2 metres wide is incorporated between successive embankments or retaining structures for every 2 metres of cumulative height.

**12.2 BUILDING LINES**

**12.2.1 Encroachment of building lines**

The following additional land use provisions apply in the case of encroachment on building lines:

*(a)* Notwithstanding the building line regulations set out in elsewhere, the following structures or portions of structures may be erected within the prescribed building lines:

(i) boundary walls, fences and gates;

*onderverdeling en nie die detail wat bepaal word met die goedkeuring van 'n onderverdelingsaansoek.*

**11.3 Gebruik van grond**

Die volgende gebruiksbeperkings is op grond in hierdie sone van toepassing:

**(a) Primêre gebruik:** alle sonerings soos in hierdie soneringskema vervat.

**(b) Vergunningsgebruike:** soos van toepassing op die onderskeie soneringskategorieë.

**11.3.1 Alternatiewe metodes van ontwikkelingsbestuur**

Die munisipaliteit mag, ooreenkomstig sy diskresie, een van die volgende metodes van ontwikkelingsbestuur in hierdie sone aanwend:

(i) Spesiale ontwikkelingsbestuurbepalings mag deur die munisipaliteit bepaal word en as 'n aparte spesiale sone beskryf word in 'n bylae tot hierdie soneringskema. Hierdie metode staan bekend as die *spesiale sone bylae;*

(ii) Die ontwikkelingsbestuurbepalings mag ook deur die munisipaliteit bepaal word deur middel van 'n terreinontwikkelingsplan. Hierdie metode staan bekend as die *spesiale sone terreinontwikkelingsplan;*

(iii) Die sonering van die grondeenheid as 'n Onderverdelingsgebied sal die eienaar nie vrystel van die voldoening aan die voorskrifte van relevante beplanningswetgewing wat die onderverdeling van grond beheer;

(iv) Die digtheidsvereistes en ander voorwaardes soos opgelê met die goedkeuring van die hersonering na Onderverdelingsgebied sal van toepassing wees;

(v) Sulke voorwaardes mag insluit, maar is nie beperk daartoe nie, vereistes vir 'n ontwikkelingsraamwerk, omgewings bestuursplanne, verkeersimpak bepalings, landskapering meesterplanne, buurtplanne of terrein ontwikkelingsplanne;

(vi) Met die bekragtiging van die onderverdeling van grond wat as 'n Onderverdelingsgebied gesoneer is, sal die voorwaardes soos deur die munisipaliteit goedgekeur as deel van die onderverdelingsgoedkeuring geag word as 'n vervangingskema.

## HOOFSTUK 12: Algemene bepalings soos op alle sones van toepassing

**12.1 Grondwalle en keermure**

Tensy voorafgoedkeuring deur die munisipaliteit verleen is—

*(a)* mag geen grondwal, keermuur, kolom, hangvloer, ander konstruksie/meganisme of 'n reeks van sodanige konstruksies/maganisme gebou word sodat die grondvloer van 'n gebou nie meer as 1 meter bokant die natuurlike grondvlak gelig word nie, met dien verstande waar sodanige verhoging wel plaasvind, die hoogte steeds vanaf die natuurlike grondvlak gemeet word, uitgesonderd opvulling van 'n oprit;

*(b)* mag geen grondwal of keermuur wat gebruik word om grond of los rotse terug te hou, hoër as 2 meter bo die natuurlike grondvlak gebou word nie, ongeag of dit verband hou met 'n gebou; en

*(c)* mag geen reeks van grondwalle of keermure met 'n kumulatiewe hoogte van 2,5 meter bo die natuurlike grondvlak gebou word nie, tensy 'n ongeveer gelyke area van ten minste 2 meter wyd gelaat word tussen opeenvolgende walle of keermure vir elke 2 meter kumulatiewe hoogte.

**12.2 BOULYNE**

**12.2.1 Oorskryding van boulyne**

Die volgende bykomende grondgebruikbepalings geld met betrekking tot oorskryding van boulyne:

*(a)* Nieteenstaande die boulynregulasies soos elders uiteengesit, mag die volgende strukture of gedeeltes van strukture binne die voorgeskrewe boulyne opgerig word:

(i) grensmure, heinings en hekke;

(ii) open and uncovered stoeps that are less than 0,5m in height from the natural ground level;

(iii) entrance steps, landings and entrance porches, excluding porte cochères;

(iv) roof overhang not protruding more than 0,75m form the wall of the building;

(v) a covered entrance or gatehouse that has a roofed area not exceeding $5m^2$ and a roof height not exceeding 3m from the floor to the highest point;

(vi) eaves and awnings projecting no more than 1m from the wall of a building;

(vii) cornices, chimney breasts, flower boxes, water pipes, drain pipes and minor decorative features not projecting more than 0,5m from the wall of a building;

(viii) screen-walls not exceeding 2,1m in height above the natural ground level abutting such wall;

(ix) water storage tanks that do not exceed 2,1m in height;

(x) swimming pools not closer than 1m from any boundary;

(xi) a basement, provided that no part of such a basement projects above natural ground level; and

(xii) a refuse room required by the Municipality in terms of this By-Law.

*(b)* The municipality may permit the erection of an outbuilding or second dwelling unit which encroaches onto the side or rear building line.

*(c)* When an outbuilding, second dwelling unit or building is permitted within a side or rear building line, the following conditions shall apply:

(i) no building shall exceed a height of 1 storey;

(ii) no door or window shall be permitted in any wall which is closer than 1m to the side or rear boundary concerned and must comply with the safety distance as specified by the National Building Regulations;

(iii) an access way, other than through a building and at least 1m wide, shall be provided from a public street to every vacant portion of the land unit concerned, other than a courtyard, and

(iv) no runoff of rainwater from the roof shall be discharged onto any adjoining land unit.

*(d)* In circumstances where there is a zero side or rear building line, the following provisions shall apply:

(i) no door or window shall be permitted in any wall which is closer than 1m to the side or rear boundary concerned and must comply with the safety distance as specified by the National Building Regulations, and

(ii) no runoff of rainwater from the roof shall discharge onto any adjoining land unit.

*(e)* The municipality may relax the street building line under the following circumstances:

(i) in the case of a garage or carport subject to 13.1.2;

(ii) if, in its opinion, the architectural effect of the building line relaxation will enhance the appearance of a public street, or

(iii) if, in its opinion, there are other special circumstances such as the topography of the site.

**12.2.2 Garages and carports within building lines**

The following additional land use provisions apply regarding garages and carports within building lines:

*(a)* The municipality may permit the erection of a garage within the street building line if, in the municipality's opinion, the garage cannot reasonably be sited at the prescribed distance due to the slope of the land unit, or for other reasons provided that the height of such garage from the finished floor level to the top of its roof shall not exceed 4m.

(ii) oop onbedekte stoepe wat hoogstens 0,5m hoog is, gemeet vanaf die natuurlike grondvlak;

(iii) ingangstrappe, trapportale (bordesse) en ingangsportale, uitgesluit "porte cochères";

(iv) dakoorhange wat nie meer as 0,75m van die muur van die gebou uitsteek nie;

(v) 'n bedekte ingang of hekhuis met'n dak area van hoogstens $5m^2$ en 'n dakhoogte van hoogstens 3m vanaf die vloer tot die hoogste punt;

(vi) dakrante en afdakke wat nie meer as 1m van die muur van die gebou oorhang nie;

(vii) kroonlyste, skoorsteen uitsette, blombakke, waterpype, dreineringspype en geringe dekoratiewe kenmerke wat nie meer as 0,5m van die muur van die gebou uitsteek nie;

(viii) skermmure van hoogsten 2,1m hoog gemeet vanaf natuurlike grondvlak;

(ix) wateropgaartenks wat nie 'n hoogte van 2,1m oorskry nie

(x) swembaddens nie nader as 1m vanaf enige grens;

(xi) 'n kelder, op voorwaarde dat geen deel daarvan bo die natuurlike grondvlak uitsteek nie; en

(xii) 'n vertrek vir berging van afval indien deur die munisipaliteit vereis.

*(b)* Die munisipaliteit mag instem tot die oprigting van 'n buitegebou of tweede wooneenheid wat binne die sy- of agtergrensboulyn oorskry.

*(c)* Wanneer 'n buitegebou, tweede wooneenheid of gebou binne 'n sy- of agtergrensboulyn toegelaat word, sal die volgende voorwaardes van toepassing wees:

(i) geen gebou mag 'n hoogte van 1 verdieping oorskry nie;

(ii) geen deur of venster mag in enige muur wat nader as 1m aan die betrokke sy- of agtergrensboulyn is, toegelaat word nie en strukture moet aan die veiligheidsafstand soos in die Nasionale Bouregulasies bepaal, voldoen;

(iii) 'n toegangsweg, ander dan deur 'n gebou en ten minste 1m wyd, moet van 'n openbare straat na elke vakante gedeelte van die betrokke grondeenheid, ander dan 'n binnehof, voorsien word, en

(iv) geen afloop van reënwater van die dak mag op enige aanliggende grondeenheid gestort word nie.

*(d)* In omstandighede waar daar 'n nul sy- of agtergrensboulyn geld, sal die volgende bepalings van toepassing wees:

(i) geen deur of venster mag in enige muur wat nader as 1m aan die betrokke sy- of agtergrensboulyn, opgerig is, toegelaat word nie en strukture moet aan die veiligheidsafstand soos deur die Nasionale Bouregulasies bepaal, voldoen, en

(ii) geen afloop van reënwater van die dak mag direk op enige aanliggende grondeenheid gestort word nie.

*(e)* Die munisipaliteit mag instem tot die verslapping van die straatboulyn onder die volgende omstandighede:

(i) in die geval van 'n motorhuis of afdak onderworpe aan 13.1.2;

(ii) indien, volgens die mening van die munisipaliteit, die argitektoniese effek van die boulynverslapping die voorkoms van 'n openbare straat sal verbeter, of

(iii) indien, na die mening van die munisipaliteit, daar ander spesiale omstandighede is, soos die topografie van die terrein.

**12.2.2 Motorhuise en motorafdakke binne boulyne**

Die volgende bykomende grondgebruikbepalings geld met betrekking tot motorhuise en motorafdakke binne boulyne:

*(a)* Die munisipaliteit mag instem tot die oprigting van 'n motorhuis in die straatboulyn indien, volgens die mening van die munisipaliteit, die motorhuis nie redelikerwys op die voorgeskrewe afstand, as gevolg van die helling van die grondeenheid, of vir ander redes, geplaas kan word nie, met dien verstande dat die hoogte van sodanige motorhuis nie 'n hoogte van 4m, van die afgewerkte vloervlak tot die punt van die dak, sal oorskry nie;

*(b)* A carport may be erected on the erf boundary provided that:

(i) the width of such carport measuring the roofing and guttering edge to edge and parallel to the street boundary, shall not exceed 6,5m;

(ii) the roof of the carport shall be supported by metal or wrought timber posts or brick, concrete or masonry pillars;

(iii) the carport shall not be enclosed on any side except by:

*(aa)* a boundary wall or fence;

*(bb)* a wall which forms an external wall to the building, or

*(cc)* another wall or fence, which does not exceed 1,25m in height;

(iv) The height of such carport from the floor to the highest point of its roof shall not exceed 3m, and

(v) The edges of the roof sheeting shall be neatly trimmed with a facia board not less than 150mm in depth.

**12.2.3 Setback**

The portions of a land unit falling within the setback area, shall be excluded for the purpose of determining coverage and the maximum floor space on the land unit.

**12.3 OUTDOOR STORAGE AND MOBILE HOMES**

**12.3.1 Outdoor storage and placement of vehicles**

The following land use provisions apply in all zones with regard to outdoor storage and placement of vehicles in the residential zones:

*(a)* Motor vehicles owned by the occupants of a dwelling unit, and used for commercial activities conducted away from the dwelling unit, may be parked on the land unit concerned, provided that:

(i) no more than one commercial vehicle per dwelling shall be parked on the land unit, and

(ii) the gross weight of any such commercial vehicle shall not exceed 10 000 kg;

*(b)* A recreation vehicle, such as a caravan, may not be used for habitation by the occupant or guests visiting the occupant of the land unit, for more than 60 days during any 12 month period;

*(c)* No area visible from a public street shall be used for the outdoor storage of inoperable vehicles;

*(d)* No area visible from a public street shall be used for the outdoor storage of building material, appliances or similar items except:

(i) when being temporarily stored for the purpose of construction in accordance with a valid building plan approval, and

(ii) in conjunction with a yard or garage sale with a duration of not more than two consecutive days.

**12.3.2 Mobile homes**

The following land use provisions shall apply regarding mobile homes:

*(a)* Mobile homes which are to be situated in a mobile home park are subject to any municipality By-Law relating to mobile homes;

*(b)* The municipality may specify categories of mobile homes that may be placed on a land unit zoned for community purposes;

*(c)* Mobile homes complying with specifications approved by the municipality in terms of *(b)* above, shall be subject to the following requirements:

(i) The mobile home shall be sited on a foundation slab and anchored to the municipality's satisfaction;

(ii) Solid perimeter skirting, of material and colour complementary to the mobile home, shall be provided from the bottom of the mobile home to the ground surface;

*(b)* 'n Motorafdak mag op die erfgrens opgerig word, met dien verstande dat:

(i) die wydte van sodanige motorafdak, gemeet van rand tot rand van die dak en geut en parallel tot die erfgrens, nie 6,5m mag oorskry nie;

(ii) die dak van die motorafdak deur yster- of houtstutte of steen-, beton- of sementpilare ondersteun word;

(iii) die motorafdak nie op enige kant toegemaak mag word nie, behalwe met:

*(aa)* 'n grensmuur of grensheining;

*(bb)* 'n muur wat 'n buitemuur van 'n gebou uitmaak, of

*(cc)* 'n ander muur of heining wat nie 1,25m in hoogte oorskry nie;

(iv) die hoogte van sodanige motorafdak van die vloer tot die hoogste punt van die afdak se dak, nie 3m sal oorskry nie, en

(v) die rande van die dakplate netjies afgerond moet word met fassiebord wat nie minder as 150mm in diepte is nie.

**12.2.3 Terugsetlyne**

Die gedeeltes van 'n grondeenheid wat binne die terugsetgebied val, moet uitgesluit word vir die doeleindes van bepaling van dekking en die maksimum vloerruimte op die grondeenheid.

**12.3 BUITENSHUISE STOOR EN MOBIELE WONINGS**

**12.3.1 Buitenshuise stoor en plasing van voertuie**

Die volgende grondgebruikbepalings is in alle sones van toepassing met betrekking tot buitenshuise stoor en plasing van voertuie in die residensiële sones:

*(a)* Motorvoertuie wat deur die okkupeerders van 'n wooneenheid besit word en vir besigheidsaktiwiteite wat weg van die wooneenheid beoefen word, gebruik word, mag op die betrokke grondeenheid geparkeer word, met dien verstande dat:

(i) nie meer as een besigheidsvoertuig per wooneenheid op daardie grondeenheid geparkeer mag word nie, en

(ii) die bruto gewig van enige sodanige besigheidsvoertuig nie 10 000 kg sal oorskry nie;

*(b)* 'n Ontspanningsvoertuig soos 'n karavaan, mag nie vir meer as 60 dae in 'n 12-maande periode vir bewoning deur die okkupeerder of gaste, wat die okkupeerder van die grondeenheid besoek, gebruik word nie;

*(c)* Geen gebied sigbaar vanaf 'n openbare straat mag vir die buitenshuise stoor van onpadwaardige voertuie, gebruik word nie;

*(d)* Geen gebied sigbaar vanaf 'n openbare straat mag vir die buitenshuise stoor van boumateriaal, toerusting of soortgelyke items gebruik word nie, behalwe:

(i) wanneer dit tydelik gestoor vir die doeleindes van konstruksie in ooreenstemming met 'n goedgekeurde bouplan, of

(ii) waar dit in verband staan met 'n werf- of garage-verkoping met 'n tydsduur van nie meer as twee opeenvolgende dae nie.

**12.3.2 Mobiele wonings**

Die volgende grondgebruikbepalings sal van toepassing wees ten opsigte van mobiele wonings:

*(a)* Mobiele wonings wat in 'n park vir mobiele wonings geplaas word, is onderworpe aan enige munisipale verordening insake mobiele wonings;

*(b)* Die munisipaliteit mag kategorieë van mobiele wonings wat op 'n grondeenheid gesoneer vir gemeenskapdoeleindes, geplaas mag word, spesifiseer;

*(c)* Mobiele wonings wat aan die spesifikasies, soos deur die munisipaliteit goedgekeur in terme van (b) hierbo, voldoen, sal onderworpe wees aan die volgende vereistes:

(i) die mobiele woning moet op 'n fondasieplatvorm geplaas en geanker word, tot bevrediging van die munisipaliteit;

(ii) soliede omranding van materiaal in 'n kleur wat die mobiele woning komplementeer, moet reg rondom, van die onderkant van die mobiele woning tot die grondvlak, aangebring word;

(iii) The roof and exterior siding of the mobile home shall be of a non-reflective material, and

(iv) Any structural additions shall be of materials which, in the opinion of the municipality, are compatible with the mobile home.

**12.4 SIGNS AND OUTDOOR ADVERTISING**

**General Policy Statement**

*Subject to the Outdoor Advertising and Signage By-Law, the following general policies and principles shall apply regarding signage and outdoor advertising:*

- *The environmental impact of outdoor advertising may be controlled and managed in order to preserve the visual quality of the landscape and townscape, and for considerations of road safety;*
- *The visual impact of outdoor advertising varies according to the type of environment, and the type of advertisement. Some areas are highly sensitive while others are not particularly sensitive and may accommodate outdoor advertising with limited negative effects;*
- *In general, natural and rural areas are highly sensitive to negative visual impacts from outdoor advertising. Urban areas may include places of high sensitivity such as heritage areas and scenic routes, places of some sensitivity such as most residential neighbourhoods, and places of lesser sensitivity such as business districts and industrial areas;*
- *The municipality may regulate outdoor advertising in a manner that differentiates between environmental quality and the sensitivity of different parts of the municipal area. The general approach should be to regulate the most sensitive areas more strictly, and less sensitive areas less strictly. The potential for outdoor advertising should be determined by linking the area of control with the landscape type and the sign type.*

***Objective***

*The objective is to provide minimum provisions for the regulation of large advertisements and signs that are visible from any public street in natural, rural and urban areas, and include all types of billboards and tower structures intended predominantly for advertising purposes. In addition, provision is made for the municipality to designate different control areas where the degree of control is matched with the sensitivity of the environment.*

**12.4.1 Application to display a new sign or alter an existing sign**

The following provisions shall apply:

*(a)* Notwithstanding the provisions of the Advertising on Roads and Ribbon Development Act, no person may display a new sign or alter an existing sign which is visible from a public street, and which is equal to or greater than 4,5$m^2$ in area, without prior written approval from the municipality;

*(b)* In granting its approval, the municipality may impose conditions relating to, but not limited to, the following:

(i) the shape, size and height of the sign;

(ii) colour and texture of the sign;

(iii) the location and orientation of the sign in relation to the road;

(iv) illumination and animation of the sign;

(v) road safety considerations;

(vi) the design and construction of the sign, and

(vii) general maintenance of the sign;

*(c)* The municipality may require that an impact assessment (as prescribed by NEMA legislation) be conducted by the applicant for any outdoor advertising sign and shall require such impact assessment regarding an application to display any billboard or sign with an area in excess of 36$m^2$. The impact assessment shall include but is not limited to:

(i) a visual impact assessment, and

(iii) die dak en buitesye van die mobiele woning moet van 'n nie-reflekterende materiaal wees, en

(iv) enige strukturele byvoegings moet van materiale wees wat, na die mening van die munisipaliteit, met die mobiele woning versoenbaar is.

**12.4 TEKENS EN BUITEREKLAME**

**Algemene beleidstelling:**

*Onderworpe aan die Verordening insake Buitereklame en Advertensie-tekens sal die volgende algemene beleid en beginsels van toepassing wees met betrekking tot advertensietekens en buitereklame;*

- *Die omgewingsimpak van buitereklame kan beheer en bestuur word om die visuele kwaliteit van die landskap en dorpskap te bewaar, en vir padveiligheidoorwegings;*
- *Die visuele impak van buitereklame verskil na gelang van die tipe omgewing en die tipe advertering. Sommige gebiede is hoogs sensitief terwyl ander nie juis besonder sensitief is nie en buitereklame met beperkte negatiewe effekte kan akkommodeer;*
- *In die algemeen is natuurlike en landelike gebiede hoogs sensitief vir negatiewe visuele impakte van buitereklame. Stedelike gebiede, wat hoofsaaklik uit die beboude omgewing bestaan, mag gebiede van hoë sensitiwiteit, soos stedelike bewaringsgebiede en uitsigroetes, gebiede met 'n mate van sensitiwiteit, soos die meeste residensiële woonbuurte, en gebiede van minder sensitiwiteit, soos sakekerne en nywerheidsgebiede, insluit;*
- *Die munisipaliteit kan buitereklame, op 'n manier wat onderskei tussen omgewingskwaliteit en die sensitiwiteit van verskillende dele van die munisipale gebied, reguleer. Die algemene benadering behoort te wees om die mees sensitiewe gebiede die strengste te reguleer en minder sensitiewe gebiede minder streng. Die potensiaal vir buitereklame behoort bepaal te word deur die gebied van beheer te koppel met die landskapstipe en die tipe advertensieteken.*

***Doel:***

*Die doel is om minimum bepalings vir die regulering van groot advertensies en tekens, wat van enige openbare straat in natuurlike, landelike en stedelike gebiede, sigbaar is, daar te stel en sluit alle tipes van advertensieborde en toringstrukture, wat hoofsaaklik vir adverteringsdoeleindes bedoel is, in. Daarby word voorsiening vir die munisipaliteit gemaak om verskillende beheergebiede waar die graad van beheer deur die sensitiwiteit van die omgewing, bepaal word, in te stel.*

**12.4.1 Aansoek om 'n nuwe teken te vertoon of 'n bestaande teken te verander**

Die volgende bepalings sal van toepassing wees:

*(a)* Nieteenstaande die bepalings van die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, mag geen persoon 'n nuwe teken vertoon of 'n bestaande teken verander, wat van 'n openbare straat sigbaar is en wat gelyk is aan of groter is as 4,5$m^2$ in oppervlakte, sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit nie;

*(b)* Met die toestaan van sy goedkeuring mag die munisipaliteit voorwaardes oplê wat verband hou met die volgende, maar nie daartoe beperk is nie:

(i) die vorm, grootte en hoogte van die teken;

(ii) kleur en tekstuur van die teken;

(iii) die ligging en oriëntasie van die teken in verhouding tot die pad;

(iv) beligting en animasie van die teken;

(v) padveiligheidoorwegings;

(vi) die ontwerp en konstruksie van die teken, en

(vii) algemene instandhouding van die teken;

*(c)* Die munisipaliteit mag versoek dat 'n omgewingsimpakanalise (soos voorgeskryf deur die NEMA wetgewing) deur die aansoeker uitgevoer word en moet so 'n impakanalise vereis met betrekking tot 'n aansoek om 'n groot advertensiebord of enige teken met 'n oppervlakte groter as 36$m^2$, te vertoon, wat die volgende kan insluit, maar nie daartoe beperk is nie:

(i) 'n visuele impakanalise, en

(ii) a traffic safety assessment;

*(d)* In granting its approval, the municipality shall limit the period for display of the sign to no longer than 5 years, after which a new application must be submitted.

**12.4.2 Declaration of areas of control**

The municipality may declare areas of control for signs and outdoor advertisements, and should be guided by the principles and guidelines contained in the South African Manual for Outdoor Advertising Control with regard to the delimitation and management of such areas.

**(a) Areas of maximum control**

(i) In areas of maximum control the municipality shall strictly regulate all outdoor advertising so that such advertising does not intrude upon, dominate or derogate in any way the character or quality of the environment;

(ii) The municipality may indicate the type of signage that is permitted, is excluded or requires further approval in areas of maximum control;

(iii) All natural and rural areas shall be deemed to be areas of maximum control;

(iv) The following urban areas are deemed to be areas of maximum control:

*(aa)* public open spaces;

*(bb)* urban conservation areas;

*(cc)* scenic drives and vistas from important view points; and

*(dd)* areas of historic or architectural significance,

provided that the responsible roads authority may, after an impact assessment, identify areas along main roads where a relaxation may be allowed, in which case these areas will be indicated as areas of partial control.

**(b) Areas of partial control**

(i) In areas of partial control the municipality shall regulate signage to achieve integration between signage and surrounding land uses, while recognising greater freedom with regard to the size, number and position of such signs;

